# HOOFSTUK III

## DIE ONTWIKKELING EN BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPS-ONDERWYS ONDER PROVINSIALE BESTUUR VAN 1910 TOT 1916

### A. HISTORIESE VERLOOP VAN UNIEWORDING EN DIE VERDEELDE ONDERWYSBEHEER

#### Inleiding

Waar ons nou in die Unie van Suid-Afrika met ŉ verdeelde beheer en beleid van die onderwys met die grootste nasionale bate in ŉ land te doen het, word dit as gerade beskou om die ontwikkelinge van die gebeurtenisse wat die huidige toestand geskep het, histories toe te lig en te benader. Dit is vanselfsprekend dat hierdie generasie die reg het om ŉ vraagteken te plaas agter die dade van die vaders wat so ŉ toestand in die wese geroep en dit so aan die nageslag nagelaat het. Ten einde die gebeurtenisse in die regte perspektief te sien en te weet dat ekonomiese voordele beoog is en nie nasionale voordele nie, word ŉ skets van die totstandkoming van die huidige toestand in die vooruitsig gestel, omdat dit so direk te doen het met die ontwikkeling van die beroepsonderwys, die beleid sowel as die beheer daarvan.

#### 1. ŉ Konstitusionele of ŉ nasionale eenheid

So pas na die verowering van die twee Republieke het daar sterk invloed[1] uitgegaan van die Kaap en Natal om die hele gebied van die Kaap tot aan die Limpopo onder die Britse kroon te verenig. Die vernaamste dryfveer vir die vereniging was finansiële voordele wat die kuskolonies kon inoes, veral waar hulle dit maar opdraande gehad het met groot skulde en tekorte. Lord Milner het die spoorweë van die noordelike Kolonies verenig onder die beheer van ŉ Spoorwegkomitee en hulle het die winste verdeel.

Ten einde aan die spoorwegtariewestryd ŉ einde te maak, het die Kaapse kabinet onder Jameson as Eerste Minister[2] by Lord Selborne, Britse Hoëkommissaris in Suid-Afrika, aangedring om die vier gebiede te ver-

---

1. Natalse Goewerneur aan Milner in 1903, en Kaapse Goewerneur aan Lord Selborne Depeche nr. 467 A. dd. 29 Nov. 1906.
2. Notule van Kabinetsvergadering, Kaapstad 28 Nov. 1906.

enig en sy invloed daarvoor te gebruik. Op sy beurt het Selborne teen ŉ konstisionele eenheid gewaarsku en betoog dat eenheid alleen deur die volk van Suid-Afrika self gevra moet word.[1] Die skrywe van die Kaapse kabinet het hy aan die Goewerneur van Natal sowel as aan die Luitenant-goewerneurs van Transvaal en die O.V.S. gestuur om hul menings te erlang. Al drie die regerings het hulle met die gedagtes van die Kaap vereenselwig en is dit as ŉ voorganger van die Spoorwegkonferensie wat te Pretoria sou plaasvind, beskou.[2]

Selborne stel ŉ memorandum[3] op en verduidelik aan die volk van Suid-Afrika dat solank as daar aparte regerings is, daar geen vastheid in politieke, ekonomiese en industriële sake kan kom nie. Hy bepleit ŉ sentrale nasionale regeringstelsel wat al die kleinlike plaaslike verskille tot niet kan maak. "Zuid-Afrika kan alleen wijselik en met goed succes geregeerd worden door een Zuid-Afrikaansche Parlement verkozen door het Zuid-Afrikaansche volk."[4]

2. <u>Onderhandelinge agter die gordyn oor die onderwys en die beheer daarvan</u>

In private briewe gewissel tussen Smuts en Merriman[5] is ŉ sterk sentrale regering uitgepluis en vooraf ooreengekom om ŉ groot mate van elastisiteit in die konstitusie te laat

> "so that the Central Parliament may gradually assume more and more of the functions which properly belong to it without being saddled with all of them from the beginning."[6]

Pres. Steyn, wat deur bemiddeling van Merriman al die dokumente i.v.m. die nuwe grondwet vir die state onder oë gehad het, het bygevoeg

---

1. Antwoord van Selborne op Depeche nr. 469 A.
2. Omskrywe van Jameson aan Selborne op 28 Nov. 1906: "In view of the conference on Railway matters to be held between the various Governments of S.A. within the next twelve months..." Depeche nr. 467 A.
3. Selborne: Overzicht van de tegenwoordige onderlinge verhoudinge in de Britsche Zuid-Afrikaansche Kolonies" (vertaal deur Goew. Drukkerij, Pretoria.
4. Antwoord van Selborne op Depeche nr. 469 A. 29 Nov. 1906 van Hele-Hutchinson,
5. J.X. Merriman-versameling Kaapse Openbare Biblioteek.
6. Ibid., nr. 158 (a) Smuts aan Merriman.

dat die twee blanke rasse op gelyke voet geplaas moet word en dat taalgelykheid daarvan n simbool moet wees. Hierdie standpunt het Hertzog ook gesteun en in Transvaal het Botha weer al die onderhandelinge via Smuts ter insae gekry.[1] Sowel Steyn as Botha het gepleit dat n sterk nasionale eenheid geskep moet word[2] en Merriman was dit daarmee eens, daarom kon hy onderwys, slegs laer onderwys, aan die lokale owerhede met min en gedelegeerde magte slegs tydelik afstaan.[3]

3. Die Nasionale Konvensie 1908 tot 1909

Op 12 Oktober 1908 vergader die afgevaardigdes van die vier Koloniale gebiede in Suid-Afrika in Durban nadat hulle orals op die reis deur groot skares toegejuig en vereer is, as blyke van instemming vir nasionale eenheid. Die volk van Suid-Afrika wou soos hulle besiel is deur die leiers en die pers nie net n "konstitusionele eenheid hê nie, maar ook n nasionale eenheid."[4] Hulle was moeg en sat vir broedertwis en tweedrag; daarom was n federale regeringstelsel vir die drie grootste kolonies onaanneemlik want dit sou die ou grense handhaaf wat die volk aan verdeeldheid en stryd laat dink. Smuts het dan ook baie duidelik en met nadruk daarop gewys dat die state in Suid-Afrika nie selfregerende state is nie, maar dat hulle broers in dieselfde staat is.[5]

Merriman se voorstel vir Unifikasie soos reeds goedgekeur deur die leiers van Transvaal en die O.V.S. is dan ook sonder verdeling deur die Konvensie aanvaar. Deels is daarin geslaag om die verdeeldheid wat n Federasie sou meegebring het, af te weer, maar Natal se aanslag was by die toekenning van regte aan Provinsiale Rade baie meer gedetermineerd

---

1. J.X. Merriman-versameling Kaapse Openbare Biblioteek nr. 222
   23 Sept. 1908. Botha aan Merriman.
2. Botha praat van n "South African Spirit" en Steyn van "uniting the two races into one strong nation."
3. Ibid., 159 Merriman aan J.C. Smuts. 29 Aug. 1908.
4. Memorandum van Selborne aan die Volk van S.A. 1 Jan. 1907, wat dadelik ingeslaan het.
5. Walton: The Inner History of the National Convention, 59.

om regte te eis, onder die dekmantel dat dit plaaslike belange is. So is die mooi gees waarin die taalvraagstuk opgelos en die gelyke regte van die twee blanke rasse verseker is, blykbaar nie by die reëling van die onderwys gehandhaaf nie.[1)]

4. Gedagtewisseling op die Konvensie oor die Provinsies en die onderwys

Die gedagte op die konvensie oor Unifikasie was dat die Provinsiale Rade buite die partypolitiek sou staan en op diè vlak die onderwys sou beheer en administreer. Soos die taalregte vir Engels en Afrikaans as grondslag vir Uniewording in ŉ gees van vertroue aanvaar is sonder een teenstem, so is verwag dat die onderwys ook nie ŉ kontensieuse saak sou word nie

> "..... yet both Natal and the Free State strongly desired that education should be controlled by the Provincial Councils, at least up to a certain point and for a certain time."[2)]

Die indruk verkry op die konvensie was dat onderwys verhewe is en dat dit in ŉ goeie gees sou behandel word en daarom is elke afgevaardigde se standpunt gestel. Al dadelik het die teenstelling duidelik geword. Merriman, Botha, Smuts, Farrar en andere sien dit as ŉ nasionale saak, terwyl sowel die Natalse as die Vrystaatse afgevaardigdes dit sien as van plaaslike aard. Al is die indruk gelaat dat Natal en die O.V.S. baie sterk vir hul onderwysstelsels gevoel het, het dit blykbaar nie die hoë doelstelling van ŉ nasionale eenheid wou verongeluk nie.

> "So fas as the Convention was concerned, however, there is no doubt that the intention of the members were excellent and that in agreeing to leave primary education in the hands of the Provincial Councils they acted as they believed in the best interest of South Africa."[3)]

Hierdie gedagte bevestig Merriman ook waar hy die Kaapse parlement oor die Zuid-Afrikawet ingelig het:

---

1. Sien brief van Hyslop aan Provinsiale Administrasiekomitee 1916, 1455.
2. Walton: The Inner History of the National Convention of S.A., 223.
3. Ibid., 224.

> "The delegates were so possessed with the idea of arriving at some solution of the difficulty that they did not insist upon driving matters to a breaking point."[1)]

Ook verklaar die Koloniale Sekretaris van Transvaal in die parlement in komiteestadium oor die Zuid-Afrikawet:

> "Lange en ernstige debatten hebben in de Konventie plaats gehad, alvorens de resultaat bereikt word. Slechts toen wij, sooals op meer dergelijke punten tot de konklusie kwamen dat de Unie geen schipbreuk mocht lijden, gaven wij toe. Het is slechts een tijdelike regeling."[2)]

Ander lede van die Transvaalse parlement het ook onder die indruk verkeer dat slegs laer onderwys aan die Provinsiale Rade toegeken is; altans dit was die interpretasie wat deur die afgevaardigdes op die Konvensie aan die ongelukkige benaming "uitgesonderd Hoër onderwys"[3)] gegee het. Esselen verwys na die toespraak van die Koloniale Sekretaris en sê:

> "De achtbare, de Koloniale Sekretaris zeide dat dit hem speet, dat het lager onderwys in de hande van dezen Raden zal berusten. Ik betreurt dit ook, ofschoon ik de reden ervan inzie."[4)]

Farrar sien die onderwys as 'n saak van die sentrale regering en hy is nie geneë om dit in die hande van Provinsiale Rade te laat nie.

> "Ik beskouw het onderwys als een zaak van nationaal belang. Zonder onderwys kunnen wy niet wedijveren met andere volken. Natal gaf er voorkeur aan, zijn eigen stelsel vyf jaren te laat werken, voordat het zich oplost in het Zuid-Afrikaansche stelsel."[5)]

Vergelyk hierteenoor die opmerking van Hyslop voor die Jaggerkommissie in 1916 waarin hy beweer dat die Natalse afvaardiging op die punt gestaan het om die konvensiesaal te verlaat as nie aan die eise vir gereserveerde magte van die Provinsiale Rade voldoen is nie.[6)] Dit moet egter

---

1. Newton. The Unification of South Africa Vol. 2, 253 - 254.
2. Debatten Eerste Parlement Transvaal: 3 April 1909.
3. Zuid-Afrika-Wet. Art. 85 (111).
4. Debatten Eerste Parlement van Transvaal: 3 April 1909, 82.
5. Ibid., 140-141.
6. Brief van Hyslop oor die Natalse Provinsiale Administrasie aan die voorsitter van die Provinsiale-Administrasie-kommissie 1916 as getuienis aangeneem. (U.G. 8/1917) bls. 1455.

goed verstaan word dat hierdie gereserveerde magte nie onderwys ingesluit het nie. Dis duidelik toegegee dat Natal net eers hul nuut ontwerpte stelsel vir die eersvolgende vyf jaar wou uittoets en so het ook die Vrystaat oor die Hertzogonderwyswet gevoel.

Voordat die Konvensie die Provinsiale Raadstelsel met al sy magte en regte afgesluit het, is onderwys breedvoerig bespreek en na aanleiding van Merriman se voorstel dat "Education, other than higher and technical education"[1] aan die Provinsiale Rade opgedra word, het die uiteenlopende gedagterigtings van die afgevaardigdes meer tot 'n sentrale punt gekom. Daar is deur Fischer van die O.V.S. aan die hand gedoen om aan

> "de Unie-parlement de macht te geven Lageronderwys te eniger tyd over te neemen mits geen verandering in bestaande wetten voor vyf jaar gemaakt zullen worden anders dan op verzoek van de Provincies."[2]

Generaal Botha het sy voorstel dat laer onderwys vir tien jaar nog by die Provinsiale Rade moet berus teruggetrek om met die Natalse afgevaardigdes te onderhandel. Hy was veral bang dat die onderwys in die provinsies sektaries van aard sal wees

> "en de Natalezen zouden niet de kans willen staan van hun stelsel spoedig omvergegooid te zien door de Unie-parlement."[3]

Smartt se voorstel het die onderwys van die land onder die Unieregering wou plaas met die beperking dat hulle vir vyf jaar nie wetgewing sonder toestemming van die Provinsiale Rade mag indien nie.[4] Hoewel Natal bang was dat Hollands op die kinders van Natal deur die Unieregering afgeforseer sal word en sowel die taalkwessie as die onderwys nie kontensieuse vraagstukke behoort te wees nie, sê Malan in sy "Konvensie-Dagboek":

---

1. Merriman versameling Openbare Biblioteek Kaapstad nr. 305.
2. Proller: "Konvensie Dagboek" van F.S. Malan, 88.
3. Ibid., 88.
4. Ibid., 89.

> "Allen waren het eens dat de kinderen van Engelssprekende en Hollandssprekende ouders, indien mogelijk, in dezelfde scholen behoorden opgevoed te worden."[1)]

Die voorstel van Botha, blykbaar beïnvloed deur die voorstel van Merriman dat "Education other than Higher and Technical Education" aan die provinsiale rade opgedra kan word, is soos volg geformuleer:

> "Wetgewing aangaande onderwys behalve hoger onderwys by de Provinsiale Raden te berusten voor vyf jaren en daarna totdat het Parlement andere schikkingen maakt."[2)]

> "Het voorstel werd met algemene stemmen aangenomen onder toejuichen."[3)]

Daar was dus nie die minste twyfel omtrent die feit dat die Unieparlement na vyf jaar die onderwyswetgewing en -administrasie kan verander of selfs oorneem nie. Daar is ook nie daarop aangedring dat die Provinsiale Rade enige seggenskap sal hê na die vyf jaar nie. By ander voorstelle was daar 'n voorbehoud dat wysigings net met goedkeuring van Provinsiale Rade kan geskied, maar nie een was aanneemlik nie totdat die voorbehoud deur die voorstel van Botha uit die weg geruim is. So staan sake vandag nog wat die letter en die gees van die Wet betref!

5. <u>Horisontale verdeelde beheer van onderwys</u>

Nadat die Konvensie te Kaapstad die bostaande voorstel i.v.m. die onderwys in Suid-Afrika aangeneem het, het die verskillende parlemente dit weereens bespreek en is dit ook deur die pers en andersins aan die openbare mening onderwerp.[4)] Vir finale aanname en goedkeuring is dit op die volgende Konvensie te Bloemfontein in Mei 1909 bespreek. Dit is

---

1. Proller: "Konvensie Dagboek" van F.S. Malan (V.R.S.), 110.
2. Ibid., 112.
3. Ibid. Sien ook Walton: The Inner History of the National Convention of South Africa, 223; asook Hansard Tvl. 31 Maart 1909, en Lance 1 April 1909. De verslapping in de belangstellen van de publieke moet gezocht worden in de verbazende eenstemmigheid.
4. Parlementsverslae en openbare artikels in die pers Jan. en Febr. 1909.

egter gerade om nog enkele gedagtes uit die Hansard pertinent na vore te bring ten einde die vertolking van die voorstel beter te verstaan. In die debatte wat gevolg het, het dit onder meer geblyk dat Tucker, ʼn parlementslid in Transvaal, die volgende siening gehuldig het:

> "Wat de onderwys aangaat, is het enige waarmede de Provinsiale Raden te doen mogen hebben het bewaarschool-stadium. Al wat hoger gaat moet voor het Parlement van de Unie komen."[1)]

ʼn Belangrike saak is hier aangeroer, naamlik wat word eintlik bedoel met die uitdrukking "Hoger onderwys".

6. <u>Hoër onderwys en tegniese onderwys</u>

Lance, die lid vir Jeppe, het die onderwysreëling in die hande van die Provinsiale Rade as ʼn groot fout bestempel:

> "omdat wij bij het opbouwen van een natie moeten zorgen dat het onderwijs, als een van de pilaren van het gebouw, zo soliede mogelijk is ......... het is evenwel verblijdend, dat de bestaande bepalingen, schlechts voor vyf jaren zullen gelden."[2)]

Verder het die spreker sterk daarop aangedring dat aangesien daar ʼn verdeling van die onderwys is, die uitdrukking "onderwijs uitgesonder Hoëronderwijs" duidelik omskryf moet word. Sy redenasie is vandag van soveel waarde dat dit woordeliks uit die Hansard aangehaal word.

> "Ik geloof dat, toen men in de Konvensie de term 'hoger Onderwijs' gebruikte, men de verklaring van deze uitdrukking voor ogen had, zoals die te vinden is in de Kaapse wet van 1874, waarby bepaald werd, dat hoger professioneel onderwys moet worden gegeven om degenen die zich voor universiteitseksamens wensen te bekwamen, daartoe in staat te stellen. Ik neem aan, dat men deze definitie heeft aangenomen met de bedoeling, dat al het onderwys van een strikt hogeschool-karakter zal worden gelaten aan het Unie-Parlement en al het overige aan de Provinsiale Raden."[3)]

Verder verwys spreker na die verskil tussen die Universiteit van die Kaapkolonie in 1874 en die Universiteitskollege van Transvaal en vervolg dat in Transvaal ook voorberei word vir die kunste en wetenskappe van die Kaapse Universiteit, maar

---

1. Transvaal Parlement Debatten: 1 April 1909 (Tucker).
2. Ibid., 1 April, Lance.
3. Ibid.

> "dat men geheel en al de afdeling voor toegepaste wetenschappen en het technische mijn- en machinewerk over het hoofd heeft gezien."[1]

Die Kaapse universiteit het egter geen eksamen vir toegepaste wetenskappe gereël nie en daarom reik die universiteit van Transvaal sy eie diplomas uit. Indien hoër onderwys bokant die matrikulasiepeil val, dan is daar ŉ uiters moeilike grens vir die toegepaste wetenskappe soos die diplomakursusse dit aandui, aangesien Matriek glad nie gereken word nie. Dis ŉ deurlopende kursus wat in diplomas eindig.

> "Ik roer dit punt aan, omdat ik zou wensen dat, wanneer de afgevaardigden naar de Konventie terugkeren, zy deze zaak in gedachte zullen houden en opdat wij mogen weten, welk standpunt wij in deze zaak innemen, of al het lager onderwys, dat wij met zoveel succes en met zulken goede resultaten hebben gegeven, zal worden gestopt."[2]

Met inagneming van wat Lance hier gesê het, moes al die tegniese en beroepsonderwys ook onder die Provinsiale Rade sorteer, want die Bloemfonteinkonvensie het geen verdere definisie gegee nie. Die verdeling van die onderwys was dus horisontaal. Alle onderwys onderkant die Matrikulasiepeil is vir die volgende vyf jaar onder die Provinsiale Rade geplaas en daarna solank die Parlement dit toelaat. Smuts het hom glad nie oor die onderwysskikking gekwel nie, want hy was vir die beheer van die sentrale parlement en het verklaar dat die Unie-Parlement te eniger tyd ŉ wet kan aanneem om die onderwys oor te neem, of dat die Unie-parlement Provinsiale wette kan tot niet maak, of dat die geldelike hef in die sentrale regering se hand is en selfs dat die administrateurs as aangestelde amptenare van die sentrale regering genoegsaam invloed op die Provinsiale Rade kan uitoefen.[3]

Met die aanname van die Zuid-Afrika-Wet in 1910 het die Provinsiale Rade alle onderwys, ook tegniese en beroepsonderwys "uitgesonderd Hoër onderwys vir vyf jaren totdat die Parlement anders bepaal" vir hul rekening geneem. In die volgende afdeling sal nagegaan word hoe die

---

1. Transvaalse Parlement, Debatten: 1 April, 1909, Lance.
2. Ibid., 1 April 1909, Lance.
3. J.X. Merriman-versameling nr. 158.

Provinsies veral t.o.v. beroepsonderwys en professionele tegniese onderwys in die voorgeskrewe vyf jaar gevorder het.

7. <u>Samevatting</u>

Die begeerte van Natal en Kaapland om hul finansiële toestand in hul gebiede op 'n gesonder voet te kry uit doeane en spoorwegtariewe, het by hulle die begeerte laat ontstaan om met die twee noordelike kolonies onder die Britse kroon konstitusioneel te verenig en so in die ekonomiese voorspoed deel te hê. Al gou het Selborne aan hulle die waarskuwing gerig dat nie net spoorweë en tolooreenkomste die welvaart kan meebring nie, maar vastheid in regering, vastheid op ekonomiese en industriële gebied en 'n algehele samewerking.

Ten einde groter samewerking te verkry, het die koloniale state 'n konvensie op nasionale grondslag georganiseer met die direkte doel om tot 'n eenheid te geraak waarin daardie vastheid verkry kan word. Waar dit al vier Britse kolonies was, moes hulle op 'n absolute gelyke voet geplaas word om eenvormigheid te handhaaf. Daarom is so onverwags verantwoordelike bestuur aan die noordelike state toegeken teen die verwagting van die kusgebiede in. Uit die besprekings het dit al gou geblyk dat rassegelykheid en taalgelykheid 'n voorvereiste vir die groter eenheid moet wees.

Nasionale belange het die plaaslike belange oorheers en moes daar baie vir die ekonomiese bloei van die land as geheel prysgegee word. Uit vrees vir die gelykheid van rasse en tale het Natal en die O.V.S. as die kleiner state die grootste nasionale bate van 'n volk, naamlik onderwys, as 'n kleinood wou bewaar. Dis aan hulle deur die twee groter state vergun met die veronderstelling dat dit net vir vyf jaar sal wees en dat dit daarna deur die sentrale owerhede oorgeneem sou word. In al vier die koloniale state was die onderwys nog op so 'n stadium dat die lokale owerhede met welslae verdere verbeterings kon aanbring en daarom het die goeie gees wat op die konvensie geheers het 'n horisontale verdeling geregverdig. Hoër onderwys word deur die sentrale owerhede beheer en geadministreer en alle ander onderwys deur die Provinsiale Rade vir vyf jaar en daarna solank die Parlement dit toelaat. Blykbaar het die versoek om die verdeling beter te omskryf, verdwyn omdat die bepaling van vyf jaar met toejuiging op die konvensie eenstemmig aanvaar is.

## B. DIE ONTWIKKELING VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE VOORGESKREWE VYF JAAR ONDER DIE ZUID-AFRIKA-WET

### 1. DIE ONTWIKKELING IN KAAPLAND

#### Inleiding

Vanweë sy uitgestrektheid het Kaapland ook soos in Transvaal sy beroepsonderwys tot die gewone skole laat deurdring. Weliswaar is losstaande tegniese, huishoudskole, handels-, industrie-, ambags- en opleidingskole gestig en in stand gehou, maar hierdeur kon die grootste gedeelte van die bevolking geensins betrek word nie.

In sy eerste-, tweede- en derdeklasskole is spesiale vakke, t.w. Sang, Tekene, Liggaamsoefeninge, Houtwerk, Kookkuns en Naaldwerk verpligtend in die kursus gemaak ten einde aan elke leerling 'n sekere mate van vaardigheid in die lewe te bied. In elkeen van die vakke kon leerlinge met die nodige gewone formele skoling die onderwysprofessie betree het. In die statistieke van die jaar 1912 word die aantal leerkragte wat geen professionele of akademiese diploma besit nie en wat as diensdoende onderwysers geregistreer is, aangegee as 2,720.[1] Hulle het na st.7 slegs twee jaar opleiding in die een of ander spesiale beroepsvak geniet en kon dan tot die onderwysprofessie toegelaat word.

Behalwe in die opleidingsinrigtings te Kaapstad, Stellenbosch, Wellington, Grahamstad en die normaalkollege in Kaapstad het gewone eersteklas- en hoër meisieskole kwekelinge vir die onderwysberoep voorberei. Die getal in 1910 word as 645 in die eersgenoemde inrigtings aangegee en 1,300 in die laaste groep inrigtings. Hierdeur is 'n sekere mate van beroepsonderrig uitgedra tot elke skool en elke kind in die skool, want al die beroepsvakke is vir die mans- en damestudente voorgeskryf ooreenkomstig die geslag. Spesiale instrukteurs of organiseerders is vir elke vak benoem.

#### (a) Beroepsvakke in die gewone skole

Omdat die opleiding van seuns en dogters in sekere beroepsrigtings van mekaar verskil, sal die vakke vir elke geslag gesamentlik behandel word en dan die vakke waarin albei belang gehad het.

---

1. K.O.D.: Jaarrapport van die S.G.O. 1912, 27.

(i) Houtwerk en Tekene

Reeds voor Uniewording is in die Kaapse skole Houtwerk en Tekene as vakke vir seuns in skole aangebied wat groot genoeg was om ŉ spesiale houtwerklokaal te regverdig. So het in die jaar 1910 slegs 6,639 seuns houtwerkonderrig ontvang en 79,261 tekenonderrig. Die skole wat die duur lokale en uitrusting moes aanskaf, het egter in 1911 van 15 tot 184 gestyg en so aan ŉ verdere 940 seuns onderrig kon aanbied. Vandat die nuwe Tekenesillabus in 1904 in gebruik geneem is, het die vak nog steeds ŉ stygende grafiek gehad en is die aantal skole met 152 vermeerder tot 2,245 en die aantal leerlinge opgeskuif na 86,794.[1]

Hoewel die teenkanting teen die vak Houtwerk in 1912 feitlik geheel en al verdwyn het, was daar nog steeds die hindernis van voldoende fondse in die weg. Tog het die aantal skole wat die vak in hierdie jaar ingevoer het tot 202 gestyg en die aantal leerlinge wat daardeur gebaat is, het 8,215 beloop teenoor ŉ vermeerdering van 138 skole wat Tekene onderrig het en waardeur 90,325 leerlinge gebaat is.[2]

Na die konferensie van tegniese en beroepsonderwys van 1911 in Pretoria is Kartonwerk vir die laer standers ingevoer sodat Houtwerk net van st.5 tot 7 in die skole en hoërskole tot A en B gegee is.[3] Benede st.5 is kartonwerk voorsien in die gewone klaskamers aan al die seuns vanaf st.2. ŉ Nuwe skema vir die vak is in die "Onderwys Gazette" van Oktober 1911 gepubliseer.[4] Nog eens was daar ŉ redelike toename tot 8,215 vir Houtwerk en 90,325 vir Tekene.

In die Jaarrapport van 1914 komplimenteer die S.G.O.[5] die organiseerde Rawson en Smith met die geweldige sprong in die Tekene-onderrig, want die aantal leerling het met 8,911 tot 101,497 toegeneem.

---

1. K.O.D.: Jaarrapport van S.G.O. 1911, 13.
2. Ibid., 1912, 14.
3. Ibid., 1912, 14.
4. Onderwys Gazette 5 Okt. 1911, 389.
5. Afkorting vir Superintendent-generaal van Onderwys.

> "Concurrently with the advance in the elementary and high schools, there has been noteworthy development in the three Art Schools- Cape Town, Port Elizabeth and Grahamstown. --- which have benefited largely as a result of the new methods followed in the day schools."[1]

Wat Houtwerk betref, was die toename ewe merkwaardig, want die aantal leerlinge het toegeneem met bykans 1000 seuns tot 9,904 sodat die vak ten volle erken is deur hoofde, onderwysers en ouers om die groter belangstelling, ondernemingsgees en selfs intelligensie in die gewone skoolvakke. Hiervoor is instrukteurs Young en Morrison deur die S.G.O. lof toegeswaai wat verder aangevoer het dat hulle nie net vir die vak gesorg het nie, maar ook vir die opleiding van leerkragte wat orals jaarliks hul plek in die skole volstaan, en met besieling onderrig voorsien.

> "Where Woodwork instruction is not given school gardening is recommended as a subject of manual training."[2]

Geleidelik het die skole wat Houtwerk as vak kon aanbied daarin geslaag om sowel leerkragte as lokale en die nodige leerlinge per onderwyser te kry, maar die kleiner skole het die grootste struikelblok ondervind omdat hulle nie genoeg leerling vir die Houtwerkklas kon saambring nie en daarom is die toename na 1915 ietwat geringer. In 1915 het net 15 seuns meer aan die Houtwerk deelgehad as die vorige jaar terwyl die toename vir Tekene weer met 9,518 gestyg het tot 111,015 leerlinge.[3]

Dit blyk egter dat die vak in die werkrooster 'n plek gevind het ter wille van die opvoedkundige waarde daarvan. Indien die praktiese toepassing daarvan in die lewensvereistes voldoen het, sou die inskakeling daarvan in die sillabus met welslae bekroon gewees het.

(ii) <u>Kookkuns, Huishoudkunde en Naaldwerk</u>

Hierdie vakke is uitsluitlik vir meisies bedoel en is ook sterk deur instruktrises van die Departement bevorder wat moes toesien dat

---

1. K.O.D.: Jaarrapport van S.G.O., 1914, 23.
2. Ibid.
3. Ibid., 1915, 21.

waar die lokale tot stand gebring kan word, eersgenoemde vakke ingevoer word. Die ander skole in die provinsie is beïnvloed om Naaldwerk aan elke dogter te gee. Hoewel die grootste struikelblok vir die totstandkoming van hierdie belangrike vakke vir dogters aangegee is as tekorte aan opgeleide leerkragte,[1] het die oprigting van lokale maar langsaam gevorder. Die kombuisbenodigdhede was maar geringe uitgawes in vergelyking met wat houtwerklokale benodig het.

In 1910 maak die S.G.O. daarvan melding dat slegs 58 skole toegerus is om Kookkuns te voorsien en dat die aantal leerlinge tot 1,899 toegeneem het. ŉ Daling in die getalle met dieselfde aantal skole het in 1911 voorgekom wat toegeskryf is aan die kleiner aantal leerlinge in die grootste aantal buiteskole.

> "Unfortunately, however, on account of the small enrolment of the great majority of our schools it is to be feared that the subject will never reach them."[2]

Drie instruktrises het die toesig oor die Naaldwerk van die laerskole in die provinsie gehad en onder hul bekwame leiding het die styging jaar na jaar toegeneem. In 1911 was die aantal leerlinge 4,290 meer as die 65,181 van die vorige jaar, terwyl die toename in 1912 soveel as 2,354 was. Kookkuns en Huishoudkunde het veel stadiger gevorder, nie van weë gebrek aan belangstelling nie, maar wel omdat die toerusting en die getalle per lokaal te veel sorg gebaar het. In 1912 het 12 nuwe skole met die vak begin en toon die aantal skoliere ŉ vermeerdering van 738 op die vorige jaar se 1,745.[3]

Gedurende die jare 1913 tot 1915 was die getalle in Naaldwerk soos volg: 75,034, ŉ toename van 3,209; 80,706, ŉ toename van 4,672 en 91,656 ŉ toename van 10,950, wat daarop dui dat die Departement onverpoosd op die vak aangedring het deur die instruktrises. Daar was egter nog heelwat agterstand om in te haal as die getal dogters in skole aangegee is as 119,887. ŉ Verandering in die sillabus vir st. 7 is aangebring om die leerkragte te help om

---

1. K.O.D.: Jaarrapport van S.G.O. 1910, 14.
2. Ibid., 1911, 13.
3. Ibid., 1912, statistieke.

die moeiliker skema te vereenvoudig.[1]

Vir die ooreenstemmende jare t.w. 1913 tot 1915, vergelyk die Huishoudkunde en Kookkuns soos volg: 2,810 leerlinge, ʼn toename van 327; 2,863, ʼn toename van 53 leerlinge en 3,126, ʼn toename van 263 leerlinge. In 1913 is die werkskema vir die laer klasse, t.w. st.4, 5 en 6, verander om meer stelselmatigheid te bewerkstellig.[2] McIver, die instruktrise, word geloof vir haar werk wat veroorsaak het dat as ʼn hoërskool nie hierdie vakke aangebied het nie, dit in onguns by die publiek gestaan het. In Kaapstad is ʼn opleidingsentrum die "Training Centre for Cookery Teachers" gestig wat die Departement in staat gestel het om plaaslik opgeleide dames vir die provinsiale skole te verkry.[3]

(iii) Natuurkennis

As die vak gegaan het om die blote kennis van sekere natuurverskynsels sou dit sekerlik nie as beroepsvak beskou kon word nie. Die inhoud van die vak het neergekom op die praktiese waarneming van natuurkundige feite ter wille van die kennis, maar die bewerkstelliging van daardie natuurtoestand het die leerling ingespan om te dink en te werk. Weldra het dit uitgebou geraak tot die daarstelling van die kursus Tuinbou en nog later toegepaste vakkundige Landbou. Maar hierdie afdeling van die werk het nouliks ʼn staat bereik waarvan melding behoort gemaak te word. Die uitlê van die tuine is eers beplan en geskets en daarna is die praktiese tuinaanleg eers begin. Nuwe skole het so in 1910 skooltuine beplan en uitgelê. Met vakansiekursusse is leerkragte onderwerp aan direkte toepassing van die vak en in die Opleidingskollege van Grahamstad is ʼn praktiese landboukursus vir die onderwysers ingevoeg.[4]

Aangesien die vak geleidelik om die teorie en die praktiese toepassing daarvan as handwerk erken is, het dit verskillende patrone aan-

---

1. K.O.D.: Jaarrapport van S.G.O. 1913, statistieke.
2. Education Gazette Vol. 13, nr. 3, 31 Julie, 1913.
3. Al die statistieke is verkry uit die jaarrapporte van die S.G.O.
4. K.O.D. Jaarrapport van S.G.O. 1910, 4.

geneem. So is daar in sommige skole tuine gemaak, andere het die gebruik vir landbou-opleiding en sommige meisieskole het botaniese tuine by die skole aangelê. 'n Leesboekie "The Rural Reader for South Africa" wat aan al die skole verskaf is, het baie daartoe bygedra om die leerlinge grond- en plantbewus te maak.[1)]

In 1913 maak die S.G.O. daarvan melding dat die vak sy bestaan in die kurrikulum regverdig. In die laer klasse dien dit as voorwerptekeneles of 'n praatjie oor natuurverskynsels, terwyl die hoër klasse die teoretiese gegewens in die klasse bestudeer en dan in die praktiese werk in die tuin proefondervindelik naspeur. Ongeveer tagtig tuine het so hul ontstaan by die skole in 1913 gevind. In 1914 het die Departement 'n instrukteur Lamont benoem om die vak sy beslag te laat kry in al die skole. Die doel bly nog steeds om die waarnemingsvermoë van die leerling in te skerp en belangstelling te kweek in die buitewêreld van die skoolkind. Teen die einde van 1915 verklaar die S.G.O. dat die skooltuine aangelê is in enkele gevalle

> "but the best work is done in the class-room by cultivating powers of observation."[2)]

Tot dusver gaan die Kaapse onderwysstelsel nog heeltemal mank aan die uitvoering van die besluite op die Konferensie van 1911 dat die plattelandse kind d.m.v. liefde vir die bodem beroepsopleiding moet ontvang.[3)]

(b) <u>Industriële skole</u>

Hierdie skole is bedoel om ambagsopleiding te voorsien aan kinders tussen dertien en sewentien jaar wie se ouers te behoeftig is om hulle te versorg. Die kursus het oor drie of vier jaar gestrek en het die volgende vakke ingesluit vir seuns: Wamakery, Timmermanswerk, Smedery, Kleremakery, Skoenmakery, Drukkuns, Boekbindery en Tuinmaak en vir die dogters: Was en Stryk, Kookkuns, Kleremakery asook Spin en Weef.

---

1. Opgestel deur die instrukteur Lamont.
2. K.O.D.: Jaarrapport van S.G.O. 1915 (Finale rapport), 14.
3. U.G. 2 ' 12, 111 nr. 43 - 46.

"Sommige van de Schoolen zijn wonderlik geslaagd.
Het zou zijn nut hebben als het aantal vermeerderde.[1]

Sowat tien van die soort skole het in 1912 bestaan en wel op die volgende plekke: Uitenhage, Kaapstad, Stellenbosch, Adelaide, Worcester, en Oudshoorn, terwyl die skole op Graaff-Reinet, Wellington, Grahamstad en Tulbach eintlik vir dogters ingerig is wat "tot verval zouden geraken". Al hierdie skole het egter dieselfde ambagsvakke aangebied. Die twee wat gestig is na die konferensie van tegniese, industriële en beroepsonderwys in 1911 is Oudshoorn en Tulbach.[2]

In 1911 het die S.G.O. aan die hand gedoen dat die stelsel waaronder die skole bestaan het, naamlik die borgstelsel of ŉ komitee van promotors vervang moet word met ŉ stelsel van beheer direk onder die skoolrade of ŉ kombinasie van skoolrade. Die werk in die skole was veral prakties terwyl die gewone vakke in die namiddae of saans gedoseer is. Die staatstoelae in 1909 vir hierdie soort skole het R5,870.00 beloop teenoor R24,753.00 wat in 1915 aan al die skole deur die skoolrade gespandeer is.[3]

Tabel 3

Die volgende getalle word in die statistieke vir die onderskeie jare aangegee in die seuns- en meisieskole onder hierdie afdeling:

Seuns

| Vakke | 1910 | 1911 | 1912 | 1913 | 1914 | 1915 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Smedery | 19 | 17 | 19 | 35 | 36 | 37 |
| Boekbindery | 11 | 13 | 13 | 14 | 32 | 14 |
| Timmerwerk | 85 | 114 | 135 | 150 | 159 | 178 |
| Landbou | 31 | 34 | 45 | 41 | 41 | verdwyn |
| Tuinbou | 72 | 153 | 174 | 198 | 1511 | - |
| Boukonstruksie | 0 | 0 | 0 | 0 | 60 | 6 |
| Messelwerk | 0 | 0 | 0 | 0 | 30 | 23 |
| Drukkerswerk | 18 | 25 | 26 | 29 | 47 | 54 |
| Skoenmakery | 61 | 79 | 28 | 50 | 75 | 75 |
| Kleremakery (snyers) | 29 | 37 | 26 | 41 | 61 | 55 |
| Wamakery | 39 | 37 | 41 | 46 | 61 | 102 |

1. K.O.D.: Jaarrapport van S.G.O. 1910, 4.

2. Id., 1911, 7.

3. Id., 1915, Bylae 11 Finansies, 3b.

Dogters

| Vakke | 1910 | 1911 | 1912 | 1913 | 1914 | 1915 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Kookkuns | 94 | 45 | 112 | 104 | 2863 | 3126 |
| Kleremakery | 74 | 36 | 20 | 4 | 106 | 144 |
| Huishouding | 63 | 45 | 161 | 117 | 318 | 284 |
| Was- en Strykwerk | 82 | 74 | 73 | 132 | 183 | 185 |
| Naaldwerk | 140 | - | - | - | 80,706 | 91,656 |
| Spin | 78 | 37 | 27 | 12 | 6 | 25 |
| Weef | 78 | 37 | 27 | 12 | 6 | 25 |

N.B. In die jare 1914 en 1915 is die syfers van die industriële skole met al die skole se getalle oor die hele provinsie vir die betrokke vakke aangegee.

Uit bostaande tabel blyk dit dat die ontwikkeling van die handwerkrigtings glad nie te waffers was nie, ten minste in die spesiaal daarvoor opgerigte inrigtings.

(c) Aandskole en voortsettingsklasse

Inleiding

As gevolg van 'n diepgevoelde behoefte van die besighede en nywerhede in die groter sentra in die Kaapprovinsie het van die doserende personeel van die Suid-Afrikaanse Kollege in Kaapstad in 1907 reeds begin om enkele aandklasse te gee vir die jong werkers wat deur hul firmas aangemoedig is om in hul spaartyd hul kwalifikasies te verbeter. Origens het die skoolraad van Kaapstad in 1909 'n inrigting in die lewe geroep wat deur die dag sowel as die aande klasonderrig aan die jong voornemende werkers sowel as aan diensdoende jongmanne en -vroue verskaf het. Vir sy eie werknemers het die Kaapse spoorweë aandklasse gereël te Soutrivier, Uitenhage en Oos-Londen in die soort vakke wat die handwerksoorte direk tot voordeel kon strek. Handelsonderrig is ewe-eens behalwe die enkele hoërskole wat dit as vakke aangebied het, direk deur die belanghebbende besighede in die lewe geroep in sentra soos Port Elizabeth en Kaapstad. Die aandklasse sowel as die voorsettingsonderwys het die kern gevorm vir die oprigting van die Tegniese

kolleges in Oos-Londen, Port Elizabeth en Kaapstad, terwyl die De Beers Mynmaatskappy uiteindelik die Johannesburgse Universiteit sowel as die Tegniese Kollege van Johannesburg tot gevolg gehad het.[1]

(i) Aandklasse en voorsettingsonderwys in Kaapstad

Reeds in 1907 al het daar in Kaapstad die behoefte ontstaan by die jeug wat in diens van etlike plaaslike firmas gestaan het, om hulle beter vir hul lewensroeping toe te rus. Verskeie privaat persone het eers geprobeer om in die diepgevoelde behoefte te voorsien, maar teen 1907 is dit saamgetrek in die klasse wat deur die doserende personeel van die S.A. Kollege voorsien is.[2] Dit was ook die eksaminerende liggaam en derhalwe het dit meer in die smaak van die jeugdiges geval wat resultate en deeglike kennis gesoek het. Vanselfsprekend was die opleiding tegnies omdat die praktiese deel in die werkplekke plaasgevind het en was dit aanvanklik slegs om die eenvoudige beginsels waarop die tegnieke van die verskillende vakke neergekom het, aan die aspirant vakmanne bekend te stel. Die kursusse het veral geometriese Tekene, Masjienkonstruksie en Voertuigkonstruksie ingesluit.[3]

In 1909 het die Kaapse skoolraad in samewerking met die S.A. Kollege ook aandklasse en voorsettingsklasse georganiseer wat aan vakmanne wat reeds in diens is, die geleentheid gebied het om hul kennis en bevoegdhede te verbeter.[4]

Jaar vir jaar het die getalle in die klasse toegeneem omdat die werkgewers daarop aangedring het. In 1913 het slegs 10 kandidate in die Boukonstruksie-eksamen geslaag en daarvan was 2 in die tweedejaar en 8 in die eerstejaar hoër eksamen. In 1914 het die getalle onderskeidelik 4 en 8 beloop, terwyl die uitslae vir praktiese Meetkunde onderskeidelik 13 en 20 was in 1913. Die vak het nie in 1914 verdere

1. Orr: Technical Education and Training, 20.
2. K.O.D.: Jaarrapport 1911, 7. Sien ook Mc.Kerron: A History of Education in S.A., 110 en John Orr: Technical Education and Training, 53.
3. K.O.D.: Jaarrapport van S.G.O. vir 1911, 7.
4. Ibid., 1912, 7 en "The Cape Technical College Magazine" van 1951, 11 - 13.

aandag geniet nie. Masjienkonstruksie het egter 'n daling getoon en was daar 22 eerstejaarstudente in 1913 wat geslaag het teenoor 7 in 1914 en 6 tweedejaarstudente teenoor 1 in 1914. In die Houtwerkafdeling het die getalle wat gekwalifiseer het vir meubelmakers, voertuig, bouers, skrynwerkers en tapmakers vir albei die jare konstant gebly, naamlik 49, 43, 48 eerste, tweede- en derdejaars wat in die eksamens geslaag het.[1)]

(ii) Aandklasse en voortsettingsonderwys in die spoorweë

Die opleiding van vakleerlinge in diens van die spoorwegadministrasie het reeds al in die vorige eeu begin. In 1905 het die Kaapstadse skoolraad die skoolafdeling van Soutrivier onder sy kontrole geplaas, hoewel die seuns in die spoorwegwerkwinkels in diens was. Die klasse te Uitenhage en Oos-Londen het egter nog steeds onder beheer van die spoorweë gestaan en is leerlinge deur vakmanne opgelei. Aangesien dit buite die bestek van dié werk val, is dit volledigheidshalwe hier slegs aangestip.[2)]

(iii) Aandklasse te Kimberley

Vir sy werknemers in Kimberley het die De Beersmaatskappy ook aandklasse in die lewe geroep. Die bywoning daarvan in die kontrak met die leerjongens is verpligtend gemaak en 'n beloning is aangebied vir elke eksamen waarin geslaag is.[3)] Dit is vanselfsprekend dat die kursusse wat aangebied is, slegs in verband met die praktiese rigting van die jong vakleerlinge was. Ook hierdie gegewens word slegs volledigheidshalwe verstrek aangesien die onderwyswet niks daarmee te doen gehad het nie.

(iv) Aandklasse in Port Elizabeth

In 1913 is in Port Elizabeth ook tegniese kursusse in die aand vir die diensdoende jongmense in die stad begin. Die vernaamste vakke was Meubelmakery, Skoenmakery, Elementêre Wetenskap en ook Handelsvakke,

---

1. K.O.D.: Jaarrapport van S.G.O., vir 1915, 57 a.
2. Orr: Technical Education and Training, 46.
3. K.O.D.: Jaarrapport van S.G.O. 1911, 7.

Boekhou, Snelskrif en Tikskrif.[1]

(v) Musiekskool te Kaapstad

Die behoefte aan die soort skool is reeds etlike jare vantevore besef, maar eers in 1912 het dit in Kaapstad onstaan. Skoolleerlinge oor die hele provinsie het die vak in die gewone skoolkursus moes volg en het selfs in die vak probeer spesialiseer om as onderwysers(esse) in diens van die Departement van Onderwys onderrig te gee, maar die eintlike konservatorium wat uitsluitlik net musiek in al sy vorme kon onderrig, het nie te voorskyn gekom nie.

Die skool het in 1912 begin met 'n hoof en 23 leerkragte en 'n inskrywing van 280 leerlinge. Die behoefte aan hierdie soort beroepsonderwys was groot en die Direkteur van die Kaaplandse onderwys verheug hom oor die instelling, maar ook hierdie skool het nie binne die jurisdiksie van die Onderwysdepartement geval nie. Hieruit is egter die Kaapstadse konservatorium gebore.[2]

(vi) Handelsonderwys

Die aandklasse wat in Kaapstad en Port Elizabeth bestaan het vir besigheidsopleiding soos Besigheidskorrespondensie in albei die amptelike tale, Boekhou, Handelsreken, Tikskrif en Pitmans se Snelskrif is geleidelik deur die wordende tegniese institute van die twee stede saamgesnoer. Dit was egter in die geval van Port Elizabeth 'n privaat onderneming wat nie soos in die geval van Kaapstad onder beheer van die Kaapstadse skoolraad gestaan het nie.[3]

(d) Samevatting

Soos in die Transvaal het die Kaapse Direkteur van Onderwys ook die taak van sy Departement gesien as eerstens 'n plek waar die gewone skoolvakke vir vorming geneem moet word. Die invoering van tegniese, ambags- en industriële onderwys tot die bevrediging van die behoeftes van sy gebied soos vereis en ooreengekom is in 1911 op die Konferensie

---

1. K.O.D.: Jaarrapporte van S.G.O. 1912, 7.
2. Ibid., 1912, 8.
3. Ibid., 1912, 8.

vir Tegniese en Beroepsonderwys, het nie groot verandering in die stelsel van bestaande onderwys in die Kaapprovinsie teweeggebring nie. In die gewone skole is Tuinwerk sterk bepleit en 'n organiseerder vir die vak is aangestel, maar die uitbreiding tot 1915 het baie te wense oorgelaat. Die aantal industriële skole het slegs met twee toegeneem t.w. die in Tulbach vir dogters en die in Oudshoorn vir seuns. Houtwerk is in die groter skole voorgestaan, maar die kostes daaraan verbonde het die getalle stadig laat toeneem, terwyl die Huishoudkunde- en Kookkunsklasse snel uitgebrei en tot deeglike gradering hervorm is. Naaldwerk is bykans deur elke dogter in die Kaapse skole geneem, hoewel die verslae van die instruktrises nog daarop gedui het dat die gehalte nie orals goed is nie.

Die industriële skole vir seuns en meisies het met uitsondering van twee hul ontstaan in die opheffing van die armblankes deur liefdadigheidsinrigtings soos kerke en sendinggenootskappe gehad. Hierdie soort skole het dan in al die behoeftige streke langs die ooskus van die Kaapprovinsie sowel as in die droë binnelandstreke ontwikkel. Hierteenoor het al die tegniese instellings hul ontstaan aan die behoeftes van die nywerhede en die besighede van die stede te danke. Dit het deurgaans ontstaan uit die aandklasse wat gestig is om die jong werknemers beter vir hul beroep te bekwaam en is deur die werkgewers se steun in stand gehou. Vir die soort opleiding is tot R20.00 per maand aan lesingsgelde betaal.

Met sy drie groot kusstede Kaapstad, Port Elizabeth en Oos-London en sy geweldige hinterland was die beroeps- en tegniese onderwys nog maar op 'n skamele voet.

## 2. DIE ONTWIKKELING IN TRANSVAAL

### Inleiding

Aangesien daar in die Transvaal soos in die ander drie provinsies van die Unie van Suid-Afrika wat toe ŉ Britse dominium was, baie druk gewerk moes word op die vooraand van die Eerste Wêreldoorlog en wel in hierdie onderhawige tydperk, kan geredelik verwag word dat groot voorwaartse skredes op die gebied van tegniese en beroepsonderwys gemaak sou word. Die Britse Ryk het haar koorsagtig voorberei vir die botsing met Duitsland wat op nywerheidsgebied haar na die kroon wou steek. Reeds vroeg in 1911 het die Minister van Onderwys die provinsiale onderwysowerhede in Pretoria in ŉ konferensie byeengebring om beroeps- en tegniese onderwys te propageer en in aanpassing by die landsbehoeftes te bring. Daar is gevoel dat daadwerklik opgetree moet word om die soort onderwys op ŉ omvangryker en doelgerigter grondslag te plaas. Die behoeftes van sowel die platteland as van die stede is bespreek sodat die gehele bevolking in ŉ stelsel betrek kan word om die voedselprodusent sowel as die fabriekswerker tot beter diens en groter vaardigheid op te voed. Verskeie staatsdepartemente: Spoorweë, Poswese, Waterwese, Arbeid, Mynwese ensomeer was vir hul behoeftes van werkslui op hierdie soort onderwys aangewys. Sou die provinsiale owerhede in staat wees om nie net die armblankevraagstuk te bekamp met behoorlike opvoeding nie, maar ook om in die vraag na geskoolde arbeid te voorsien?

#### (a) Handwerkvakke in gewone skole

Die vernaamste doel van hierdie soort opleiding is nie juis om die leerlinge in die een of ander beroep voor te berei nie, maar om hulle oog en hand te oefen en die verstand te skerp vir ŉ toekomstige loopbaan waarvoor die leerling aanleg het.[1] Tweedens is die soort handwerkvakke so gekies dat dit altyd in die kind se lewe vir hom nuttig kan wees selfs as hy ŉ beroep volg wat niks met hierdie vakke te doen het nie.

---

1. Transvaalse Onderwysdepartement: Jaarrapport 1912, 141.

> "It aims at giving an intelligent mastery over the tools, materials and methods as well as a general practical dexterity which will be useful in any walk in life that the pupil may follow".[1]

Hierooreenkomstig blyk dit dat die Transvaalse Onderwysdepartement dit as nuttigheidsvakke maar ook as opvoedkundige inhoud gebruik. Dit moet nie net die verstand ontwikkel en die karaktertrek van deursettingsvermoë stimuleer nie, maar dit moet ook die skeppingsdrang in elke lewende wese bevredig.

> "Manual training instruction has therefore both an educational and an utilitarian side."[2]

(i) Karton-, Hout- en Metaalwerk vir Seuns

Vir seuns is die handwerkvakke, in ooreenstemming met die "Tegniese en Beroepskonferensie"[3] te Pretoria se besluite, soos volg in die leerplan vasgelê: Kartonwerk vir alle leerlinge in standerds 2 en 3 in die gewone klaslokale en Houtwerk vir standerds 4, 5 en 6 in sentraal-opgerigte houtwerklokale vir dorpe. Op die platteland is spesiale lokale by groter skole in 'n digbewoonde gebied en in die stede by die groot skole opgerig. Metaalwerk is vir standerds 7 en 8 aangebied. Eersgenoemde vak sal die leerling leer om akkuraat te meet en te konstrueer sodat sekere meetkundige waarhede, al is dit hoe elementêr, waargeneem kan word en die kind so voorberei vir toekomstige meetkundige probleme sowel as vir teken- en konstruksiebewerkinge. Die materiaal verskil egter van Houtwerk wat bewerkbaarheid betref en is baie goedkoper. So is die houtwerkmateriaal ook weer baie goedkoper en makliker bewerkbaar as metaalplaat. 'n Geleidelike vordering deur die leerling sal hom sodanig voorberei, hoewel dit saam met die gewone skoolvakke geskied, dat hy aan die einde van die agste standerd in staat sal wees om goeie vordering te maak in enige ambagskool vir die direkte voorbereiding vir die een of ander vakkundige beroep. Hierdie soort opleiding kan beskou word as 'n voorbereiding vir ambagsoplei-

---

1. Transvaalse Onderwysdepartement: Jaarrapport 1912, 141.
2. Ibid., 142.
3. U.G. 21 - 1913.

ding in die een of ander fabriekswerkwinkel of in skole vir die beroepe. Daarom het die Transvaalse Onderwysdepartement handwerkvakke gesien as 'n gedeeltelike uitvoering van die besluite op die Pretoriase Tegniese en Beroepsonderwyskonferensie.[1]

> "Manual training is not merely a counter irritant to book learning but a necessary part due to changed social conditions brought about by change in industry."[2]

Die Departement het hom ten doel gestel om in elke groot dorpskool die een of ander soort werkwinkel in te rig waarheen van kleiner skole in die onmiddellike omgewing kan gaan vir opleiding, aangesien daar nie genoeg leerlinge in selfs die groot skole sal wees om die aanstelling van 'n handwerkonderwyser sowel as duur gereedskap te regverdig nie. Die skema wat die Departement met die doel in 1912 voor oë gestel het, kan in die volgende tabel saamgevat word, terwyl Kartonwerk in alle skole vir st. 2 en 3 ingevoer is.

Tabel 4

Normaalkolleges

| Distrik | Sentrum | Vakopleiding | Plek |
|---|---|---|---|
| Pretoria | | Houtwerk | by die kollege |
| Johannesburg | | Hout- en Metaalwerk | Spes Bona |
| Heidelberg | | Houtwerk | By Volkskool |
| Hoërskole | | | |
| Distrik | Sentrum | Vakopleiding | Plek |
| Johannesburg | King Edward VII | Houtwerk | By die skool |
| | Jeppe Hoër | Houtwerk en Metaalwerk | By die skool |
| Potchefstroom | Seuns Hoër | Houtwerk | Wolmaransstraat |
| Pretoria | Seuns Hoër | Houtwerk | By die skool |

---

1. Hierdie besluite is in Blouboek U.G. 21 - 1913 saamgevat.
2. Dept. van Onderwys Transvaal: Jaarrapport 1912, 142.

Primêre Skole

| Distrik | Sentrum | Vakopleiding | Plek |
|---|---|---|---|
| Bethal | Bethal Laer | Houtwerk | By die skool |
| Bloemhof | Bloemhof Laer | Houtwerk | Mainstraat |
| Bloemhof | Christiana | Houtwerk | Word oorweeg |
| Carolina | Carolina Laer | Houtwerk | Aanbeveel |
| Ermelo | Ermelo | Houtwerk | By skool |
| Heidelberg | Heidelbergskool | Houtwerk | Volkskool |
| | Nigel | Houtwerk | By skool |
| | Vereeniging | Houtwerk | Aanbeveel |
| | Hartebeesfontein | Houtwerk | Aanbeveel |
| Klerksdorp | Klerksdorp | Houtwerk | Milner |
| Lichtenburg | Lichtenburg | Houtwerk | Ou Tronkgebou |
| | Doornbult 197 | Houtwerk | Aanbeveel |
| Marico | Zeerust | Houtwerk | Aanbeveel |
| Middelburg | Middelburg | Houtwerk | By skool |
| | Witbank | Houtwerk | Aanbeveel |
| Potchefstroom | Potchefstroom | Houtwerk | Wolmaransstraat |
| Pretoria | Cullinan | Houtwerk | Aanbeveel |
| | Brits | Houtwerk | Aanbeveel |
| | Modderfontein | Houtwerk | By skool |
| | Pretoria Sentraal | Houtwerk | Gymnasium skool |
| | Pretoria voorstedelik | Houtwerk | Brooklyn skool |
| | Pretoria Burgher Right | Houtwerk | Aanbeveel |
| | Pretoria Claremont | Houtwerk | Claremont' |
| | Pretoria Gezina | Houtwerk | Gezina skool |
| | Pretoria Mayville | Houtwerk | Aanbeveel |
| | Pretoria Noordskool | Houtwerk | By skool |
| | Pretoria Suidskool | Houtwerk | By skool |
| Rustenburg | Rustenburg | Houtwerk | Aanbeveel |
| Standerton | Standerton | Houtwerk | By skool |
| Ventersdorp | Ventersdorp | Houtwerk | Aanbeveel |
| Volksrust | Volksrust | Houtwerk | By skool |
| Piet Retief | Piet Retief | Houtwerk | Aanbeveel |
| Wakkerstroom | Wakkerstroom | Houtwerk | Aanbeveel |
| Waterberg | Potgietersrust | Houtwerk | Aanbeveel |
| Witwatersberg | Blaauwbank 104 | Houtwerk | Aanbeveel |
| Witwatersberg Sentraal | Jeppe Sentraal | Houtwerk | Aanbeveel |
| | Langlaagte | Houtwerk | By Weeshuis |
| | Malvern | Houtwerk | Aanbeveel |
| | Mayfair | Houtwerk | Fordsburgstasie |
| | Melville | Houtwerk | By skool |
| | Norwoord | Houtwerk | Aanbeveel |
| | Spes Bona | Hout- en Metaalwerk | Biccardstr. Brm. |
| | Troyville | Hout- en Metaalwerk | By Fairview |
| | Turffontein | Houtwerk | By skool |
| | Village Main | Houtwerk | Eloffstr. Uitbr. |
| | Yeoville | Houtwerk | Aanbeveel |

| Distrik | Sentrum | Vakopleiding | Plek |
|---|---|---|---|
| Witwatersrand Oos | Benoni | Houtwerk | Aanbeveel |
| | Boksburg Noord | Houtwerk | Aanbeveel |
| | Germiston | Hout- en Metaalwerk | Central skool |
| Witwatersrand Wes | Krugersdorp | Houtwerk | Town-skool |
| | Newlands | Houtwerk | By skool |
| | Roodepoort | Houtwerk | By skool |
| Wolmaransstad | Witpoort 72 | Houtwerk | Aanbeveel |
| Zoutpansberg | Marabastad | Houtwerk | By skool |
| | Pietersburg | Hout- en Metaalwerk | Openbare skool |
| | Veekraal | Houtwerk | Aanbeveel |
| | Wakkerstroom | Houtwerk | Aanbeveel |

Bostaande skema[1] sou allengs in gebruik geneem word soos die fondse beskikbaar word en die betrokke skoolrade in die oprigting van die nodige lokale kon voorsien. Al die aanbevole skole moes te geleëner tyd voorsien word van lokale en die instrukteurs sou van sentrum tot sentrum reis gedurende die week. Elke aspirant onderwyser op die normaalkolleges moes die eksamen in Houtwerk slaag en kon die vak naderhand deur die personeel van die skool self aangebied word.

Die uitrusting vir ŉ houtwerkkamer het omstreeks R400.00 beloop teenoor hoogstens R700.00 vir metaalwerkuitrusting.[2]

Die totale koste per leerling vir die onderig in die twee handwerkvakke in Transvaal vir 1910 was R4.78 teenoor R4.64 in 1911 en R4.23 in 1912. Die getal leerlinge het dan ook toegeneem van 2,381 in 1910 tot 3,759 in 1912. In 1916 het die totale aantal leerlinge wat Karton-, Hout- en Metaalwerk geneem het aan gewone skole tot 5,791 gestyg uit ŉ totale skoolbevolking van 38,449[3] waarvan omtrent die helfte dogters is.[4]

In 1910-1911 was daar dertig sentra waar handwerkvakke gedoseer is teenoor sewentien met Uniewording en daarvan was 22 in Pretoria en

1. T.O.D.: Jaarrapport 1912, 144.
2. Ibid., 155.
3. T.O.D.: Jaarrapport 1915, 56 - 58. Die getal is verkry nadat die syfers vir standers bo 8 en onder 2 van die totale skoolbevolking afgetrek is.
4. Die twee geslagte is nie geskei nie.

Johannesburg gekonsentreer, teenoor 8 in die plattelandse dorpe. Hierteenoor was daar in 1915, 54 sentra wat die handwerkvakke aan seuns voorsien het, waarvan slegs dertien op die plattelandse dorpe en 20 en 21 in Pretoria en Johannesburg onderskeidelik.[1]

ŉ Tekort aan sowel opgeleide instrukteurs as aan fondse vir die oprigting van spesiale lokale het die uitbreiding natuurlik baie gestrem want bykans een derde van die seuns op skole van standerd 2 tot 8 het die een of ander beroepskeuse vak by sy skool of in voortsettingsklasse bygewoon. Hierdie soort opleiding was ook baie onpopulêr by die plattelandse bevolking wat nog vas aan die formele opleiding geglo het en nie maklik van die tradisie afstand wou doen nie.

(ii) Tuinbou

ŉ Deeglike werkskema is met behulp van die Landboudepartement in 1910 opgestel om veral op die platteland toegepas te word waar die meeste seuns en dogters daeliks op die plaas die verworwe kennis prakties kon toepas tot voordeel selfs van hulle ouers. Waar die Direkteur van Onderwys met leedwese in sy jaarrapport melding maak van die swak vordering van die vak gedurende die jaar 1910 bloot as gevolg van die louheid by die onderwyspersoneel, wat moontlik onbevoeg is om behoorlike voorligting te gee, pleit hy om toegeruste organiseerders aangestel te kry.[2] ŉ Kortkursus is in Pretoria in die Normaalkollege vir diensdoende onderwysers gereël tydens die Julievakansie van 1910 en ongeveer honderd het dit bygewoon. Gedurende die jaar 1911 is feitlik geen vordering met die vak gemaak nie, hoewel daar in 1912 slegs sporadiese suksesse in die inspekteursrapporte verskyn. Hoewel onderwysers aan die Landbouskool te Potchefstroom tydens hul vakansie onderrig in Tuinbou ontvang het, het dit oor die hele Transvaalse platteland nie aan sy doel beantwoord nie.

(iii) Naaldwerk en Kookkuns vir dogters

Soos Houtwerk en Metaalwerk in werkkamers vir seuns as nuttig-

---

1. T.O.D.'s Jaarrapport 1915, 66.

2. Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys 1910, 78.

heidsvakke gegee word om die hand en oog te oefen, so is Naaldwerk aan alle dogters in die laerskool voorgeskryf, terwyl Kookkuns gegee is waar die nodige lokale ingeruim kon word. Aangesien Naaldwerk deur bykans elke onderwyseres gegee kon word, is dit in elke skool as vaardigheidsvak vir dogters uitgewerk, terwyl Kookkuns veral in die hoër-skole voorgeskryf is in elke skool wat daarom gevra het en waar ʼn lokaal gevind kon word.

Daar was ʼn geleidelike toename in die getalle wat Kookkuns geneem het sodat die toename in die volgende syfers vasgestel kan word: 1910: 1015; 1911: 1270; 1912: 1340; 1913: 1978; 1914: 2818; 1915: 3029. In 1910 was daar ʼn Kookkunslokaal in Pretoria onder toesig van mej. Hooper. In Henristraat, Johannesburg, was daar ʼn sentrum onder mej. I.O. Collins, in Mayfair een onder mej. L.W. Stoddard, in Florida een onder mevr. L.A. Matelin, terwyl die Spes Bona Kookkunssentrum onder toesig van mejj. A.E. Blockley en E.A. Hammond gestaan het.[1] Altesaam het ses persone klasse in Kookkuns waargeneem in vyf verskillende Kookkunslokale, terwyl die aantal geleidelik toegeneem het sodat in 1915 daar altesaam 26 lokale was waarin huishoudkundiges aan 3029 leerlinge onderrig gegee het. In die twee stede was daar 12 van die lokale gekonsentreer terwyl die res van die provinsie 14 in dorpe gehad het.

### (iv) Aand- en voorsettingsklasse

Hierdie soort onderrig wat in 1910 nog maar slegs in Johannesburg en Pretoria plaasgevind het, het veral op die oog gehad die verskaffing van onderwys aan werkende persone en waar moontlik juis in die rigting waarmee die leerling sy brood verdien. Tog was daar ook ʼn sekere groep leerlinge wat tussen 13 en 16 jaar is en die skool verlaat het om ʼn heenkome te vind, voordat die minimum algemene opleidingsvereistes behaal is. Hierdie persone moet dan in die gewone skoolvakke onderrig kry plus die een of ander beroepsvak. Hierdie laaste groep het baie probleme geskep omdat die gemiddelde skoolbesoek

---

1. T.O.D. Jaarrapport 1910, 174.

in 1910 nie eens 10% was nie.[1] Verpligte onderwys word vir diè klas van werker gevra aangesien die ouers onverskillig teenoor die kinders staan en die werkgewers die jongmense dikwels oortyd laat werk en hulle ook glad nie aangemoedig het om verder te studeer nie.

In 1910 het die politegniese aandklasse in Pretoria 219 studente gehad wat hulle voorberei het vir die Matrikulasiesertifikaat, diplomas van die Kamer van Koophandel te Johannesburg en die Instituut van Bankiers en die Transvaalse Aptekersraad. Behalwe die ambagsvakke wat direk met die jong werkers se beroepe in verband gestaan het, is ook teoretiese vakke in klaslokale weg van die werkplase af aangebied. Die vernaamste tegniese vakke wat in die leerplan gevolg kon word, mits daar genoegsaam studente vir die vak was, was: Matesis wat ingesluit het Rekene, Metings, Algebra, Meetkunde en Kantoorpraktyke; Wetenskap en Toegepaste Wiskunde, wat ingesluit het algemene Elementêre Wetenskap, Tegniese Meganika, Stowwe (materials), Konstruksie, Berekenings, Tegniese Hitte ens.; Toegepaste Tekene wat ingesluit het Preliminêre Tekene, Meetkundige Tekene en Ambagstekene.[2]

Handels- en Huishoudkundekursusse word ook in die voortsettingsklasse smiddae en saans voorsien. Onder handelsvakke is ingesluit Snelskrif en Boekhou volgens die Pitmanstelsel, Kantoorwerk en Skryfkuns, terwyl in Huishoudkunde Naaldwerk, Huishouding, Huishigiëne, Wasserywerk en Moederkunde voorsien is.[3]

Daar dien op gewys te word dat die Nasionale Adviesraad vir Tegniese Onderwys in sy rapport van 1914 dit sterk beklemtoon het dat teoretiese opleiding so snel moontlik uitgebrei moet word, maar dat die veel duurder afeling naamlik die praktiese toepassing van die teorieë eers agterweë gelaat moet word. Hiervan het die Transvaalse Onderwysdepartement verskil en beklemtoon dat geen tegniese werk sonder

---

1. Jaarverslag van die Superintendent van Aand- en Voortsettingsklasse aan die Rand, 1911, 114.
2. Rapport van Organiseerder van Tegniese Onderwys 1912, 180.
3. T.O.D.: Jaarrapport 1911, 34.

die ambagspraktyd met 'n mate van welslae aangebied kan word nie.[1]

As al drie die afdelings van voortgesette onderwys t.w. tegnies, huishoudkundig en handel saamgevat word, kan die toename van die inskrywings van 1910 tot 1915 soos volg aangegee word: In 1910 was daar 35 klasse met 'n inskrywing van 1481 leerlinge teenoor 44 klasse in 1911 met slegs 1272 leerlinge. In 1912 staak die Mynskool die klasse in Snelskrif en word drie klasse oorgeskuif na Twiststraat en een na Troyville, terwyl die Kamer van Koophandel hul Raadsaal in Johannesburg nie meer vir die Boekhou- en Handelsklasse beskikbaar gestel het nie en die ook na Twiststraat oorgeplaas is.[2] Hierdie omwenteling het die aantal klasse na 48 en die aantal leerlinge na 1517 laat styg.

(b) Ambagskole en beroepsopleiding

Inleiding

Hierdie soort beroepskool het aan die begin van die twintigste eeu begin om 'n onderdeel van die onderwysstelsels van Europa en Amerika te word, grotendeels as gevolg van die spesialisering binne die ambagte vir die outomatiese masjinerie van die fabriekswese. Werkwinkelpraktyke het daarop uitgeloop dat die vakman net in waterdigte kompartemente met een soort ambag besig is uit 'n reeks ambagte wat in die fabrieke ontstaan het. So 'n opleiding het glad nie voldoen aan die eise vir 'n goed opgeleide en bedrewe vakman nie. Die taak van die primêre en elementêre skool was om die minimum skolastiese kultuurvakke vir die daelikse lewe te voorsien, maar hulle het niks te doen gehad met die opleiding vir die een of ander besigheid of beroep nie.

> "The vocational school is a public investment for national ends called into existence by national competition for national gain for precedence in national life."[3]

Reeds al in hierdie tyd het daar die neiging by die fabrieksbase bestaan om hul ambagslui uit oorsese lande in te voer en in Suid-Afrika

---

1. Organiseerder van Tegniese Onderwys, Rapport 1915.
2. Organiseerder van Voortsettingsklasse: Jaarrapport 1912.
3. Rapport van die Organiseerder van Tegniese en beroepsonderwys in Transvaal 1912.

vir die ongeorganiseerde vakleerlingstelsel net die ongeskoolde, goedkoop arbeid uit die groot getalle te trek wat tussen die losse skoolstelsels afgedreineer het. Deur beroepsopleiding in die ambagskole sou daar beslis met die oog op patriotisme en in ŉ gees van rasversekering geleidelik in toenemende mate bedrewe vakmanne betrek word wat die invloed op die invoerneiging van die groot fabrieksbase sal inkort.

> "No system of technical education, however, can be complete which confuses the education necessary for the leader with that for the subordinate, which does make provision for the lesser brethern as lesser brethren."1)

Daar moet dus eintlik twee soorte beroepskole wees: die een moet die hoër beroepsleier en die ander een die bedrewe vakman kweek en dan is daar nouliks ruimte vir die bevoegde ongeskoolde arbeider.

(i) <u>Konferensie van Tegniese Onderwys 1911</u>

Die grondslae wat in Suid-Afrika vir beroepsopleiding neergelê is, is pertinent op die Konferensie vir Tegniese Onderwys gestel wat in 1911 deur die Minister van Unie-onderwys saam met die provinsiale onderwysowerhede in Pretoria gehou is.

> "That in the opinion of this conference the trades schools should be a direct avenue into industries and that the main entrance to a technical university course should be through the science side of the ordinary high school or equivalent institution."2)

Die ambagskool sou dus as ŉ inrigting vir die opleiding van bedrewe vakmanne ontwikkel en die hoërskool sou met ŉ wetenskaplike kursus via ŉ universiteitsopleiding die toekomstige tegnici vir Suid-Afrika voorberei. So is die hoërskoolopleiding direk aan die opleiding van die toekomstige tegniese leiers verwant, en die ambagskole vir die bedrewe vakmanne, die een beplan en die ander konstrueer en werk uit.

ŉ Verdere belangrike stelling wat op die Konferensie in ŉ besluit vasgelê is, het die vakleerlingstelsel van voortsettingsonderwys deur die ambagskole veroordeel en beklemtoon dat elke vakleerling minstens twee jaar praktiese ambagsopleiding op skool moet geniet voordat die verdere vakleerlingskap onder ekonomiese fabriekstoestande in die werk

---

1. Rapport van die Organiseerder van Tegniese en Beroepsonderwys in Transvaal 1912.
2. Tegniese en Beroepskonferensie te Pretoria: Blouboek 1191 art. IV, 60.

voltooi kan word.[1] Hierdie voorsettingsklasse het sy ontstaan te danke aan die kwasie beroepsvoorbereiding van die gewone en primêre en sekondêre skole.

(ii) Sukkelgang van Ambagskole in die aanvangsjare

Daar is gehoop dat elke seun en dogter in die een of ander opleidingskool vir die ambagte en beroepe 'n vasgestelde tydperk sou deurbring op toegeruste sentra vir sulke beroepe.[2] Ongelukkig het dit egter om verskeie redes nooit werklikheid geword nie, omdat die werknemers geen voorvereistes aan aspirant-vakmanne gestel het nie; goedkoop arbeid en geen wetlike voorskrif nie was die hoofoorsake hiervoor en omdat die beroepsopleiding van die ambagskole geen finansiële voorkeur of selfs inkorting van vakleerlingskap verseker het nie. Daarenteen het die vakunies die soort opleiding vir eie voordeel streng geopponeer. Nieteenstaande die sterk teenkanting het ambagsopleiding in Transvaal toegeneem.

In Junie 1909 het die Ambagskool van Pretoria begin met tussen dertig en veertig leerlinge en het hy in 1910 reeds 53 op die register gehad. Al die teenkantinge moes deur deeglike werk uit die weg geruim word, maar die ouers het dikwels 'n deeglike opleiding in die wiele gery deur die leerlinge na ses maande of 'n jaar uit die skool te neem en in die werk te sit omdat hulle kwansuis al opleiding in die ambag het. In oorsese universiteits-tegniese kolleges is die "Sandwich-stelsel" in gebruik waar die student ses maande klas loop en ses maande in die werkswinkels praktiese opleiding ontvang, terwyl die ambagskole in Suid-Afrika soggens teorie doseer en onmiddellik in die namiddag word dit opgevolg met die praktiese opleiding in werkplase wat direk aan die skool verbonde is.[3]

1. Tegniese en Beroepskonferensie te Pretoria: Bloubock 1191 art. IV, 60. Besluit: 11, C.14.
2. Ibid., Besluit: 11, A.3
3. Rapport van die Organiseerder van Tegniese en Beroepsonderwys 1910. Sien ook Orr: Technical Education and Training, 32.

In 1911 spreek die Direkteur van Onderwys sy leedwese uit dat daar nog slegs 17 leerlinge oor is wat in Junie 1912 hul driejaarskursus in Pretoria sou voltooi het, terwyl daar in die aandklasse in dieselfde ambagskool 647 leerlinge is wat die kursus as voortsettingsonderwys probeer deurloop en 247 wat enkele vakke onafhanklik neem.[1]

Op Januarie 1912 het die burgemeester van Johannesburg die Ambagskool formeel geopen met 55 leerlinge op die register. Waar dit 200 leerlinge vir die driejaarskursus kan opneem, het dit die eerste jaar reeds 69 op die register gehad wat voldoende was, aangesien jaarliks dieselfde getal ingeskryf kon word.[2]

(iii) Bevordering van die ambagskoolidee

In Oktober 1912 is die verpligte ouderdomsgrens vir skoolverlating tot 15 opgestoot en die skoolpeil tot st. 5.[3] Aangesien die behoeftige ouers merendeels hul kinders na ambagskole gestuur het, is hulle egter nie in staat om die klasfooie te betaal nie en daarom het die Administrateur mag ontvang om beurse toe te staan wat wissel van R3.00 tot R6.00 met of sonder klasfooie.[4] Seuns in Pretoria en omgewing wat daeliks die skool kan bywoon, spaar R9.00 per maand en in Johannesburg R12.00 by wyse van losies. In sy jaarrapport dring die Organiseerder van Tegniese en Beroepsonderwys daarop aan dat die een of ander stelsel ingevoer moet word om die idee van "verdien en leer" in die vakleerlingstelsel van die myne te oortref en so die seuns na die beroepskole te trek.

> "It must be as easy for a parent to enter his son at a trades school as it is for him at present to maintain his son at any school where that son can pass matriculation."[5]

Die uitgawe 'per hoof' behoort nie hier te geld waar die toekoms van die volk en die behoeftes van die land dit regverdig nie.

---

1. T.O.D.: Jaarrapport 1911, 33.
2. Jaarrapport van die Organiseerder van Tegniese en Beroepsonderwys 1912.
3. Ordonnansie nr. 7 van 1912.
4. Administrateurskennisgewing nr. 91 van 1912
5. Jaarrapport van Organiseerder van Tegniese en Beroepsonderwys 1912

Deur die pers en deur die verenigings wat met die soort van beroepsonderwys te doen het asook d.m.v. ŉ brosjure[1] wat uitgegee is deur die Organiseerder van Tegniese Onderwys, mnr. W.J. Horne, sodat die Direkteur van Onderwys openlik verklaar het dat die soort van onderwys meer reklame geniet het as enige ander onderwys,[2] het daar geleidelik ŉ toename gekom. Die voorgestelde Nasionale Adviesraad vir Tegniese Onderwys by die Tegniese Onderwyskonferensie van 1911 te Pretoria het hul eerste verslag in 1914 gepubliseer nadat hul in 1912 in die lewe geroep is. In hierdie verslag het die klem sterk geval op die uitbreiding van teoretiese onderrig asof dit reeds voldoende sou wees vir ŉ volwaardige beroepsopleiding. Teen hierdie neiging in die verslag het Horne hom uitgespreek en betoog:

> "vocational education must contain the theory and the practice, the technique as well as the technics of each industry."[3]

Snape het in sy jaarrapport in 1912 ook bevestig dat praktyk nie veel werd is sonder die teorie nie en het verklaar

> "om een goed metselaar te zyn hoort men in staat te zyn om stenen vlug, netjies en zuinig te leggen, dooh tot welk nut is hy by het bouwen van een huis, als hy het plan van de architect niet kan lezen?"[4]

In sy jaarrapport van 1912 skets die Direkteur van Onderwys al die moeilikhede wat daar met die duur ambagskole ondervind word, nieteenstaande hulle op bykans elke openbare vorm in die pers en bykans deur al die tegniese, handels- en ingenieursverenigings wyd en syd aangeprys word:

> "Why then do these schools, which are the most typical examples of technical training for the people, hang fire? The Pretoria school has one-third of the number of day pupils that it can accommodate, though it has the advantage of a liberal supply of bursaries, and has been offering a sound scheme of trade training for three years."[5]

---

1. "The Trades School in the Transvaal" W.J. Horne.
2. T.O.D.: Jaarrapport 1912, 84.
3. Jaarrapport van Organiseerder van Tegniese en Beroepsonderwys, 191.
4. Rapport van A.E. Snape oor Tegniese Onderwys in S.A.: U.G.2: 1912.
5. T.O.D.: Jaarrapport 1912, 85.

Waar die Mynbestuurdersvereniging ingewillig het om twee jaar af te slaan van die vakleerlingskap van seuns wat die drie en ꞌn half jaarkursus in ꞌn ambagskool deurloop het, het die spoorwegadministrasie as ꞌn staatsdepartement slegs ingewillig om die eerste verhoging na ses maande te laat plaasvind vir opgeleide seuns in die ambagskole.[1]

Die Direkteur het dan verwag dat die pas aangestelde Nasionale Adviesraad vir Tegniese Onderwys onder die Uniedepartement van Onderwys baie van die moeilikhede sal help oplos. Skoolplase vir die platteland is in die vooruitsig gestel wat egter nooit verwesenlik is nie.[2]

### (iv) Die groei van ambagskole tot 1916.

Na al die openbare bespiegelinge oor en reklame vir die beroepsopleiding het daar in 1913 ꞌn beter toestand begin intree. Die onaantreklike sinkgeboue word deur die hoofgebou van twee verdiepings vervang reg langs Kerkstraat in Pretoria. Ekstra werkwinkels word opgerig vir die loodgieters en smidsafdeling, terwyl die sinklokale wat as klaskamers aan die noordekant gebruik word, aangewend sal word as gimnastieksaal. Die Pretoriase Landbou- en Nywerheidsorganisasie het klasse ingestel waarvoor leerlinge silwer- en bronsmedaljes kan kry as hulle die voorgeskrewe kursusse d.m.v. dag- en aandklasse deurloop het. Soortgelyke instellings is ook deur die Johannesburgse "Witwatersrand Agricultural Society" in die vooruitsig gestel en sal die uitstallings van die vervaardigde artikels op die tentoonstelling van 1914 beloon word.[3]

Groot uitbreiding is ook in die vooruitsig gestel vir die Johannesburgse Ambagskool, want die vloeroppervlakte vir die loodgietersafdeling moes verdriedubbel word terwyl ekstra vloerruimte vir die hout- en smidsafdelings dringend noodsaaklik geword het. Waar die Boksburgse skool moes oorstaan as gevolg van finansiële nood, is die bestaande twee ambagskole deeglik toegerus met ꞌn deeglik opgestelde leerplan vir elke ambag in die dag- sowel as die aand- of voortsettingsklasse. Pretoria

---

1. T.O.D.: Jaarrapport 1912, 85-86.
2. Ibid., 87.
3. Jaarrapport van Organiseerder van Tegniese en Beroepsonderwys 1913.

het in 1913 ŉ terugslag ondervind as gevolg van die spoorwegdepartement se besluit om die klasgelde te betaal instede van ŉ bonus vir bygewoonde klasse, asook die Pretoriase werktuigkunde-ingenieurs, wat net die klasse in Masjientekene en Rekene wou erken. In Johannesburg daarenteen het die toename in die inskrywings konstant gebly.[1)]

Van 1914 af sou al die kandidate wat nie in die vereiste skoolstanderd geslaag het nie, na die Gymnasium moet gaan, sodat slegs die middelbare skooleerlinge in die Ambagskool en Polytegniese skool toegelaat sou word. Dit is beslis ŉ verbetering, want in die jaarrapport van die Direkteur kon hy meld:

> "The two trades schools, one at Johannesburg and one at Pretoria, have had a successful year."[2)]

In Johannesburg het 88 leerlinge ingeskryf en in Pretoria 55, ŉ toename van 18 persent. Op aanbeveling van die beheerraad van die Johannesburg se ambagskool is die 3½ jaarkursus oorboord gegooi en ŉ tweejaarkursus ingestel juis omdat in Johannesburg die praktiese afdeling nie so pertinent is nie en meer aandag aan die teoretiese aspek van die beroepsvakke bestee word.[3)] Hierdeur het daar in Johannesburg ŉ sneller tempo ontwikkel juis omdat die ambagskoolstelsel die neiging toon om stadig by die publiek in te slaan.[4)] Pretoria het van sy kant weer die kommersiële vakke plus die matrikulasiekursus in die leerplanne ingevoeg, hoewel die kursusse baie duur is. Onderwysers het vir die aandklasse ekstra salaris gekry. Sowel die aanvangsuitgawes as die verbruikbare materiaal was baie hoog in prys.

Waar albei die skole in Johannesburg en Pretoria in 1913 soveel as 145 leerlinge op die register gehad het, het die ambagskool van Johannesburg in 1914 reeds 10 leerlinge meer as Pretoria gehad met ŉ totaal van 199. Aan die einde van 1915 was die verskil tussen die skole

---

1. Jaarrapport van Organiseerder van Tegniese en Beroepsonderwys 1913
2. T.O.D.: Jaarrapport 1914, 22.
3. Jaarrapport van Organiseerder van Tegniese en Beroepsonderwys 1915
4. T.O.D.: Jaarrapport 1914, 22.

reeds 49, waar Johannesburg toe 279 in sy dagskool ingeskryf het.[1]

(v) Die ambagsvakke

Die twee vakke wat die meeste in die smaak van die meeste leerlinge geval het, is dié vir elektrisiëns en ingenieurswerktuigkundiges. Onderstaande tabel dui die getalle aan wat in 1915 in elk van die twee ambagskole was:[2]

Tabel 5

| | Johannesburg | Pretoria |
|---|---|---|
| Grofsmid | 20 | 12 |
| Wamaker | 21 | 4 |
| Elektrisiën | 48 | 54 |
| Tapper (houtwerk) | 15 | 43 |
| Pas- en draaimaak | 77 | 55 |
| Loodgieter | 7 | 21 |

Met die aandklasse en voortsettingswerk is 'n groot verskeidenheid van vakke aangebied, tog is gevoel dat die leerlinge selfs in st. 6 en 7 wat vanuit 'n gewone skool toegelaat word hopeloos ver agter staan by die ambagskoolleerlinge omdat hulle glad nie Wetenskap of Algebra of Meetkunde geneem het nie.

> "Some working acquaintance with these subjects is essential even to the simplest of technical studies and as they had been taught with their technical applications from Course 1 (std. VI) in the trades school, and, apparently, more fully than is generally the case in other schools, the ex-VI boy was at a disadvatage when grouped with those who had passed from Course 1 to Course 2 in a trades school."[3]

Die twee eksamens wat deur die leerlinge afgelê moet word, is die Primêre Skoolsertifikaat en die Transvaalse Ambagskoolsertifikaat. Die minimum vereiste skoolopleiding vir toelating het dan ook gewissel van st.4 in 1909 tot st. 6 in 1915. Albei skole het nou dieselfde

1. Jaarrapport van Organiseerder van Tegniese en Beroepsonderwys 1915.
2. Ibid.
3. Ibid.

toelatingsvereistes, naamlik minstens n st. 6-sertifikaat met Rekene, Algebra en Meetkunde as vakke. Albei skole kompeteer nog steeds in 1915 op die landboutentoonstellings in die twee stede op n redelik gelyke grondslag van bevoegdheid.[1]

In Johannesburg is die aandklasse meer van n praktiese werkwinkelaard met die oog op die jong mynwerkers wat hul bevoegdhede en vaardighede wil verhoog, terwyl Pretoria weer meer teoreties is omdat die polytegniese kant van die Ambagskool elementêre kursusse in Tegnologie, Ambag, Handel en "Letters" aangebied het. In 1915 was daar in Pretoria 217 individuele inskrywings en 378 vir klasinskrywings teenoor 88 individuele inskrywings en 216 vir klasinskrywings in Johannesburg.[2]

### (c) Beroepsopleiding in industrieskole

#### Inleiding

Die verskil tussen n industriële skool en n ambagskool is kortliks dat eersgenoemde feitlik die primêre afdeling in die beroepslyn is en die ambagskool die sekondêre afdeling. Gewoonlik werk die seun in die industriële skool gedurende die skooldag in sy ambag en in die namiddag of aand neem hy sy gewone skoolwerk sonder die teorie van die ambag. Hierdie soort skool is bykans altyd selfonderhoudend as gevolg van die werk wat op kontrak teen vergoeding gedoen word. Die ambagskool daarenteen gee eers die teorie en slegs gewone skoolwerk bokant st. 5 in die eerste helfte van die dag en die ambagspraktyk vir die ander helfte van die dag. Die praktiese werk is op sekere doelstellinge gerig en kan dus nie fabriserend of kunstruerend van aard wees nie. Sulke skole kan dus nie selfonderhoudend wees nie.

Gewoonlik het die industriële skool ook nog die omgewingsfaktor wat deurslaggewend is. Meestal is daar boerdery-aktiwiteite aan die soort skool verbonde. Die ambagswerk in die skole is gewoonlik gemik op die werk van die plaas soos die herstel van plaasgereedskap, die oprig van skure, gebou en besproeiingsdamme, die bewerking van velle en

---

1. Jaarrapport van Organiseerder van Tegniese en Beroepsonderwys in Transvaal vir 1915.

2. Ibid.

die hantering van allerlei gereedskap wat op 'n plaas vir implemente nodig is. Benewens die ambagswerk van die soort skool is hul taak verder om by die seun 'n liefde vir die grond en die natuur te kweek, die versorging van diere, die bewerking van die lande, veldbeheer en die produksie van voedsel soos groente, graan en veevoer. Al hierdie opleiding moet elementêr wees sodat die seun op die plaas gehou en die emigrasie na die stede beheer kan word. Sulke skole word sterk deur die Organiseerder van Beroeps- en Tegniese Onderwys in Transvaal vir die platteland bepleit.[1)]

(i) Die ontwikkeling van die Potchefstroomse Industriële skool.

In 1910 getuig die Direkteur van Onderwys in Transvaal dat die Industriële Skool te Potchefstroom wat sedert 1904 as skool uit die weesinstelling ontstaan het, op dieselfde grondslag as die Industriële Skool te Uitenhage,

> "van den beginne heefd gebloeid, hoefdzakelik omdat de leerlingen wezen zijn en in hun onderhoud, gedurende het tijdperk van hun opleiding, ruimschoots uit Goewernementsfondsen is voorzien."[2)]

Sowat dertig of veertig van die weeskinders is reeds as ambagsmanne uitgeplaas en verdien hul eie heenkome in die lewe. Die dogtersafdeling is op 27 Julie 1910 geskei en is gehuisves noordwes van die dorp in Sacville in die ou barakke van die polisie.[3)] Hierdie skool is vir die dogters wat die Industriële skool vir seuns is. Dit word gebruik om die dogters vir die huishouding toe te rus.

Na veel moeite en arbeid het die Weeshuiskommissie die Departement van Onderwys oortuig dat 'n looiery vir die skool baie waarde sal hê. Finansiële transaksies vir die omgewing is beraam en die uitgawes bereken. In die geheel sou die instelling van die bedryf die skool tot groot voordeel strek.[4)] Die Departement het sketsplanne vir die leer-

---

1. Jaarverslag van die Tegniese en Beroepsorganiseerder vir Transvaal 1912.
2. T.O.D.: Jaarrapport 1910, 80.
3. Notuleboek van die Weeshuiskomitee van 27 Julie 1910.
4. T.O.D.: Jaarrapport 1910, 80.

looiery laat opstel en sou dit aan die Uitvoerende Komitee vir hulle oorweging voorlê. Dis egter van die hand gewys en na baie moeite is slegs geringe veranderings aan die bestaande gebou aangebring sodat dit net vir opleiding maar nie vir besigheid gebruik kan word nie.[1]

Op 13 Maart 1911 het die Bestuurskomitee op 'n vergadering besluit om leerlinge buite die weeshuis in die ambagskoolafdeling toe te laat mits hulle in vorm 1, 2 of 3 geslaag het. Hierdie stap het dus die begin geword van die toekomstige skool vir die ambagte.[2] Uit die privaat notuleboeke blyk dit egter dat die skole 'n groot finansiële stryd gevoer het.[3]

Hoewel in die jaarrapport van 1912 melding gemaak word van 'n nuwe plan om leerlinge van die Potchefstroomse Weeshuis as pottebakkers by Olifantsfontein naby Pretoria te laat oplei, blyk dit uit die notuleboeke dat 'n skema opgestel is vir die afstigting van 'n tak van die Ambagskool en Weeshuis na Olifantsfontein.[4]

Die leerlinge sou onder die toesig van kosskoolpersoneel van Potchefstroom in die losieshuis staan en sal dan in verskeie ambagte in die pottebakkersfabriek bekwaam word. Vir die begin sou 30 seuns en 17 dogters daarheen gaan teen 'n maandelikse vergoeding van R4.00 aan die komitee vir die proeftyd van drie jaar. Die geld sal ten behoewe van die leerlinge weggebêre word onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur. Na die proeftyd verby is, sal die leerlinge teen 'n salaris van R12.00 per maand in diens geneem word, met verhogings ooreenkomstig hul diens tot hul 21ste verjaardag, wanneer hulle as op-

---

1. Notule van 'n Komiteevergadering Maandag 11 November 1912.
2. Notule van Toelatingskomiteevergadering 13 Maart 1911.
3. Van 1912 af verskyn nie 'n letter van die twee Industriële Skole in die jaarrapporte van die D.V.O. of van die Organiseerder van Tegniese en Beroepsonderwys in Transvaal nie.
4. Notule van Vergadering van die Komitee, 13 Mei, 1912: Hierdie "Schema voor het oprichten van een tak van de Potchefstroom Industriële School te Olifantsfontein" sou 'n vennootschap met die "Consolidated Brick, Pottery and Lime Co., Pottery Dept." wees.

geleide vakmanne in diens geneem sal word.[1]

Op 10 Junie 1912 het die Superintendent van die Weeshuis en Ambagsafdeling bedank en is aan die hand gedoen dat die pos teen 'n maksimum van R1,000.00 per jaar geadverteer moet word, maar die verhoging van R720.00 tot R1,000.00 is deur die Departement van Onderwys van die hand gewys,[2] en is mnr. A.J. Bresler aangestel in die plek van mnr. G.H. Holmes, wat die skool sien ontwikkel het.[3] Die gevestigde industriële vakke is tydens sy hoofskap slegs verder uitgebou deur die byvoeging van afdelings veral by die meisiesskool.

Die volgende vakke is in die skool voorsien: Wamakery, Skrynwerk, Snyerswerk, Skoen- en Saalmakery, Bekleëry (voertuig en meubelkussings) Smedery, Tuinbou, Bakkery, Skilder en Looiery terwyl die dogters opleiding in die volgende beroepe ontvang het: Mandjievlegwerk, Kleremakery, Leerwerk, Spin en weef, Huishoudkunde en Naaldwerk.[4] Tot 1915 het die volgende vakke vir dogters bygekom: Bakkery, Kookkuns, Hekel en Brei, Leerwerk, Spin en weef. Mandjievleg is in Mei 1915 gestaak en is Kookkuns ingestel.

Finansieel is die inrigting deur skenkings, waarborge, verdienstes van die leerlinge en toelaes van die Provinsiale Administrasie in stand gehou.[5] Vir elke leerling in die koshuise wat nie industriële klasse bywoon nie, is R40.00 per jaar betaal, terwyl as die industriële skool wel bygewoon is maar nie die primêre skool nie, R56.00 betaalbaar is. Indien die leerling die laerskool sowel as die industriële skool bygewoon het, is 'n bedrag van R48.00 uitbetaal. Origens is R42.00 per jaar betaal aan die Weeshuiskomitee vir elke leerling op voorwaarde

---

1. Notule van vergadering van die Komitee vir 13 Mei 1912.
2. Dept. Brief nr. E 48/140 "J".
3. Dept. Brief nr. E 48/140 en Notule van 14 Oktober 1912 van Komitee.
4. Jaarrapport van Organiseerder van Beroepsonderwys 1912.
5. Goew. Kennisgewing nr. 997 van 1905, art. 42 en 43; ook Goew. Kennisgewing nr. 20 van 1912.

dat die inspekteur die instandhouding van die geboue, dissipline en sanitasiestelsels, asook die algemene huishouding bevredigend verklaar. Die salarisse van die huishouers en ambagsleerkragte is uit die gelde betaal sowel as voedsel en nuwe uitrusting. Van alle uitgawes is behoorlik verslag gedoen en die Provinsiale Ouditeur het die boeke gekontroleer.[1] Die verskillende subkomitees sowel as die aangestelde en deelsverkose hoofkomitee het hier 'n groot opvoedingsdaad aan die wesies van die land bewys om die hele inrigting te organiseer en elke stukkie werk sonder enige vergoeding van stapel te stuur.

(ii) Langlaagte

In 1910 het die komitee van die Weeshuis van die N.G. Kerk op Langlaagte 'n toelae gevra om ambagswerkplase te bou vir die seuns wat in die gewone skool aan die houtwerksentrum opleiding ontvang. Die bedrag wat toegestaan is, sou die werkwinkels se kostes dek, mits die seuns hulp verleen met die opsit van die dak. 'n Bedrag van R6,600.00 is ontvang en aangewend vir die uitbreiding van die gebou wat as handwerksentrum gebruik is. "Langlaagte is almost entirely on a voluntary basis."[2] Daar is egter op 'n klein skaal begin met werkwinkelpraktyke verwant aan die boerdery wat die skool vir sy onderhoud beheer. Die groter seuns het Timmermanswerk geleer sowel as Smedery, Skoenmakery en Snyerswerk terwyl die dogters in 'n goed toegeruste wassery met stoomkrag ervaring opgedoen het. Benewens hierdie beroepsonderrig het hulle ook nog Naaldwerk en Huishoudkunde sowel as Spin- en Weefwerk geneem.[3]

(iii) Ander industriële afdelings

In Pietersburg is onder toesig van die Departement ook so 'n industriële afdeling by die houtwerksentrum bygevoeg wat egter geensins kon vorder nie en uiteindelik tot niet gegaan het.

In 1912 was daar ook onder die Departement van Gevangenisse die Verbeteringskool te Houtpoort. Die Industriële skool op Standerton

1. Goew. Kennisgewing nr. 20 van 1912.

2. T.O.D.: Jaarrapport 1912, 88.

3. Jaarverslag van Organiseerder van Beroepsonderwys in Tvl. 1912.

was slegs vir dogter en die op Heidelberg slegs vir seuns. Hierdie jong oortreders het opleiding ontvang in die een of ander beroep en moes die plaas van die inrigting bewerk sodat die uitgawe van R60.00 per hoof verlaag kon word. Die vakke wat hulle hier geneem het, was Houtwerk, Skoenmakery, Snyerswerk, Loodgietery en Plaaswerk, terwyl die dogters op Standerton besig was met Huishouding, Naaldwerk, Kookwerk en Wasserywerk. Oor hierdie instellings het die Organiseerder van Beroepsonderwys in Transvaal misnoegd gesê dat die skole gestig is sonder om eers die Departement van Onderwys om advies te vra.

> "Dit word betreurt, omdat als er een degelik georganiseerd systeem van technies onderwys zal zijn, het Departement van Onderwijs niet alleen elke individuele inrichting behoorde te inspekteren en te beheren, doch een gelijkvormig systeem moest invoeren. Zulke inrichtingen moeten nationale inrichtingen van gelijke rang sijn....."[1]

(d) Huishoudskole

Inleiding

Hierdie soort tegniese onderwys is meer daarop gemik om die dogter vir haar toekomstige lewe in die huis as moeder voor te berei; tog sal daar verskillende vakke wees waarin die een of ander beroep beoefen kan word. Die doeltreffendheid in die huis vir dogters is net so belangrik as die doeltreffendheid van die kantoor vir die kantoordame en die werkwinkel vir die ambagsman. Om n huishouding ekonomies, higiënies en doeltreffend waar te neem, is belangriker as om enige beroep doeltreffend te beoefen. Die toekoms van die kind en so van die volk is in die hande van die moeder wat deeglike opleiding vir haar beroep waarvoor sy bestem is, ontvang het. Met die stigting van die skool in Johannesburg in 1913 het die Direkteur verwag dat die toestroming aansienlik sou wees.[2]

(i) Huishoudskool te Leydstraat, Johannesburg

In 1911 het die Departement magtiging ontvang om n Huishoudskool in die ontruimde Hoër Meisieskoolgebou in Leydstraat, Johannesburg in

---

1. Jaarverslag van Organiseerder van Beroepsonderwys in Tvl. 1910.

2. T.O.D.: Jaarrapport 1912, 90.

te rig. Die verandering van die gebou het die instelling van die skool tot 21 Januarie 1913 vertraag, toe dit met 92 leerlinge op die register begin is.[1] Die vakke wat geneem kon word, was Kookkuns, Wasserywerk, Kleremakery en Hoedemakery. Bekleding van kussings en Huisvrou aktiwiteite is nie so maklik om te kombineer in ŉ kursus nie, tog kon die Huisvrousertifikaat van die Nasionale Adviesraad vir Tegniese Onderwys verwerf word.

Die inrigting het voorsiening vir drie groepe studente gemaak. Die vernaamste groep het uit dogters bestaan wat hul gewone skoolkursus voltooi het en die rigting bo ŉ middelbare skoolloopbaan verkies, terwyl die ander groep jong huisvrouens is, wat begerig was om voordeel uit die kursus in huisvlyt te trek. Hulle het gewoonlik afsonderlike kursusse gevolg en nie vir ŉ sertifikaat gewerk nie. Die derde groep het die voorbereiding vir huishoudkunde-onderwyseresse ten doel gehad wat in staat sou wees om sowel Kookkuns as Naaldwerk, Wassery en Huishouding in die handwerkklasse van die gewone skool te gee.

> "The first group of students will complete their training in June next, after a two years' course. They should be valuable recruits to this branch of the teaching staff."[2]

In 1915 het dit duidelik geword dat die beskikbare huisvesting by die Huishoudskool nog voldoende is. Dit kon om en by 500 studente huisves en die inskrywing was toe 173 in die huisvrouafdeling en 89 jong dames.

> "This domestic science school ought to be one of the most flourishing of the Johannesburg educational institutions."[3]

(ii) Huishoudskool te Pretoria

Na aanleiding van die sukses van die skool in Leydstraat het die Departement ook in 1914 ŉ huishoudskool in Pretoria in die lewe geroep en wel in die oostelike koshuisgebou van die "Girls High". Die twee

---

1. T.O.D.: Jaarrapport 1913, 53.
2. Ibid., 1915, 26.
3. Ibid., 26

skole het tesaam 158 leerlinge gehad waarvan nege hulle as onderwyseresse in Huishoudkunde voorberei het.[1]

Die dame wat aan die hoof van die huisvlytrigtings in Transvaal gestaan het, was mej. Du Boulay.

(e) Handelskole

Inleiding

Vir die opleiding van die toekomstige kantoorklerke is daar behalwe die enkele handelsvakke in die gewone hoërskole, wat meer bedoel was as 'n handwerkvak, tot in 1913 geen voorsiening gemaak nie. In 1911 is wel toestemming gegee dat 'n handelskool in Johannesburg begin kon word, maar die ruimte daarvoor moes eers verkry word. In hierdie skole is sowel die seuns as die dogters voorberei om as klerke, boekhouers, snelskrifskrywers en selfs as brieweskrywers in diens geneem te word. Die soort diens het dan vereis dat die kandidaat 'n redelike kennis van sowel tale as van rekene gehad het. Met die oog op die omvangrykheid van die sakewêreld in Johannesburg, die Rand en Pretoria kon verwag word dat hierdie area weldra goeie skole tot stand kan bring.

(i) Handelskool in Troyville, Johannesburg

In 1911 is magtiging ontvang om in Johannesburg 'n skool te stig wat die gewone middelbare skool vervang vir die leerlinge wat in klerklike rigtings wou kwalifiseer. Die gedagte het dus ontstaan om al die leerlinge wat nie verder as die laerskool wou gaan nie, saam te voeg in 'n skool wat as 'n voortsetting van die laerskool sou geld. So is die Troyvillese laerskool[2] in gebruik geneem en kon die Direkteur reeds al in sy verslag meld van die welsale van die skool in sy stigtingsjaar, "sodat zijn kursus verzekerd schijnt". Reeds al in die tweede jaar van sy bestaan is die skool te Troyville van die Central School as laerskool geskei en oorgeplaas na die ou munisipale gebou. Daar was nie net 'n groot toename in leerlinge nie, maar die eksamensuitslae was ook skitterend.[3]

1. T.O.D.: Jaarrapport 1914.
2. Ibid., 1913, 33.
3. Ibid., 1914, 24.

In 1915 moes die Direkteur daarvan melding maak dat die Hoër Handelskool in Johannesburg goed gevestig is met ŉ inskrywing van 286. Die kursus wat vroeër net vir die een of ander beroepsvak soos Tikskrif of Snelskrif of Boekhou geskik was, is in 1915 so verander dat studente vir ŉ hele kursus moes inskryf. Dit het dan nie die engere tegnieskommersiële kunste alleen ingesluit nie, maar ook aanverwante vakke wat noodsaaklik is vir ŉ algemene hoër opleiding in die rigting van so ŉ beroep. So het die kursus ingesluit: Geskiedenis, Aardrykskunde, Rekene en die twee tale, veral van toepassing by die handelsberoep. Die voorsitter van die Kamer van Koophandel het hierdie kursus baie aangeprys en die studente in ŉ praatjie verduidelik dat

> "mere skill in technical subjects such as typewriting and shorthand would not open up many avenues. It must be wedded to that wide and intelligent outlook which only a liberal education can give."[1]

(ii) Ander Handelskole

In Pretoria is in 1915 ook ŉ Hoër Handelskool in die ou gebou van die "Girls High School" in Visagiestraat gestig. Dit geskied in ooreenstemming met die begeerte van die Raad van Onderwys in Transvaal wat in hul tweede rapport beklemtoon het dat na st. 7 leerlinge ook in die handelsrigting moet kan ontwikkel.[2]

Hierdie skool is op dieselfde lees geskoei as die een in Johannesburg. Ook is ŉ Demonstrasiekool vir die praktiese opleiding van onderwyskollegestudente in Pretoria en Johannesburg gestig om al die laerskoolleerlinge wat in st. 6 geslaag het, in ŉ sekondêre afdeling van bestaande laerskole saam te trek.

> "This Commercial School - to use the name it is likely to be known by - will also fill another long-felt want. It is to serve as a demonstration school in connection with the Normal College."[3]

Verder sou die soort skool in die woorde van die Direkteur die noodsaaklike wisselwerking tussen teorie en praktyk vir ŉ voltooide onderwysplan bewerkstellig.

---

1. T.O.D.: Jaarrapport 1915, 25.
2. Ibid., 1915, 19.
3. Ibid.

Presies in ooreenstemming met die beginsels wat in Pretoria en Johannesburg gevolg is t.o.v. die st. 6 leerlinge wat nie met gewone klasse verder wil gaan nie, is ook in Boksburg ŉ handelsafdeling aan die Boksburg Central School gestig. Die kursus sal die algemene opvoedingspeil verhoog met ŉ neiging na die beroepskant in handel. In Krugersdorp is die handelsafdeling by die hoërskool, "Krugersdorp High School", as inrigting ingevoeg. Dit sal ŉ nuttige eksperiment wees om ander inrigtings vir hoërskoolvakke op dieselfde wyse uit te brei.[1)]

(f) Samevatting

Met die daadkrag en beslistheid waarmee die Transvaalse Onderwysdepartement tegniese en beroepsonderwys sedert die Konferensie van 1911 aangepak het, sou verwag kon word dat die vernaamste doelstelling van die opleiding, naamlik om die vakman van die toekoms nie net ŉ arbeidende nie, maar ŉ selfontwikkelde, skeppende lid van die volk te maak, verwesenlik sou word, en dat die Suid-Afrikaanse nywerhede daardeur ŉ groot stoot sou ontvang. Benewens die nuttigheidsdoel moes daar ook nog die patrioties-opvoedkundige doel ingedien gewees het. Dit was dan seker ook die veronderstelling van die Nasionale Adviesraad van Tegniese en Beroepsonderwys dat meer tegniese werk aan die skoolleerlinge voorsien moes word en minder praktiese werk. Telkemale is deur die Organiseerder van Tegniese en Beroepsonderwys in Transvaal daarop gewys dat beroeps- en tegniese onderwys van nasionale belang vir die volk is en dat die volkshuishouding kerngesond gehou moet word veral wat sy invoer- en uitvoerhandel betref. Hoe meer selfonderhoudend, hoe meer onafhanklik ŉ volk in die wêreld staan en daarom moes die onderwys, die nywerhede en die staatsbedrywe op ambags-, tegniese en handelsgebied in baie noue voeling met mekaar gewees het, desnoods onder een beheer.

Die volwaardige ambagskole het dus ŉ opdraande stryd gehad. Almal was gediend met die kwasie vakopleiding in die gewone skole sowel as met die deeltydse voortsettingsonderrig in enkele losstaande beroeps-

1. T.O.D.: Jaarrapport 1915, 20.

**OORSPRONKLIKE LEDE en OPRIGTERS van die POTCHEFSTROOMSE WEESHUIS (AMBAGSKOOL) 1903**



*1ste Ry (v.l.n.r.):* H. C. du Plessis, Komdt. F. Wolmarans, Komdt. T. Dreyer, Ds. J. Botha.

*2de Ry (v.l.n.r.):* J. C. H. Pistorius, D. Dalton, J. E. van der Merwe, S. Kriegler, L. Geldenhuys, M. König, D. Yssel.

*3de Ry (v.l.n.r.):* Dr. Mortimer, C. Rocher, M. Prinsloo, J. W. Gaisford, F. Conradie, J. Perold, Arenstein, C. L. Olen, Yssel, A. J. Zinn, I. H. Vermooten.

*Voorste Ry (v.l.n.r.):* G. Schoeman, H. van der Hoven, Genl. P. Liebenberg, P. Joostè, C. H. Holmes, J. B. Skirvin, Ds. M. L. Fick J. M. C. Durr, Scott, H. Bosch. H. van Aswegen.

vakke. Die besighede en die nywerhede het na die goedkoop arbeid gesoek en die arbeidsgroepe het met halwe opleiding geringer en swakker dienste gelewer. Wat die Departement van onderwys met die beste bedoeling aangebied het, het 'n nadelige uitwerking op die jeug gehad. So is leerlinge met 'n opleiding in óf Houtwerk óf Tikskrif óf Boekhou óf Huishoudkunde óf Kookkuns óf selfs Naaldwerk na die stede gedryf om 'n heenkome met daardie halfgeskoolde beroepsvak te vind. Telkemale is deur tuinboukundige opleiding gepoog om 'n liefde vir die bodem te kweek, en so die plaaskind op die land te hou, maar tevergeefs. Die verhuising het geleidelik toegeneem namate die beroepsvakke meer en meer leerlinge betrek het.

Tog is die stryd wat die werklike ambagskole gevoer het deur die toenemende aanbod op die arbeidsmark nog meer verskerp.

> "Die Stompsinnigheid van ouers wat hul seuns as bodes, hysbakdrywers ensomeer teen R10.00 per maand laat werk, verruil hul kinders se toekoms vir 'n pot lensiesop terwyl die konserwatisme en skeptisisme van die werkgewers of liefs hul tegniese adviseurs en werkslui te bowe gekom moet word",

aldus die Jaarrapport van die Organiseerder van die Tegniese en Beroepsonderwys in 1912. Sou die vraagstuk nie minder dringend gewees het as die gewone skole liefs die teoretiese of tegniese aspek van die ambagte aangebied het nie. Daartoe was nodig verpligte opleiding tot in st. VI in die laerskool met Tekene, Rekene en selfs eenvoudige meetkundige feite vakke wat onontbeerlik is vir ambagsopleiding en wat die duur soort onderwys weer moes gaan voorsien ten bate van die hand-oog-kombinasie.

Die stelsel in Transvaal het daarenteen die arbeidsmark oorlaai en saam met die oorlogsontwrigting tot die groot depressie van 1922 bygedra.

## B. DIE ONTWIKKELING IN DIE O.V.S.

### Inleiding

In die Oranje-Vrystaat het die tegniese en beroepsonderwys nie net die skyn gegee dat die owerheid doelgerig opheffing van die armblankedom voor oë het nie, maar insonder om die volk iets nuttigs te leer waarmee hulle hul kan besig hou in hul huise en boonop aan die inherente skeppingsdrang uiting kon gee. Opvoedkundige oorwegings sou hier beslis 'n baie belangriker rol gespeel het as by enige van die ander provinsies. Vandaar dat sowel die Huisnywerheidsraad as die Naaldwerkdepot van Bloemfontein hulle beywer het om die oprigting van skole oor die hele gebied om die handwerkvakke veral vir dames aan te leer en later die vervaardigde goedere te verkoop en vergoeding vir die arbeid te betaal.

By al drie die ander provinsies is gevind dat die kinders van die volk vanweë die uitgestrektheid van die platteland nie in skoolgeboue saamgetrek kon word nie en daarom is verpligte onderwys nie met volle skerpte toegepas nie. Die O.V.S. daarenteen het die gewone skoolwerk oor die hele gebied versprei deur verantwoordelike skoolkomitees vir elke skool te stig met meer verantwoordelikhede as in sowel die Kaaplandse as die Transvaalse onderwysstelsels. Daarby het hulle nog die beroepsonderwys in die hande gelaat van Rade wat oor die hele gebied kon werk sonder om te vrees dat ander liggame se terrein betree word. Die industriële skole is in verskeie dorpe opgerig, terwyl die tegniese onderrig feitlik in Bloemfontein gekonsentreer is, want bykans al die hoër opleiding het daar in verskillende soorte skole plaasgevind en die handelsonderrig is ook in die leergang van die middelbare en hoër onderwys saam met Houtwerk, Huishoudkunde en Landbou ingesluit.

Die indruk wat deur die O.V.S. se onderwysverslae geskep word, is dat die belange van elke groep t.o.v. tegniese en beroepsonderwys op die een of ander manier probeer gedien word. Sowel volwassenes as kinders word in tegniese klasse saamgesnoer. Kortkursusse vir onderwysers kan ook deur die gewone volwasse persone bygewoon word. Na 'n paar jaar volharding kan leerlinge in beroepsvakke onderrig gee en word

hulle aan beurse gehelp in hul opleiding as onderwysers. Dis 'n omvattende stelsel van beroepsonderrig.

(a) Beroepsonderwys in gewone skole

Waar die tekort aan opgeleide onderwysers(esse) 'n stremmende uitwerking op die verskaffing van tegniese en beroepsonderwys in die skole in al die provinsies gehad het, daar het die O.V.S. in 1910 reeds al begin om die leerkragte vir die doel voor te berei. Behalwe die opleiding in die Normaalskool te Bloemfontein is die Politegniese skool reeds in die vooruitsig gestel[1] - 'n inrigting wat al die opleidingswerk vir tegniese en beroepsonderwys in die toekoms sou onderneem.

Aan die gewone skole in Bloemfontein, veral die afdeling vir dames, is deur die lektrise aan die Normaalskool onderrig gegee behalwe dat in Kookkuns, Modemakery en Kunsnaaldwerk onderwyseresse

> "voor korte perioden tegelijk in verscheiden grotere dorpscholen werden aangesteld, waar onderricht werd gegeven sowel aan schoolmeisjes als aan volwassenen, gewoonlik met bevredigende resultaten."[2]

'n Instruktrise, mej. Wilson, het die toesig oor die industriële opvoeding van vroue gehad en die vordering wat gemaak is, blyk duidelik uit haar jaarverslae. In die Meisieskool Oranje is gereeld Kookkuns, Kleremakery, Modemakery, en Kunsnaaldwerk gegee en hierby het sowel die aspirant onderwyseresse van die Normaalskool as die dogters van Eunice Hoërskool ook aangesluit. Vir 1910 was daar nie 'n styging in die getal leerlinge nie, maar

> "sedert Januarie 1911 is er een duidelike vermeerdering geweest in het getal schoolbetalende leerlingen."[3]

Mej. Dupré, wat vroeër in Vrede onderrig aan skooldogters en aan volwasse dames verskaf het, is teen die sin van die skoolkomitee in Januarie 1911 na Bethlehem oorgeplaas waar sy dadelik in die St. George's Klub met Kookkuns, Huishoudkunde en Naaldwerk begin het.

---

1. Onderwysdepartement O.V.S.: Jaarrapport van Direkteur 1910, 16.
2. Ibid., 1911, 28.
3. Jaarverslag van Organiseerster vir Industriële Onderwys, 1911.

> "Er was ongelukkig geen andere onderwyzeressen in het koken beschikbaar en de Ladybrand techniese school die suksesvol deur mej. Dawson gevoerd was, moest gesloten blijven."[1]

In Frankfort het mej. Hudson naaldwerkklasse gegee aan skooldogters en aan volwassenes terwyl mej. Havemann na die naaldwerkdepot in Bloemfontein oorgeplaas is. In 1912 is die pos van "Organiseerster van Technies Onderwys voor Vrouwen" afgeskaf en het die Politegniese Kollege die voorbereiding van onderwysers(esse) in tegniese rigting in tydelike geboue in Bloemfontein begin.[2]

Vir seuns is in die gewone skole weinig gedoen behalwe dat met die oprigting van die nuwe middelbare skole voldoende voorsiening vir laboratoria en handwerk sentra gemaak is.

Uit 1916 se jaarrapport blyk dit dat in enkele skole Houtwerk en Kookkuns aan seuns en dogters onderskeidelik voorsien is.[3] Van die ander handwerkvakke soos Kartonwerk, Naaldwerk, Huishoudkunde as beroepsvakke in die gewone skool word nie melding gemaak nie. Selfs in die onderwys-voorbereidende skole is geen aandag aan die beroepsvakke gegee nie.[4]

(1) <u>Handelsvakke</u>

Daar word melding gemaak in die rapporte van die Direkteur van Onderwys dat tegniese vakke in verband met handelsrigtings in enkele skole voorsien word en dit blyk ook uit die eksamenuitslae van die Suid-Afrikaanse Kamer van Koophandel wat in oorleg met die Nasionale Adviserende Raad vir Tegniese Onderwys handelsertifikate uitreik.

---

1. Jaarverslag van Organiseerster vir Industriële Onderwys 1911.
2. Jaarverslag van Direkteur van Onderwys vir 1912.
3. Gedurende die jare 1914, 1915 is daar nie jaarrapporte uitgegee nie vanweë 'n reeks van oorzaken, doch hoofdzakelik wegens de geldelike druk en het gebrek aan fondsen in 't algemeen." Die 1916-jaarrapport is derhalwe 'n samevatting van die vorige twee jare. Kyk O.D., O.V.S.: Jaarrapport van Direkteur van Onderwys 1916, 33.
4. O.D., O.V.S.: Jaarrapport van Direkteur van Onderwys 1916, 33.

Met individuele vakke is geredelik gevorder,

> "maar ongelukkig is er tot nog toe geen voorziening gemaakt voor een volledige handelskursus, zoals noodzakelik word geacht voor behoorlik handelsonderricht."[1]

Die Normaal- en Politegniese Kollege werk egter saam om leerkragte voor te berei om eerstens te voorsien waar die behoeftes die sterkste na vore tree. Reeds leer leerlinge van die skole in Bloemfontein t.w. Brebnerskool, Greykollege, Eunice Dames Instituut en die Klooster se leerlingehandelsvakke en later word hierdie vakke deur die Politegniese Instituut waargeneem.[2]

(b) Beroepsopleiding aan die Normaalskool, Bloemfontein

Waar die Normaalskool onder leiding van mej. Firks goeie werk in die verlede gedoen het, daar het die Direkteur van Onderwys in 1911 die skool oorgeneem en dit verdoop na "Normaal Opleidingskollege" en is die studente van die twaalfde kursus in staat gestel om behoorlik toegerus te word met kursusse vir die Derdeklassertifikaat.[3] Van die 44 studente het slegs drie dames hul kursus in tegniese rigting wou voltooi naamlik in Kookkuns, Naaldwerk, (Modemakery en Kunsnaaldwerk). Die sillabus in die kursus in Natuurkennis is so gewysig dat die studente waar hulle op die platteland aangestel sou word, in staat kon wees om Landbou en Tuinbou aan die leerlinge te voorsien.[4]

Vir die jare 1913, 1914 en 1915 het daar altesaam 273 onderwysers gekwalifiseerd uit die Normaalkollege in diens van die Departement getree en daarvan het 28 in die beroepsrigting gespesialiseer. Die nuwe Politegniese Instituut en die Normaalkollege het ook in 1916 se begin hul nuwe gebou betrek wat R53,338.00 gekos het en waaraan 'n verdere R44,000.00 gespandeer sou word. Deur vakansiekursusse is onderwyser (esse) in Bloemfontein spesiaal in die handwerkvakke onderlê sodat wanneer dit ingevoer kan word, die nodige leerkragte voor hande kan wees.[5]

---

1. O.D., O.V.S.: Jaarrapport van Direkteur 1916, 43.
2. O.D., O.V.S.: Jaarrapport van Direkteur van Onderwys 1912, 12.
3. Ibid., 1910, 15.
4. Ibid., 1912, 23.
5. Ibid., 1916, 36.

Die vakke waarin onderrig voorsien word, is Houtwerk, Kartonwerk, Natuurkennis asook Kindertuin.

Van 1913 af het die Departement van Onderwys sekere skole toegelaat om kwekelingonderwysers voor te berei sodat hulle na 'n jaar se opleiding aan die Normaalkollege en Politegniese Instituut in staat sal wees om die Derdeklas onderwysersertifikaat te verwerf. Die Tweedeklassertifikaatstudente moes 'n kursus in handwerkvakke of handelsvakke volg. In die Handelsvakke het 28, 24 en 64 studente van die Politegniese Instituut in die jare 1913, 1914 en 1915 onderskeidelik in die eksamen van die Kamer van Koophandel geslaag.[1)]

(c) <u>Politegniese Kollege te Bloemfontein</u>

Die Politegniese Kollege wat reeds in 1910 in die vooruitsig gestel is, is eindelik in Julie 1912 geopen met MacDonald as hoof en vyftien goed onderlegde leerkragte. Die doel van hierdie inrigting is deur die Direkteur omskryf,[2)] en sou al die tegniese opleiding in Bloemfontein en omgewing voortaan aan die Kollege geskied. Die onderwysers (esse) wat voorheen aan die Normaalskool vir tegniese rigtings opgelei is, sowel as die onderwysklasse van die Huisnywerheidsraad van Bloemfontein is in die Kollege saamgevoeg sodat alle tegniese opleiding vir leerkragte in die toekoms aan die een inrigting kon geskied.

Die Provinsiale Administrasie het die stigting van die skool goedgekeur en 'n bedrag van R20,000 bewillig vir die oprigting van die kollegegebou. Intussen egter het die werk in tydelike lokale begin, wat verspreid oor die dorp geleë was. Die volgende vakke is in die kollege verskaf aan leerling en studente wat hulle vir die onderwysprofessie in die vakke wou bekwaam:[3)]

Naaldwerk, Klere- en Hoodemakery, Kookkuns, Wassery en Stryk, Kunsnaaldwerk, Spin en Weef, Gimnastiek, Vokale Musiek, Instrumentale (klavier), Teorie van Musiek, Viool, Handelsvakke, Tekene, Skilderkuns, Engels, Hollands, Houtwerk, Houtsneewerk, Metaalwerk, Kleiwerk, Kar-

---

1. O.D., O.V.S.: Jaarrapport 1916, 49.
2. Direkteur van Onderwys O.V.S.: Jaarrapport 1911, 16.
3. Jaarrapport van die hoof van die Kollege 1912.

tonwerk, Mandjiesvleg, Gesondheidsleer.

Gedurende die eerste jaar het die leerlinge van skole in Bloemfontein van die leerkragte van die kollege gebruik gemaak, sodat die aantal leerlinge van 90 in September tot 120 toegeneem het in die dag- en in aandklasse aan 155 leerlinge onderrig gegee is.[1]

> "Sedert de reorganisatie in 1912 is het Normaal Opleidingskollege, waaraan nauw verbonden is het Polytechnies Kollege, met rasse schreden vooruitgegaan, en heeft ten volle aan de gekoesterde verwachtingen beantwoord als middel om wel toegeruste onderwijzers voor die onderwijs posten in deze Provinsie te verschaffen."[2]

Die twee opleidingsinrigtings is dus verenig sodat die produk van die O.V.S. deeglik toegeruste leerkragte sal wees. Soos in Kaapland het die O.V.S. ook geprobeer om sy leerkragte te kweek wat aan land en inwoners met hul eienaardighede en tradisie bekend sal wees.

(d) <u>Industriële skole</u>

(i) <u>Goewermentsindustriële skool, Bloemfontein</u>

In hierdie skool wat in 1907 begin is om die swak opgeleide spoorwegseuns beter toe te rus, ('n skool wat voorheen uitsluitlik deur die spoorweë in stand gehou en deur die Departement van Onderwys oorgeneem is om industriële onderrig aan seuns te voorsien wat nog nie die vereiste skoolstandaard behaal het nie,) word na 1911 alle seuns toegelaat wat om die een of ander rede nie die minimum vereiste skoolprestasies naamlik st.4 besit nie. Hierdie seuns word dan opgelei in die handwerkvakke deur die skooldag en spandeer saans hul tyd aan gewone skoolvakke. Met die Tegniese en Beroepsonderwyskonferensie te Pretoria in 1911 is besluit

> "dat in de opinie van deze Konferensie het systeem van buitenshuis leerlingschap van studenten bij plaatselike firmas voor jongens in Industriële Scholen niet langer worde gevolgd, maar dat zij behoren opgeleid te worden in werkwinkels, die tot de school behoren."[3]

---

1. Jaarverslag 1912 van die Hoof van die Normaalkollege en die Politegniese-kollege.
2. O.D., O.V.S.: Jaarrapport 1916, 9.
3. Konferensie vir Tegniese, Industriele en Beroepsonderwys 1911.

en daarom is die oprigting van die werkwinkels in Bloemfontein dadelik aangepak sodat die skool in 1912 sy eie werkwinkels in gebruik geneem het. Slegs vakke soos Drukkuns en Meganiese Ingenieurswerk wat weens 'n tekort aan uitrusting nie in die skool gevolg kon word nie, is in die dorp by die privaat firmas geneem.[1)]

Die vakke wat in die skool voorsien is, het ingesluit Timmermanswerk, Wamakery, Smidwerk, Hoefsmidswerk, Tuie- en Skoenmakery asook Kleremakery (Snyerwerk). Waar daar van 1907 tot 1911 oor die 400 aansoeke vir toelating in die skool gekom het, kon slegs 80 vanweë die tekort aan ruimte opgeneem word. Die gelde wat deur die seuns as lone vir vervaardigde artikels verdien is, het in 1911 R568.50 beloop en die geld is nie in die skoolfonds nie, maar in die skatkis van die staat inbetaal. Die seuns het die eksamen afgelê wat deur die Transvaalse Tegniese Instituut afgeneem is en twee het in 1911 die beste in die O.V.S. gevaar. In 1912 het een seun die beste resultate in Suid-Afrika behaal en verskeie ander het goeie resultate in Masjienkonstruksie en Werktuigkunde behaal. Alles in die vermoë is gedoen om die standaard werk te verhoog.[2)]

Die seuns het gedurende die jaar 1912 nie minder as R2,501.66 verdien nie en daarteenoor was die totale uitgawe vir alles in die koshuis en skool R3,787.78. Hierby is ook ingereken die bonusse uitbetaal aan seuns wat die skool verlaat het. Weer eens is gerapporteer dat slegs 'n kwart van die 400 aansoeke (selfs uit Transvaal en Kaapland) waarvan die ouers bereid is om skoolgelde te betaal, weens gebrek aan ruimte toegelaat kon word.[3)]

Tot in 1916 was die totale verdienste van die jong vakmanne in die skool R13,894.00 waarvan aan bonusse oor dieselfde tydperk R1,786.00 uitbetaal en 'n bedrag van R12,055.89 in die skatkis inbetaal is. Die seuns het die verkreë materiaal verwerk en elkeen het in sy ambag on-

---

1. O.D., O.V.S.: Jaarrapport 1911, 240.
2. Verslag van die Hoof van die Goew. Industriële Skool, Bloemfontein vir 1912.
3. Ibid.

dernemings gehad met openbare liggame, staatsdepartemente, dorpsrade of privaat besighede en het dan die bestelde artikels vervaardig en van die hand gesit. Aan die kleremakersafdeling was daar ꞌn diepgevoelde behoefte, want die klerasie van die seuns het die grootste struikelblok opgelewer en as daar ꞌn kleremakersafdeling bestaan het, kon die seuns se oorpakke in die skool vervaardig word.[1)]

"In gewoon schoolwerk is er redelik vooruitgang gemaakt ook in meer technies onderricht."[2)]

Behalwe dat die seuns by die skoolvakke soos Rekene, Meetkunde, Tekene soos by hul ambagte toegepas bestudeer het, het enkele van hulle by die "Spoorweg Techniese Avondklassen", Meganiese Tekene en Rytuigontwerpkunde geneem. Een van die seuns het dan in 1913 die Abe Bailey-Gouemedalje verower omdat hy in die afgelegde tegniese eksamen onder die Tegniese Instituut van Johannesburg die hoogste punte ingeoes het.

(ii) Goewermentshuishoudskool te Bethlehem

Met die opening van die skool op 1 April 1912 was die enigste ruimte die kombuis en eetkamer van die Spin- en Weefskool en is aan die leerlinge van die skool ook die eerste tegniese klasse in Kookkuns en Huishoudkunde gegee. Voor die einde van die jaar was daar sestien leerlinge op die rol en het dit in 1913 met 36 leerlinge begin wat daarop dui dat die soort beroepsopleiding by die publiek erg in aanvraag was.

ꞌn Groot struikelblok was die ruimte, want telkemale is van die gehuurde lokale na ruimer kamers verskuif. Teen die einde van die jaar het die nuwe seunskoshuis vir die hoërskool beskikbaar geword en kon die ou seunskoshuis vir klaslokale en kombuise vir die Huishoudskool ingeruim word. In dieselfde jaar het die Departement van Onderwys die vier erwe wat deur die munisipaliteit geskenk is oorgeneem, en met ꞌn nuwe Huishoudskool en koshuise begin.[3)]

ꞌn Plaaslike komitee is aangestel om toesig oor die skool te hou en

---

1. Verslag van die Hoof van die Goew. Sentrale Industriële Skool Bloemfontein 1913 - 1916.
2. Ibid.
3. O.D., O.V.S.: Jaarrapport van Direkteur, 1912, 32.

is die Kuratorium uit vyf dames en vier mans ingestel wat maandeliks vergader het en die belange van die skool op die hart gedra het. Die personeel het uit drie dames bestaan wat sowel die praktiese as die teoretiese werk behartig het. Toelating is alleen toegestaan aan leerlinge wat st. 4 behaal het, behalwe natuurlik die spesiale vakke wat aan kinders van die Weeshuis en dogters van die Hoër- en die Spin- en Weefskool nå ure gegee is.[1]

In Junie 1915 het die Administrateur die nuwe skoolgebou geopen en het die aantal leerlinge van 52 na 35 gedaal weens die onrustige toestande en die vrees van ouers om hul kinders van die huis áf te laat gaan. Die aanbieding van die lesse was so prakties moontlik omdat die meeste dogters uit plaaswonings kom. Behalwe die gewone vakke soos Kookkuns, Huishoudkunde, Was en Stryk, Kleremakery en Modemakery, het die Hoofde, mev. van Gent, ook om melkkoeie gevra sodat suiwelprodukte verwerk kon word. Die skool is vir alle praktiese vakke vir dames ingerig en sal daar seker goeie vordering gemaak word.

(iii) <u>Ficksburg se Industriële Afdeling</u>

In 1914 het die middelbare skool die leerlinge met hoë ouderdom, en wat nog nie st. 4 geslaag het nie, geskei om die industriële afdeling van die skool te vorm. Daar was aanvanklik 6 seuns en 3 dogters. In Junie van dieselfde jaar het die getal al gestyg tot 34. In die skool is daar aan al die seuns Houtwerk en aan die dogters Naaldwerk en Kookkuns gegee, terwyl die Industriële Afdeling behalwe die gewone vakke ook nog meer praktiese werk geneem het in vakke soos Houtwerk, Naaldwerk, Kookkuns, Was en Stryk en Algemene Huishouding. In 1916 het die Hoof van die Afdeling egter vertrek.[2]

(iv) <u>Ladybrand se Industriële Skool</u>

In die jaar 1916 - 17 sou die skool opgerig word aangesien die geld reeds op die begroting geplaas is, maar

> "geen verdere nieuwe industriële scholen werden gedurende het tijdperk van het Rapport geopend."[3]

---

1. Rapport van die Hoof, 1916.
2. O.D., O.V.S.: Jaarrapport 1916, 57.
3. Ibid., 43.

(c) Beroepsonderwys onder die "O.V.S. Huis-Industrie Raad"

Die Raad se opleidingskool in Bloemfontein met die vier studente wat met beurse gestudeer het, is in 1912 aan die Departement van Onderwys in ruil vir die Naaldwerkdepot in Bloemfontein oorgemaak. Nou is die twee inrigtings wat besig is met fabrikaatverwerking en die verkoping van die vervaardigde artikels oor die hele land verenig. Vir hul vervaardigingsproses het hulle verskeie skole oor die hele provinsie gestig waar skoolkomitees seggenskap gehad het. In hierdie skole word onderrig in die Spin- en Weefkuns gegee en leerlinge ontvang gare om te weef en party leer spin en andere weef sodat die skool grootliks selfstandig produseer. Al die goedere word egter deur 'n sentrale kantoor in Bloemfontein van die hand gesit. Soortgelyke werk word ook deur die Naaldwerkdepot onderneem. Opgeleide onderwyseresse verskaf voorligting in die maak van hoede, modes, klere, kostuums ensomeer en die depot sit die goedere van die hand en betaal die werksters uit hul arbeid. Die Raad het onder sy toesig in 1912 skole te Philippolis, Bethlehem, Ficksburg, Ladybrand, Parys, Roodepoort, Bloemfontein, Bultfontein en Goedemoed gehad. By elke skool was 'n voltydse onderwyseres en was daar van 8 tot 15 persone op die register. Nie net aan skoolkinders is onderrig gegee nie, maar ook aan jong skoolverlaters en huisvrouens.

In 1912 het sewe onderwyseresse onder die Raad in hul eksamens geslaag en is aan twee beurse gegee om in Nederland in Spin- en Weefkuns te gaan kwalifiseer. Drie studente het beurse ontvang om in die Politegniese Kollege te Bloemfontein in die onderwys te studeer.

Waar skoolkomitees die finansiële sake te moeilik vind, is dit deur die Raad self oorgeneem sodat die onderwys nie daardeur in die wiele gery is nie. Die apparaat is dan op die pond-vir-pond-stelsel voorsien en die Raad se organiseerder, Milroy, het die skole gereeld besoek om alle vraagstukke te ondersoek en op te los. Die stelsel van vervaardiging het bykans op 'n wyduiteengestrekte fabriek gelyk en die goedere was oor die hele land in aanvraag.[1)]

1. Sien verslae van die "Huisindustrie Raad" 1910, 1911 en 1912.

In 1916 was daar elf skole onder die Raad se toesig en is aan elke skool 'n opgeleide onderwyseres of selfs tot drie onderwyseresse verbonde. Die Naaldwerkafdeling het baie goeie vordering gemaak met mej. Dixon aan die hoof met twee assistente, terwyl die Kantskool op Kopjes baie goeie werk gelewer het sodat met die uitstalling in 1915 die beoordelares van die werk gesê het:

> "Reticella, het werk van mej. Klues, was bijna zo volmaakt als enig stuk werk, dat ik ooit gezien heb."[1)]

Die Raad het tot sover nog nie sy gedragslyn teenoor sy stelsel van onderrig verander nie.

> "Het Fabrieksysteem heeft voortdurend veel sukses."[2)]

Die inkomstes vir die verskillende leerlinge wat oor 'n groot gebied verspreid gewoon het, het van R516.00 in 1912 tot R2,696.00 in 1914 gestyg en 'n verdere styging is verwag as gevolg van die oorlog wat invoergoedere sal beperk. Die beginsel wat blykbaar hier gegeld het, was: Verdien so lank as jy leer!

(f) Samevatting

Die O.V.S. het besondere goeie vordering met tegniese en beroepsonderrig gemaak, maar is deur geldelike agterstand asook deur politieke struikelblokke so gedwarsboom dat die personeel, om uitvoering te gee aan die voorneme t.o.v. die handwerkvakke, nie gevind kon word nie. Tog het die Kode vakke soos Houtwerk vir st. 4 en hoër, Kartonwerk van st. 2 tot by st. 4 en Kindertuin in die grade vir seuns ingerig en vir dogters Naaldwerk, Kookkuns en Huishoudkunde waar die sentra opgerig kon word. Benewens die feit dat die Departement van Onderwys die beroepsvakke in die gewone skool wou deurvoer, is ook nog aandag gegee aan besondere industriële vakke in spesiale skole en tegniese onderwys aan die Politegniese Instituut in Bloemfontein.

---

1. Rapport van die voorsitter van die Huisvlytraad 1916.
2. O.D., O.V.S.: Jaarrapport van Direkteur 1916, 54.

Soos Natal die onderwys by die lewe van die dogter laat aanpas het, so het die O.V.S. met sy industriële skole die seuns in die volle lewe betrek met hul ambagswerk, want hulle het bestellings ontvang, vervaardig en van die hand gesit, sodat die prysberekening deel van hul werk geword het. Hulle het hulle dus in hul ambag uitgeleef deur te skep en te verdien. Tuie is vir munisipaliteite gemaak, tafels en kaste en skoolborde vir die Departement van Onderwys, skotskarre, waterkarre en ander goedere vir die wapentuig in die Duitswesoorlog, asook bestellings vir die Paaiedepartement van die O.V.S. Hierdeur het die seuns binne in die lewe in hul skoolwerk beland en was hulle ook besiel net soos die dogters in die diens van die Naaldwerkdepot en die Huisvlytraad. Nie net kledingstukke is vir die winkels vervaardig nie, maar ook reisdekens is geweef en is dit oor die hele land teen goeie pryse verkoop. Vir die onderwys het hierdie seuns en dogters feitlik geen uitgawes meegebring nie omdat hul skole selfonderhoudend was en selfs winsgewend vir die Departement.

Die onderwys het wel in die lewe van die leerling in die O.V.S. gestaan, maar nie in die lewe van sy volk as geheel nie. Dit merk ons in die gedagte dat die onderwysers(esse) uit slegs eie bodem getrek moes word, terwyl in Natal onderwysers selfs weer uit Engeland ingevoer is wanneer die tekorte opgeduik het.

## 4. DIE ONTWIKKELING IN NATAL

### Inleiding

Met Unifikasie was dit veral Natal wat sy nuwe onderwysstelsel eers wou uittoets en daarna met toejuiging saamgestem het dat alle onderwys na vyf jaar en daarna, so lank as die Minister die tydperk goeddunk, na die Sentrale Regering oorgeskuif kon word.

In hoeverre die onderwysstelsel in hierdie provinsie daarin geslaag het om nie net alleen sy inwoners se trou aan hul nuwe vaderland Suid-Afrika grondig en diep te maak nie, maar hulle ook vir deugdelike demokratiese begrippe vatbaar te maak, toegerus met die nodige kennis, deugde en kundigheid om met albei voete in die nuutgevormde samelewing te staan, sal in hierdie hoofstuk probeer vasgestel word. Daar was veral in die geval van Natal die gevaar dat die nuwe geslagte met verdeelde trou "for King and Country"[1], maar ook vir Suid-Afrika voorberei kon word. Trouens, dit is dan ook waarom die skool as instrument van die gemeenskap so ŉ belangrike rol speel in die maatskaplike lewe en waarom die leerlinge nie alleen om hul eie ontwil belangrike wesens is nie, maar ook om die volksontwil en boonop om die Skepper se ontwil.

Die skoolstelsel in Natal was besonder los as gevolg van die feit dat die owerheid ŉ klein minderheid skole geskep en ten volle beheer het. Die grootste aantal skole[2] was óf privaat óf staatsondersteund en kon die owerheid dus moeilik ŉ eenvormige stelsel beplan wat die hele skooltydperk vir die Natalse leerling omsluit het. Beroepsonderrig het egter maar met stampe en stote in die provinsie gevorder waar dit die eerste begin is[3] en die noodsaaklike behoefte was van die meeste inwoners wat eintlik ŉ bestaan uit die handel en kusnywerhede moes maak.

---

1. N.O.D.: Jaarrapport 1914, 2.
2. Staatstatistieke van 1910 toon aan dat 62 skole onder die Departement van Onderwys sorteer het, terwyl daar 342 blanke skole was.
3. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 214.

(a) Beroepsonderwys in die gewone skole

Die volgende soorte skole het teen 1910 nog in die provinsie voortbestaan, nieteenstaande daadwerklike pogings om die hele skoolstelsel te sentraliseer: privaatskole in die hande van kerkgenootskappe; groepe saamwonende vreemdelinge soos die Duitsers te Hermansburg, Neu Deutschland, Wartburg en andere of skole in besit van privaat onderwysers(esse); plaasskole wat in die dun bevolkte dele van die platteland bestaan het; staatsondersteunde skole soms ook "gekroonde skole" genoem met sekondêre klasse bokant st. 6; voorbereidingskole wat aan die sogenoemde Hoërskole in Pietermaritzburg en Durban verbonde was; Tegniese skole waarby die Kunsskool te Durban ingelyf is;[1] 'n Opleidingskollege in Pietermaritzburg waarby die ander Kunsskool ingelyf is;[2] die Universiteitskollege wat nou in 1910 begin is en kleuterskole. Verpligte onderwys tussen die ouderdom van sewe en veertien jaar of st. 5 in 1910[3] het bykans al die leerlinge in die een of ander skool betrek deurdat ses skoolbesoekbeamptes, twee vir elke inspeksiekring, aangestel is.

In die kleuterskole is twee organiseerders aangestel wat baie daartoe bygedra het om die formalisme van die ou metodes die nek in te slaan d.m.v. die praktiese neigings van die leerlinge te ontwikkel op die speel-werk-manier. Die S.O.[4] beskou dit "the most noteworthy event of the year". Papierknip, Modelleerwerk met boetseerklei en die praktiese grondslae vir die aanvangsonderrig is beklemtoon. Aangesien dit nie eintlik beroepsonderwys genoem kon word nie, maar wel vaardigheids- en spierontwikkelingsonderrig, sal daar meer op die direkte beroepsvakke in die primêre skole gelet word.

1. Handwerkvakke

Onder hierdie afdeling word Karton-, Hout- en Naaldwerk, Kookkuns en Tuinbou bedoel. Al hierdie vakke is daarop gemik om die oog-en-

---

1. Verslag van Christie Smith van Kaapprovinsie wat Kunsskole se werk inspekteer het 1915.
2. N.O.D.: Jaarrapport van S.O. 1915, 3.
3. Onderwyswet nr. 6 van 1910.
4. Hierdie afkorting word gebruik vir die Superintendent van Onderwys in Natal.

die-hand-kombinasies te bevorder en 'n meer praktiese koers in die onderrig in te slaan. Tog was daar in Natal geen erns met hierdie soort onderrig net na Uniewording nie, hoewel die S.O. in 1910 verklaar:

> "there is a distinct need for the introduction of manual training into the lower standards and for the better organisation of the work in the higher classes."[1]

Die gaping tussen die praktiese werk van die Kindertuin en Houtwerk in die hoogste standerd van die primêre skool is betreur maar

> "it is expected that the newly appointed manual training organiser will place this important subject on a better footing."[2]

(i) Houtwerk, Karton- en Kleiwerk

Reeds al in 1911 rapporteer die Organiseerder dat goeie vordering gemaak is, aangesien houtwerkopleiding aan primêre en sekondêre skole in die provinsie van 456 tot 752 leerlinge betrek het:

> "unfortunately it has been found necessary to temporarily suspend operations at several country schools, owing to decrease of numbers attending the schools and the difficulty of obtaining qualified instructors."[3]

Verskeie houtwerkinstrukteurs is aangestel wat van skool tot skool sou beweeg om opleiding te verskaf, maar die opgeleide hoof en assistente aan die skole doen baie beter werk en daarom beveel die Organiseerder aan dat alle manstudente aan die opleidingskollege die vak vir die onderwyssertifikaat moet neem. Die grootste klagte teen die houtwerkinstrukteurs was dat hulle nie stelselmatig stap vir stap gevorder en ook nie onderrigmetodes geken het nie, maar ook selde die vermoë besit het om met kinders te werk. In groot skole soos Mansfield Road, Durban en Loopstraatskool in Pietermaritzburg beheer die hoof en assistente tot 140 leerlinge in een klas.

In 1911 is met Kleiwerk in die laer standerds begin en met Kartonwerk in die middelgroep om sodoende Houtwerk makliker te laat posvat. Dit beskou die Organiseerder ook nie as voldoende vir die vaslegging

---

1. N.O.D.: Jaarrapport 1910, 7.
2. Ibid.
3. Jaarverslag van die Organiseerder van Beroepsonderrig in Natal, 1911.

van kuns en vaardigheid nie;

> "these are but the foundations. The superstructure has yet to be designed and built up."[1)]

Altesaam is 65 spesiale klasse vir leerkragte in die vaardigheidsrigtings met ꞌn gemiddelde bywoning van 24 onderwysers in 1911 van stapel gestuur, ten einde die nuwe rigting daadwerklik in die provinsie te bevorder. Daar is verwag dat sake weldra op ꞌn hegte voet geplaas sou wees, aangesien weekliks ook aan groepe studente in die Onderwyskollege vakonderrig in die beroepsrigting gegee is.

In 1912 was daar in die provinsie 4,550 leerlinge in die laer afdelings wat opleiding in modellering met klei, papier en karton ontvang het. Redelike goeie resultate is verkry, nieteenstaande etlike leerkragte feitlik geen opleiding in die vak gehad het nie en die buitedistrikte se skole maar swak toegerus was. ꞌn Baie interessante tentoonstelling van handgemaakte modelle het in Julie 1912 in Durban plaasgevind waarop stukke uit Birmingham en Liverpool, Engeland, Kaapland en Transvaal uitgestal was en hoewel

> "no special inviation was sent to Natal schools some inpromptu collections from Durban schools compared favourably with the work sent from more established centres."[2)]

Tog verklaar die skoolinspekteurs dat die werk te formeel van aard is en dat die doelstelling meer in die praktyk te vinde is. Die vervaardiging van mandjies vir die skoolfunksie of lampskerms vir huis- of klasgebruik en ꞌn boekrak vir die studeerkamer ensomeer sou die nuttigheidsdoel beter dien.

> "The lines on which manual training should develop are undoubtedly a few preliminary formal exercises to give the child some slight command over the material and then exercises which bear on the child's interests and activities in and out of school."[3)]

---

1. Jaarverslag van Organiseerder van Beroepsonderrig in Natal 1911.

2. Ibid.

3. Jaarverslae van Inspekteurs van Onderwys vir 1912.

### (ii) Aanbevelings van organiseerder

Die vaardigheidsvakke is deur bemiddeling van die organiseerder in Natal binne skoolure voorsien en nie alleen is die ure vir Houtwerk tussen 1 en 2 vasgestel en tussen 12 en 1 vir Kartonwerk nie, maar ook is aan staatskole werklokale in die vooruitsig gestel.[1] In 1912 is reeds ɱ lokaal gebou by die Highbury staatsondersteunde skool te Hill Crest waar die hoof self die onderrig in die spesiale vakke gegee het. Met strenger toesig en groter oplettendheid moet beroepsvakke onder leiding van onderwysers onderrig word en die resultate sal die pogings regverdig.

> "The only quick and reliable method of becoming expert in the use of the tools is to work carefully through a systematically graded course of models.."[2]

Die doel van die instrukteur moet wees om die leerling selfvertroue te gee; om oorspronklikheid aan te moedig en daartoe is nodig energie, skeppingsdrang en ɱ gevoel van belangrikheid vir die gemeenskap.

As gevolg van die feit dat die organiseerder se skets van die toestand van hierdie beroepsvakke wat nog maar in die kinderskoene staan en die opmerking van die Superintendent in dieselfde jaar dat

> "Manual training is approaching its adolescent stage, the hand is being made deft and the eye observant",[3]

kan afgelei word dat hierdie grootse poging sy stimulasie van die Tegniese Konferensie te Pretoria gekry het en dat dit dus nie gevoel is as ɱ behoefte van die maatskaplike lewe en eise van die jeug van daardie dae nie. Altesaam 850 seuns het in 1912 opleiding in Houtwerk ontvang en was dit ɱ toename van 100 op die vorige jaar.

In 1913 is weer eens daarop gewys dat die vordering van beroepsvakke nie na wense is nie, deels omdat die hoofde nog nie die volle waarde daarvan besef nie en daar nie behoorlike opgeleide personeel beskikbaar is nie. Aan die hand is gedoen dat vir die stedelike gebiede besielde instrukteurs benoem moet word wat voltyds in die verskillende

---

1. Jaarverslag van Organiseerder vir 1912.
2. Jaarverslag van organiseerder Tait, 1912.
3. N.O.D.: Superintendentsverslag vir 1912, 12.

skole onderrig in Karton- en Houtwerk kan gee.

> "The progress made by this subject (manual training) is not altogether satisfactory....... So far as town schools are concerned an improvement in the woodwork would result if a fully qualified and inspiring instructor were appointed to the boy's schools."1)

Voor 1914 se einde is egter twee spesialiste aangestel om die drie rondreisende instrukteurs, veertien hoofde en twintig assistente wat met handwerkvakke belas is, by te staan. In 33 staatskole is aan 1280 leerlinge bokant st. 4 Houtwerk gegee met gereedskap wat R1,700.00 gekos het. Die Organiseerder het dit egter gerade geag om 'n waarskuwing aan die onderwysers te rig om die lokale wat in gebruik geneem is, skoon en netjies te hou en om glasdeurkaste te vervaardig vir die bewaring van vervaardigde modelle. As leerboek vir Houtwerk is "Young's Text Book" aanbeveel sodat die leerling ook gereeld toetse kan aflê in die tekenwerk, anders sal daar vir jare doelloos van die skryfbord af tekene gedoen word.

> "Modelling in clay, paper and cardboard, continues fairly satisfactory."2)

Weer eens is uitstallings op die Pietermaritzburgse Industriële Tentoonstelling met beter resultate geplaas.

Sonder die toesig van die werk deur die organiseerder wat in Duits-Oos gaan veg het, het die werk in die jaar 1915 agteruitgang getoon. Die hoofkenmerk van die rapport het daarop neergekom dat korrelasie gesoek is met die gewone skoolvakke soos Rekenkunde en Tekene. Aan drie verdere skole is werklokale vir Houtwerk voorsien asook die gereedskap en uitrusting. Daar sal met die voorsiening van nuwe lokale voortgegaan word net soos deur die skole aangevra.

> "The teachers are now more expert in correlating the practical work with Drawing and Arithmetic, pupils are becoming more skilful and the quality of the finished work has perceptibly improved."3)

---

1. Inspekteur van Onderwys vir die Kusstrook se Jaarverslag in 1913.
2. Jaarverslag van Organiseerder van Beroepsonderwys in Natal vir 1914.
3. N.O.D.: Jaarrapport van Superintendent 1915, 15.

(iii) Tekene

Van 1910 af het die Natalse skole probeer om dié vak aan al die leerlinge te onderrig, maar waar toegeruste leerkragte ontbreek het, het die vak skipbreuk gely. In die groter skole is opgeleide onderwysers aangestel, maar die tekene het nie geometriese werk ingesluit nie; dit was veral voorwerptekene en skilderkuns. Daar is op 'n goed geïllustreerde handboek aangedring; 'n behoefte wat in 1911 deur die skoolinspekteurs herhaal is.

> "Many schools profess Drawing, but in a half-hearted manner with no orderly and progressive scheme to advance their labours. Some still cling to the flat copy as their sole hope."[1]

In 1913 het die Organiseerder van die Kaaplandse Onderwysdepartement op uitnodiging die Natalse Onderwyskollege se tekenwerk kom nasien en van die geleentheid is gebruik gemaak om die sertifikate van die onderwysers op 'n gelyke peil te bring met dié van die Kaap. In die toekoms sou dieselfde eksamen afgelê word. Op die buiteskole was die vak in swak hande en selfs in groter skole het dit veel te wense oorgelaat, want die Inspekteur van Onderwys vir die Kusstrook maak melding daarvan dat met uitsondering van een of twee gevalle die vak 'n deeglike mislukking is

> "and what little time is devoted to it is generally wasted."[2]

Tog is in 1913 'n skema voorsien wat in die nabye toekoms vrugte sou kon afwerp.

'n Geredelike verbetering het dan ook die volgende jaar duidelik geword wat die Superintendent toeskryf aan die besoeke van die Organiseerder van Tekene in die Kaapse Onderwysdepartement wat al sy tweede besoek gebring het, sowel as die voorgeskrewe sillabus vir die vak. In Pietermaritzburg en Durban het daar heelwat verbetering ingetree sodat die Kaapse Organiseerder in 1913 verklaar het

> "The Art Masters are not more pleased than I at the progress which marked the work."[3]

---

1. Inspekteursverslae van 1912.
2. Dr. Loram se verslag vir die jaar 1913.
3. N.O.D.: Jaarrapport 1914, 13.

Die Superintendent het egter volgehou dat die vak nie net in 'n kunsrigting moet ontwikkel nie, maar wel om tot nut te wees by die praktiese vakke soos Houtwerk, Kartonwerk, en vryhandsketse met die oog op toekomstige tegniese opleiding.[1]

Met die uittrede van Chidley wat in Pietermaritzburg in die Opleidingskollege Kuns en Tekene gedoseer het, is Venner van die Kunsskool van Durban, wat geïnkorporeer is met die Tegniese Instituut, daarheen oorgeplaas. Die Tegniese Instituut het 'n kunsonderwyser, Adams, uit Engeland aangestel wat besondere bekwaamhede besit het. Hy is dan ook toegelaat om onderwysers in Durban tot hulp te wees en het selfs Saterdae in die Instituut aan diensdoende onderwysers klas gegee. Ook wat die standaard van die tekenwerk in die onderwysklasse van die Opleidingskollege betref, het Smith, Organiseerder van Tekene in die Kaapse Onderwysdepartement, met lof gepraat van die pragtige vordering wat daar tot in 1915 gemaak is.[2] In die twee stede het sake egter al koers gevat, maar op die buiteskole het daar nog heelwat geskort.

(iv) Kookkuns, Huishoudkunde en Naaldwerk

Wat die handwerkvakke Hout-, Karton- en Kleiwerk vir die seuns in die onderwys beteken, moes hierdie huisvlytvakke by die dogter tuisgebring het. Dat Natal ook hier baie ver agter was, blyk duidelik uit die verslae van die Inspekteurs van Onderwys in Natal. In 1911 is daar wel enkele klasse per week in skole in Durban voorsien wat deur opgeleide personeel in spesiale lokale vir die doel ingerig is. In die Model Meisieskool, Galestraat, Durban, was al die dogters bokant st. 3 en kon almal Kookkuns neem. Drie klasse van 16 leerlinge elk het een keer per week klas in die vak gekry, terwyl ses klasse elke veertien dae dié vak kon loop. Hierdie skool se instruktrise kon ook klasse aan die Bulwer Parkskool se leerlinge in 'n klein maar goed toegeruste kombuis aanbied. Verder het die dogters in Greyville Meisieskool Huishoudkunde en Kookkuns in 'n ruim toegeruste kombuis ontvang.

---

1. N.O.D.: Jaarrapport 1914, 13.

2. N.O.D.: Jaarrapport van Superintendent 1915, 16.

Nege klasse het elke veertien dae onderrig in die vak ontvang en is in die klaskamers onderrig in Fisiologie en Higiëne gegee. Hierdie leerlinge sowel as die dogters van die Meisies Voortsettingskool, Durban, het die lesse wat op die demonstrasies gevolg het, prakties op eie inisiatief waargeneem en dan geregte op eie houtjie voorberei. Nog twee skole is in 1911 van kooklokale voorsien naamlik Stanford Hill en die Addington-Skool wat weldra ook met klasse sou begin.[1)]

Behalwe bestaande skole was die beginsel van die Natalse Onderwysdepartement wel om aan al die groter skole kooklokale te voorsien, maar eers in 1913 word verklaar dat elke dogter opleiding in huishouding behoort te ontvang met bykomende onderrig in Besparing met Voorrade, Tuisverpleging, Moederkunde en Huishoudkunde. Die dogters behoort hierdie kursus te volg kort voordat hulle die skool verlaat en die Superintendent hoop dat die Departement wel daarin sal slaag om voldoende leerkragte te bekom

"so that every young woman will be trained."[2)]

Geleidelike oprigting of inruiming van kooklokale het die toestand in 1914 sodanig verander dat 14 instruktrises besig was in verskillende Natalse skole, waar reeds veertien kooklokale gereed was en drie pas opgerig is, maar op toerusting gewag het. Vier ander is in die vooruitsig gestel. Nou beskryf die Superintendent die kursus as "important, popular and practical" en wys daarop dat in een skool in Durban t.w. die Durbanse Meisies Hoërskool 200 dogters gedurende die jaar Kookkuns geneem het. In die Hoër Meisieskool in Pietermaritzburg is volgens die verslag van die Instruktrise vir 1914 elke dag in praktiese huishouding klas gegee wat ingesluit het huisversiering, skoonmaak van vloere, kombuisgereedskap en eetkamermeublement. Daarbenewens is gedurende die jaar 'n gemiddeld van 175 dogters in st. 4, 5, 6 en aspirantonderwyseresse in Kookkuns onderrig. Dit het bestaan uit die praktiese voorbereiding van etes wat deur studente en publiek gekoop is,

---

1. N.O.D.: Jaarrapport van die Superintendent 1911, 8.
2. Ibid., 1913, 6.

sodat langs hierdie weg gedurende 1914 6,080 ligte etes teen vergoeding van die hand gesit is.[1] Die kursus het dan in die smaak van die ouers geval en is met groot belangstelling deur die dogters deurloop. Daar was egter geen afrondingsertifikaat nie, en dit was moeilik om die vak te beskou as voorbereiding vir die een of ander huishoudingsberoep. Naaldwerk is ook aan elke dogter in die skole voorsien en hiervoor was daar behalwe sekere soorte steke ook kledingstukke voorgeskryf. Stopwerk en die herstel van kledingstukke moes ook gedoen word. Die kursus moes in die praktiese lewensbehoeftes van die leerlinge voorsien.[2]

In 1915 verklaar die Superintendent:

> "Domestic Science, than which there is no more popular study, is now in vogue wholly or partly in every important school where girls are taught..."[3]

Die totaal word dan aangegee as vyftien skole en in die Durbanse Tegniese Instituut is begin met ŉ kursus waardeur die belowende jong dogters hulle as onderwyseresse kan bekwaam. In die vooruitsig is gestel die "Preliminary Certificate" vir dogters wat st. VI slaag en die "Housewife's Certificate" vir hoërskooldogters wat dan ook verder as onderwyseresse in Huishoudkunde en Kookkuns kan kwalifiseer.[4]

(v) <u>Voortsettingsklasse en Handelsonderwys</u>

In die twee groot stede het daar Voortsettingsklasse aan die Tegniese Institute en die Meisies Modelskool in Durban bestaan wat aan die skoolverlaters en jong werkers direkte handels-, kommersiële of ambagsvakke voorsien het. In ŉ paar van die groot skole, meestal privaat skole, is die leerlinge voorsien van enkele vakke in die handelsrigting soos Tikskrif, Boekhou, Snelskrif en Besigheidsroetine. Daar was egter behalwe die Pietermaritzburgse Tegniese Kollege geen inrigting wat net kommersiële kursusse voorsien het nie. Albei die seuns- en dogters-

---

1. Rapport Instruktrise vir Pietermaritzburg Hoër Meisieskool.
2. Ibid.
3. N.O.D.: Jaarrapport 1915, 14.
4. Ibid., 15.

voortsettingskole in Durban het ook gewone vakke in hul kursus aangebied.[1)]

(b) Landbou en tuinbou

Aangesien die boerdery in Natal meestal in die hande van Afrikaanssprekendes was en hul behoeftes nie eintlik direk deur die Departement van Onderwys bevorder is nie, is Natuurwetenskap of Natuurkennis eers as formele vak in die gewone skoolleerplan ingevoeg. Tuinwerk het egter in 1914 in swang gekom toe 'n onderwyseres aan die Durbanse Meisies Hoërskool praktiese tuinwerk op die skool se terrein begin het. Hierdie wending tot die meer praktiese het eintlik 'n omwenteling teweeggebring, want al gou is aan die Weston Landbouvakskool wat ook in 1914 begin het, gevra om saam met die Mooirivierskool 'n Tuinwerkskema vir al die plattelandse skole gereed te maak.[2)]

(i) Landbouvakskool te Weston

Die Landbouvakskool op Weston is 'n totale afwyking van die tuinwerkidee en het terloops tot stand gekom omdat die 4,000 akker grond met militêre geboue deur die Unieregering aan Natal oorgedra is en verbeteringe van die Imperiale Regering vir die geringe bedrag van R6,848.00 gekoop is. Die doelstelling met die stuk grond en geboue was dan om 'n soort landbouvakskool daar in die lewe te roep ten einde landbou-opleiding aan seuns te voorsien wat juis die laerskool deurloop het. Die toelatingsouderdom was 13 en die kursus sou oor drie jaar strek. Behalwe die landbou-opleiding sou aan verwante ambagte met die boerdery aangebied word. Die nuwe hoof was mnr. J.H. Smith vroeër van Charlestown en Bulwer, met twee opgeleide werksmanne en 'n landboukundige op die personeel. Voor die einde van 1914 het die Superintendent al die welslae van die skool gesien deur te sê:

> "The establishment is already beyond the experimental stage, and success is assured."[3)]

---

1. Inspeksierapport van Instruktrise vir Huishoudkundige en Handelsonderrig in Durban 1910.
2. N.O.D.: Jaarrapport 1914, 12-13.
3. Ibid., 2.

Die eerste inskrywings was seuns van goeie gedrag wie se ouers oorlede is of wat te arm was om te betaal. Daar is in die vooruitsig gestel om ook dogters toe te laat vir landbou-, pluimvee- en suiwelopleiding. Die laagste standerd wat die leerling moet besit, is st. 4 en die res van die drie jaar sou aan n primêre gewysigde kursus met n oorheersende landboukundige inslag bestee moet word.

> "Already the school is a popular institution: its alumni are eagerly sought after by employers, who offer tempting remuneration, and furhter accommodation will require to be provided."[1)]

Van hierdie skool sal in die toekoms nog heelwat gehoor word. Dit staan nou nog in sy beginjare, maar dit is tog n poging van die Natalse Onderwysdepartement om aan die eis van die Unie-onderwysdepartement te voldoen dat landbou aan die plattelandse kind voorsien moet word om die verhuising na die stede die hoof te bied; deur n liefde vir die bodem te kweek en die grondbewerking vir die boerseun lonend te maak.

(c) <u>Tegniese onderwys</u>

<u>Inleiding</u>

Soos die onderwys van Natal in die hande van die owerheid gesentraliseerd was, so was die tegniese onderwys in die kus- en hoofstad. Hier het die twee tegniese institute al die tegniese onderwys voorsien. In Durban het die instituut ontstaan uit die behoeftes van die gemeenskap en in Pietermaritzburg het die owerheid die ontstaan aangemoedig deur die bestaande "Maritzburg Business College" en die Aandklasskool te verenig om die kern van die nuwe rigting te vorm.[2)] Geen gebou was nog voorhande nie, maar die stadsaal is vir die doel gebruik en weldra is uitgevind dat die behoefte aan handels- en tegniese onderwys so groot is dat groter en doeltreffender klaskamers benodig word. Omdat fondse vir die soort onderwys nie voorhande was nie, (klasgelde moes betaal word deur die leerlinge,) is die ou gebou in Longmarketstraat wat deur die Onderwysdepartement ontruim is, vir die doel verkry. Nadat

---

1. N.O.D.: Jaarrapport 1915, 12.
2. N.O.D.: Jaarrapport van S.O.

aansienlike veranderinge deur die Raad van die Tegniese Instituut onderneem moes word, het die inrigting ʼn positiewe koers ingeslaan met Seymour Hosley as hoof. Die aanklasse is egter nog in die Seunskool in Loopstraat waargeneem, maar ʼn deeglike skeikundelaboratorium en toegeruste klaskamers vir handelsvakke het die kollege in staat gestel om tegniese werk in die volste sin van die woord te lewer.

(i) Durbanse en Pietermaritzburgse Tegniese Institute

In Durban het die Kunsskool wat geleidelik agteruitgegaan het by die Tegniese Instituut ingeval en is die twee instellings in dieselfde nuwe gebou van R56,000.00 gehuisves.[1] ʼn Nuwe prospektus is vir 1911 voorberei en sou die aantal studente dientengevolge nog verder styg. In die rigting was daar in 1910 nie minder as 700 ingeskrewe studente vir die een of ander kursus nie, teenoor sowat 350 in Pietermaritzburg se inrigting. Albei die inrigtings het in teenstelling met die beginsels van die Natalse Onderwysdepartement, wat nie aan lokale seggenskap by skole geglo het nie, sterk Rade gehad wat uit verskillende besigheidslui en vooraanstaande professionele persone gekies is.[2] Hierdie Rade het beheer oor die twee institute gehad en het selfs hul eie kalenders met al hul interne werk gepubliseer.

In 1912 was die inskrywing in Pietermaritzburg 314 vir die 20 lektore met ʼn staatstoelae van R4,000.00, terwyl die Durbanse Tegniese Instituut 952 ingeskrewe studente gehad het vir die 52 lektore met ʼn staatstoelae van R8,310.00 vir daardie jaar. In laasgenoemde inrigting was B.N. Narbeth die hoof. Die volgende jaar het Pietermaritzburg se instituut ʼn daling getoon met 311 studente teenoor 956 studente van Durban en tog het die leerkragte in Pietermaritzburg tot 23 gestyg en Durban s'n het tot 50 gedaal. In die geval van eersgenoemde inrigting het die staatstoelae konstant gebly, maar vir die Durbanse inrigting het dit toegeneem tot R10,800.00. Die daling wat in albei inrigtings in 1914 voorgekom het, is deur die Superintendent aan die feit

---

1. Snape: Report on Technical Instruction in the U. of S.A. (U.G.2 - 1912,) 14.
2. Ibid., 16.

toegeskryf dat so baie van die jongmanne die oproep tot die wapens gehoorsaam het.[1] Uit die statistieke blyk dit egter dat in albei die inrigtings die getalle damestudente gedaal het met 10 in die geval van Pietermaritzburg en 66 in die geval van Durban en dat die manstudente in Pietermaritzburg afgeneem het met 43, maar dat daar 'n styging van 6 manstudente in die geval van die Durbanse Tegniese Instituut was.[2] Die staatstoelae vir Pietermaritzburg het op R4,000.00 bly staan, terwyl die van die Durbanse Tegniese Inrigting R11,608.33 was.

In 1915 het daar 'n groot daling in die getalle studente voorgekom en slegs die damestudente in die Durbanse Tegniese Inrigting het 'n styging getoon van 109, terwyl die staatstoelae nog vir Pietermaritzburg konstant gebly het. In die geval van Durban het dit tot R12,350.00 gestyg. In albei gevalle het die aantal lektore gedaal van 24 tot 16 en 44 tot 42 vir Pietermaritzburg en Durban onderskeidelik.[3]

(ii) <u>Kursusse aangebied</u>

Wat die kursusse betref, is dit gerade om die verskil tussen die twee inrigtings duidelik te stel, want in die Durbanse inrigting is veel meer uitgebreid gewerk. Die Kunsskool het in daardie rigting uitgebrei terwyl die meganiese rigtings met die tegniese afdelings rekening gehou het en die kommersiële rigting in sy koers uitgebrei het. Hierteenoor het Pietermaritzburg se Kunsskool aan die Onderwysopleidingskollege onder die Onderwysdepartement verbonde gebly, maar het die handelsafdeling baie meer aandag geniet as selfs in Durban, terwyl die tegniese afdelings ook breedvoerig aangepak is.[4]

> "The system of teaching which is adopted is that of laying down organized courses of four or five year's duration".[5]

Vir hierdie kursusse is groepe vakke gekies wat daarop gemik was om die

---

1. N.O.D.: Jaarrapport 1914, 2.
2. N.O.D.: Jaarrapport 1914 en 1915, 20 en 25.
3. Ibid., 1915, 29.
4. Mc Clelland Axelson & Esterhuizen: The Maritzburg Technical College 1910 - 1960, 30.
5. U.G. 2 van 1912, 16.

student 'n breë uitkyk op sy professie te gee. Tegniese werk het eintlik ook ten doel om nuwe vergesigte in die student wakker te skud en daarom is dit nodig dat elke student sy werk van die laagste tot die hoogste klasse vanuit 'n ander standpunt sal benader. So is in die eerstejaarkursus van Werktuigkundige Ingenieurswese die volgende voorskryf: Meetkundige Tekene, Elementêre Masjienkonstruksie, Praktiese Wiskunde en Toegepaste Meganika sowel as Elementêre Wetenskap. Al die vakke bestaan uit begrippe wat in die praktiese werk toegepas kan word en as die leerkrag daarin slaag om die toepassings te maak en die student dit te laat begryp, dan is die vak vol lewe en skeppingskrag.

> "The courses laid down by the Durban Institute are excellent, but, of course their success depends solely upon the teaching. No syllabus or prospectus can supersede this."[1]

In Pietermaritzburg se Tegniese Inrigting is die volgende kursusse aangebied met voorgeskrewe vakke vir elkeen en vir 'n bepaalde tydsduur: 'n Voorbereidingskursus met aandklasse wat in Loopstraat se Seunskool plaasgevind het in gewone skoolvakke, Meganiese Ingenieurswese, Elektrise Ingenieurswese, Telegrafie en Telefonie, Boukonstruksie en aanverwante ambagte, Aptekerswese, Wa- en Voertuigmakery en kursusse vir boekhouers en sekretarisse. Die klasgelde is vir elke kursus per semester bepaal en het gewissel van R1.00 per individuele vak tot R11.00 vir 'n jaarkursus. Van deeltydse en voltydse lektore is gebruik gemaak.

Die kursusse in die Durbanse Tegniese Inrigting was drievoudig van aard, t.w. voortsettingsonderwys vir seuns, handelskursusse en aandklasse (wat weer onderverdeel was in voorbereidingswerk vir die vertraagde seuns,) taalkundige en kommersiële werk asook wetenskaplike en tegniese werk. Behalwe die gewone skoolwerk is die kursusse in twee hoofgroepe opgedeel: Die literariese en kommersiële teenoor die wetenskaplike en tegniese afdelings; vir die eerste afdeling is 27 vakkeuses aangebied en vir die laasgenoemde afdelings 28.[2]

---

1. U.G. 2 van 1912, 17.

2. Ibid., 25 - 26.

(d) Samevatting

Die onderwys in Natal het sedert 1910 geringe vordering getoon en is dit moeilik om te begryp hoe die onderwysstelsel so 'n belangrike rol kon speel by die oorwegings van die Natalse afvaardiging na die Nasionale Konvensies i.v.m. die vereniging van die Suid-Afrikaanse Koloniale gebiede. Behalwe die oprigting, die bewerkstelliging van die Pietermaritzburgse Tegniese Inrigting en die Natalse Universiteit wat met geld gebou is wat die Unie aan Natal betaal het om sy hoofstadsidee te vergoed,[1] het feitlik geen wesentlike verandering plaasgevind nie, altans nie omdat dit 'n behoefte van die gemeenskap was nie of selfs 'n doelgerigte poging om sekere ideale verwesenlik te kry nie.

Die skoolstelsel was nog steeds nie 'n geheel nie en met die toepassing van sekere idees is nog gevind dat soveel skole buitekant die Onderwysdepartement om gefunksioneer het, dat daar nie van algemeen gebruiklike idees gepraat kon word nie. Elke byvoeging tot die leerplanne het skoorvoetend gevorder, veral wat die beroepsvakke betref. Deurgaans is dan ook gevind dat Natal in sy jaarrapporte sy pogings met die ander provinsies vergelyk.[2] Die instelling van die Durbanse tegniese inrigting strek die beplanners egter tot eer omdat dit uit 'n sesenlike behoefte van die kusgemeenskap gegroei het totdat dit 'n staanplek regverdig het. Die meeste van die leerkragte wat van oorsee ingevoer is, het sleutelposisies beklee, maar gelukkig was die onderwysersopleiding in die provinsie van so 'n omvang dat plaaslike kennis en belange weldra veral t.o.v. beroepsonderwys geseëvier het. Landbou-opleiding het pas begin en hoewel die Superintendent van Onderwys met trots van die populariteit van die inrigting in die openbare lewe gewag gemaak het, het hierdie instelling nog baie steiltes moes bestyg wat skerp kritiek uitgelok het.

Weliswaar het die beroepsvakke in die gewone skole onder toesig

---

1. N.O.D.: Jaarrapport 1910, 2.
2. Sien Jaarrapport 1910, 2 en 5.

van die Organisoorder van Beroepsonderwys tot die gewone leerling deurgedring en veral te danke aan die beginsel dat dit in die openbare lewe aansluiting moet vind, maar daar het nie veel van die aangebore drang tot skepping en selfverwesenliking in die leerling tot stand gekom nie. Veral is dit die geval by die beroepsvakke van die seuns, hoewel die dogters in die stede persoonlike genoegdoening gesmaak het deur die verkoop van hul voorbereide etes aan medeleerlinge, onderwysers en selfs aan die gewone openbare gemeenskap.

Die verlies van 'n nasionale onderwysbeleid en beheer vir Suid-Afrika kan egter nooit vergoed word deur die weinig wat Natal in sy onderwysstelsel presteer het nie. Sou die onderwys werklik die enigste rede gewees het vir die dooiepunt en die gevolglike instelling van die federale onderwysbeheer?

## C. BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN DIE PROVINSIES VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA VAN 1910 TOT 1916

### 1. BELEID VAN DIE BEHEER

#### Inleiding

"Die Unie van Suid-Afrika het begin en geëindig sonder ɲ grondwet vir onderwys. So het ons dan ook die Republiek van Suid-Afrika ingetree sonder ɲ grondwet."[1] So het die Sekretaris van die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging, J.C. du Plessis, op ɲ jaarvergadering in Bloemfontein die betekenis van die instelling van die Nasionale Onderwys-Adviesraad gesien. Daar was al in die halfeeu wat verbygegaan het tot in 1960 telkemale adviesrade sowel as pogings om die onderwys te koördineer, sonder die gewenste uitwerking. Hoe harder daar gespook is om die verskillende onderwysowerhede onder die indruk te bring dat volksbelange ondergeskik gemaak word aan departementele belange, hoe hardnekkiger vasgeklem is aan die sogenaamde regte, toegeken deur die Nasionale Konvensie en die Zuid-Afrikawet.

#### (a) Heroriëntering van Onderwysbeheer onder die Zuid-Afrikawet

Veral twee faktore het deurslag gegee dat die Nasionale Konvensie deur die Zuid-Afrikawet aan die provinsies die beheer van alle onderwys behalwe "hoër onderwys" toegelaat het, nl. dat die onmiddellike oorname van alle huishoudelike sake nie so dadelik beplan en gefundeer kon word nie[2] en tweendens die idee dat plaaslike beheer in die onderwys gerade is as gevolg van die tradisionele ontwikkeling en opvatting van die volk van S.A.[3] Ten einde te verseker dat die onderwys op ɲ later tydstip as ɲ nasionale saak onder die sentrale regering geplaas sou word, is die volgende voorsorgmaatreëls getref:

(i) Die onderwys is aan ɲ plaaslike raad vir elke provinse toevertrou met ɲ aangestelde Administrateur as hoof van die raad, wat direk aan die sentrale owerheid verantwoordelik is.

---

1. Die Skoolblad - The Teacher O.V.S. Des. 1962, 11. Art. J.C. du Plessis.
2. Smuts aan Merriman: Merriman versameling nr. 159.
3. Mc Kerron: A History of Education in S.A., 52.

(ii) Finansiële verantwoordelikheid vir alle onderwys is deur die Sentrale Owerheid aanvaar en sou dit ooreenkomstig die begroting van 1908 - 1909 uitbetaal word totdat 'n gekose komitee die finansiële verhoudinge ondersoek het.

(iii) Alle ordonnansies van die Rade sou eers die goedkeuring van die Goewerneur-generaal-in-rade moet erlang voor dit van krag word.

(iv) Alle ordonnansies wat in stryd is met Uniale wette sal van nul en gener waarde wees.[1]

Uit bostaande blyk dus duidelik dat die Provinsiale Rade slegs gedelegeerde magte ontvang het en dat die betrokke artikel 85 (iii) "Onderwys uitgezonderd hoger onderwys, voor vijf jaren en daarna tot het Parlement anders bepaalt" direk die bedoeling van die Nasionale Konvensie geboekstaaf het.

In die verskillende provinsies het die status quo, wat die onderwys betref, gehandhaaf gebly, met die uitsondering dat die Unieregering dadelik die hoër onderwysinstellings oorgeneem het sowel as die Suid-Afrikaansche Skool vir Mynbou en Tegnologie wat uitsluitlik tegniese en beroepsonderwys voorsien het, en wat die aandklasse betref selfs op middelbare vlak.[2] Binne 'n paar maande is ook die horisontale verdeling verder deur die betrokke instansies verbreek toe aan die onderwysers deur die provinsies onderrig gegee is in die hoër onderwyssfeer.[3]

Deur middel van korrespondensie en konferensie is gepoog om die onderwys vir die eerste vyf jaar te reël sodat die Minister van Onderwys, F.S. Malan, die onomskrewe woord "hoër onderwys" self tydelik verklaar het as onderwys bokant die Matrikulasievlak.[4] Hiermee is die horisontale verdeling alreeds binne die eerste jaar nie meer gehandhaaf

---

1. Smuts aan John X. Merriman: Merrimanversameling nr. 158(a).
2. U.12 - 1911, 4 (Engelse Teks).
3. Konferensie van Sept. 1910 in Kaapstad en ook in April 1911 in Bloemfontein. U.G. 21 - 1913, 2.
4. Konferensie van 17 - 18 Junie 1910 te Kaapstad. U.12 - 1911, 2.

nie en daaraan het albei soorte regerings hulle skuldig gemaak. Tegniese en beroepsonderwys wat vir die Sentrale Owerheid so 'n groot betekenis in die administrasie gehad het (want die grootste werkgewers van die soort opgeleide persone is die spoorweë, poswese, landboubesproeiing asook staatsdiens in die handelsrigtings), is regstreeks deur die beheerreëlings geraak en onder die provinsiale besture geplaas. Koördinasie tussen die provinsiale onderwysowerhede en die Uniedepartement was dus noodsaaklik.

(b) Konferensie i.s. Tegniese, Industriële en Kommersiële Onderwys 8-10 November 1911

Op aandrang van verskeie openbare liggame wat direk met tegniese en beroepsonderwys te doen gehad het, het die Minister van Onderwys die inisiatief geneem om sake rakende hierdie soort onderwys beter te koördineer en in doelgerigte koers te stuur.[1] In sy openingsrede van die konferensie te Pretoria het die Minister daarop gewys dat die Unieregering verplig was om op die versoek van die publieke liggame die saak vir sy rekening te neem omdat

> "men broksgewyse te werk zou gaan, want wat de vier provincies in dezen ook al deden, dezelfde weg zouden zij niet opgaan."[2]

Die rapport van prof. A.E. Snape is ter tafel gelê wat in opdrag van die Minister van Onderwys oor die toestand en vordering van tegniese en beroepsonderwys in Suid-Afrika opgestel is.[3]

> "Een nauwkeurige studie van de staat van technies en industrieel onderwijs in Zuid-Afrika op het ogenblik openbaart, zoals men trouwens verwachten moet, een bijna onbeperkte verscheidenheid. De stelsels wijken van elkaar af in verschillende Provincies. De openbare mening is even uiteenlopend in de afzonderlike Provincies."[4]

Die Minister het verder daarop gewys dat tegniese en industriële onderwys in die hande van nege verskillende staatsdepartemente geleë

---

1. Konferensie van 17-18 Junie 1910 te Kaapstad. Die Minister sou die leiding neem insake onderwyskonferensie. Sien U.12 - 1911, 2.
2. Openingstoespraak van minister Malan op Konferensie te Pretoria U.G.21 - 1913, 3.
3. Aanhangsel by U.G. nr. 2 van 1912.
4. U.G. 21 - 1913, 3.

is, t.w. die vier provinsiale departemente en vyf staatsdepartemente. Hieronder val die Onderwysdepartement met sy S.A. Skool vir Mynwese en Tegnologie en dus indirek die aandklasse en eksamens wat deur die instituut beheer word, industriële inrigtings onder die Wet op Arbeidskolonies in Kaapland[1], die Spoorwegdepartement met sy vakleerlinge en sy werkwinkels, die Landboudepartement met sy landbouskole, die Departement van Gevangenisse wat industriële inrigtings vir jong oortreders onder 'n Wet van 1911 gestig het en die Departement van Mynwese wat sy eie mynskool vir arbeiders gestig het.[2]

Ewe uiteenlopend is die staatstoelaes wat aan dié soort onderwys toegeken word. Die Ambagskool en die Politegniese Instituut van Pretoria wat een inrigting is en dus vir 451 en 200 dag- en aandskoliere onderskeidelik slegs R4,600.00 ontvang, kom met baie minder klaar as die Pietermartizburgse Tegniese Instituut wat vir dieselfde tydperk vir 'n totaal van 351 leerlinge R4,000.00 ontvang. Hierteenoor het die Kaapse skoolraad met die amalgamasie van die tegniese skole van die Spoorweë met sy eie inrigting slegs R390.00 uit die skatkis vir dieselfde tydperk bygedra.[3]

Ewe-eens is dit belangrik om te let op die eksaminering en die uitreiking van diplomas.

> "Op het ogenblik zijn er vijf verschillende lichamen of inrichtingen, die voor onderwys van deze aard diplomas toekennen."[4]

Die Minister het vervolgens daarop gewys dat daar deur een kanaal geeksamineer moet word om die verskeidenheid diplomas en standaarde tot niet te maak, Dit sal meteens ook groter koördinasie in die opleiding oor die hele land bring. Hoewel die konferensie slegs beraadslagend van aard was, is die aanbevelings waartoe geraak is aan die betrokke owerhede vir verdere stappe deurgestuur.

---

1. Wet nr. 10 van 1900.
2. U.G. 2-1912, 7.
3. Ibid.
4. Ibid.

'n Sewe-en-sestigtal aanbevelings en besluite is op die konferensie geneem wat bestaan het uit verteenwoordigers van die vier provinsies se Onderwysdepartemente, van inrigtings vir tegniese, industriële, kommersiële onderwys in al vier provinsies, van die spoorweë, Landboudepartement, van verskeie nywerheidsorganisasies en selfs maatskappye. Die 29 verteenwoordigers het drie dae lank in Pretoria beraadslaag en in breë trekke die rigting aangedui vir die onderrig in die handwerkrigtings. Die volgende besluite raak die kern van die saak en is in die volgende afdelings behandel nadat 'n algemene besluit geneem is ten effekte

> "dat deze Konferensie van oordeel is dat het van groot belang is voor de welvaart van de bevolking van de Unie van Zuid-Afrika dat meer aandacht worde besteed aan praktiese opleiding in alle vertakkingen."[1)]

(i) Beroepskole

Onder hierdie hoof is daar tien besluite waarvan die belangrikste kortliks weergegee word. Behalwe dat sentralisasie in die oprigting van beroepskole (industrieel sowel as ambag) bepleit is, is ook aangedring op 'n groot toename in die getal skole wat o.a. moet insluit 'n opleidingskool vir volwasse studente, soorte landbouvakskole waar ook ambagsonderrig verskaf kan word om die leerlinge uit arm huise opleiding in die soort werk te gee. Tegniese onderwys aan onderwysers moet so gou doenlik voorsien word en aan elke leerling moet die volste geleentheid gegee word om opleiding in die een of ander soort bedrewe ambag te geniet voordat hy in sy volwasse beroep sal staan.[2)]

(ii) Aand- en voortsettingsklasse

Die konferensie besef terdeë die waarde van die soort onderrig en bepleit uitbreiding daarvan veral aan volwassenes wat nie die een of ander beroep in die skole gevolg het nie.[3)]

(iii) Vakleerlingskap

Vakleerlinge moet in die werkwinkels by hul skole opgelei word en

---

1. U.G. 21 - 1913, 4.
2. U.G. 2 - 1912, 8 besluite 2 - 11.
3. Ibid., besluite 12.

daarvoor vir twee jaar ingeskrewe wees voordat die res van die vakleerlingskap in die fabrieke deurgebring kan word, met die verstandhouding dat voorsettingsklasse bygewoon sal word. Voorlopig moet seuns in st. 6 geslaag het om ingeskryf te word, maar in industriële skole kan 'n laer toelatingstanderd vereis word. Vakleerlinge moet in hul werksure voortsettingsonderwys bywoon en mag nie deur oortydwerk gestrem word om die klasse by te woon nie. Bonusse vir seuns wat voortsettingsklasse bywoon, moet in onbruik kom en by werkgewers moet aangedring word om seuns met opleiding eerder te gebruik as ongeskoolde arbeiders, teen 'n beter vergoeding in salaris vir beter diens.[1]

(iv) Toelaes en beurse

Om die kinders van die armblankes op te hef, word by die betrokke owerhede aangedring om beurse aan bestaande skole beskikbaar te stel en dat toelaes aan lokale komitees van industriële skole vir uitbreiding in arm omgewings onder vasgestelde regulasies toegestaan moet word.[2]

(v) Administrasie

Die Konferensie spreek die wenslikheid uit dat tegniese en beroepsonderwys onder die beheer van die Unie-Onderwysdepartement moet sorteer,[3] en dat al die kursusse in tegniese onderrig in ooreenstemming met leerplanne vir die hele Unie moet wees. 'n Nasionale Adviesraad vir Tegniese Onderwys om leerplanne, eksamens en die uitreiking van sertifikate te beheer, moet dadelik in die lewe geroep word met 'n organiseerder wat oor die hele Unie namens die Raad sal werk. Verder sal die Minister van Onderwys orals in die land advieskomitees kan benoem om die oprigting van tegniese en industriële skole te bevorder indien dit wenslik blyk en dat waar voorsettingsklasse bestaan, dit onder die kontrole van lokale komitees te plaas. Onderrig in die Wetenskap en Landbou moet onder beheer van die Landboudepartement geplaas word.[4]

---

1. U.G. 2 - 1912, 8 besluite 13 - 22.
2. Ibid., besluite 23 - 25.
3. Die drie Direkteurs van Onderwys het nie gestem nie en Adamson het teen die voorstel gestem.
4. U.G. 2 - 1912, 9.

(vi) Wetgewing

Die konferensie het verder die regering gevra om dringend wetgewing in te dien i.v.m. die volgende sake:

> "Provision for committees or managers of vocational schools (Industrial and Technical) to have the legal means or power of inserting a clause in the articles of indenture whereby they shall have sufficient hold upon the pupils during their term of indenture.
>
> The making of provision for industrial or trade teaching of the children of parents who are in a position and willing to pay for such teaching.
>
> That the local contribution of one-third shall not apply when a loan is raised under clause 7 of Act No. 10 of 1909 (Cape) for an industrial institution."[1]

(vii) Praktiese onderrig in primêre en sekondêre skole

Alle praktiese onderrig moet toegepas word in die omgewing van die skool en alle leesboeke i.v.m. sekere skoolvakke moet sover moontlik by omgewingsfaktore aanpas. Handwerk behoort in elke skool ook op die platteland vir seuns aangebied te word en dit moet gekorreleer word met ander skoolvakke sodat die opvoedkundige en bruikbaarheidswaarde van die handwerkvakke die nodige balans vorm. Natuurkennis op die platteland moet heel prakties wees om die liefde vir die bodem te kweek en vir dogters moet Huishoudkunde en praktiese Kookkuns asook Naaldwerk wees dit wat handwerkvakke vir die seuns is. Middelbare skole behoort deur georganiseerde voortsettingsklasse of deur die invoeging van kursusse in huishigiëne, eerstehulp en verpleging vir alle dogters te voorsien. Die wetenskaplike vakke, al is dit elementêr, moet in die hoër afdelings van die laerskool geneem en na die hoërskool voortgedra word. Origens moet minstens in een skool in ŉ distrik die nodige kanse vir handelsonderrig bestaan.[2]

(viii) Algemeen

Waar die konferensie waardering vir die werk i.v.m. die opheffing van gevalle leerlinge uitspreek, word sterk gevoel dat die nodige opleiding in die nywerheidsfeer aan ŉ bestaande industriële skool moet geskied. Voorsettingswerk in gewone skoolwerk moet in die hande van

---

1. U.G. 2 - 1912, nr. 34.

2. Ibid., 10. Besluite 35 tot 54.

die provinsie berus, maar die staatsdepartemente moet by hul werknemers (behalwe die vakleerlinge) daarop aandring dat hulle gepaste tegniese klasse bywoon indien dit enigsins bekombaar is. Ambagskole moet direkte kanale tot die nywerhede wees, maar toelating tot 'n tegniese universiteit moet via die wetenskaplike vakke van 'n middelbare skool geskied. Opleidingsmoontlikhede vir onderwysers in die ambagte moet tot stand gebring word en elke student aan 'n normaalkollege moet in handwerkvakke slaag, terwyl voortgegaan moet word met vakansiekursusse in landbou vir diensdoende onderwysers as 'n aanvulling vir Natuurkennis. Spoorwegreiskaartjies moet vir alle studente in die praktiese vakke verminder word en die spoorweë moet self bydra tot die opleiding van hul vakmanne wat voortsettingsklasse bywoon.[1)]

(c) Die Nasionale Raad van Advies vir Tegniese Onderwys

Op die 4de en 5de Maart 1912 het die Minister van Onderwys met die Administrateurs en Uitvoerende Komitees van die Provinsies in Kaapstad beraadslaag en die besprekings is in 'n Witboek gepubliseer en ter tafel gelê. In hierdie vergadering het die Minister sy voorneme bekend gemaak om uitvoering te gee aan besluite nrs. 28 en 30 van die Konferensie deur onmiddellik oor te gaan en 'n Nasionale Raad van Advies vir Tegniese Onderwyw te benoem. Ook is bekendgestel dat die voorneme bestaan om 'n Organiseerder vir die Unie aan te stel sodra die aansoeke op die geplaaste advertensies ontvang word. Uit die besprekings het geblyk dat die administrateurs nie inmenging in hul terreine en regte sal wil sien nie, maar dat die aanstelling wel 'n baie goeie doel kan dien. Die volgende besluit is eenparig geneem en die vraagstuk opgelos:[2)]

> "Deze Konferensie hecht zijn goedkeuring aan de benoeming door de Minister van een Nationale Raad van Advies met opdracht genoemde Minister of enige andere Minister van de Unie of de Administrateurs van de Provincies van raad te dienen over zaken betreffende technies, industrieel en handelsonderwys en betreffende onderwijs in huishoudkunde of huisnijwerheid, met die verstande:

---

1. U.G. 2 - 1912, 10 - 11. Besluite 55 tot 67.
2. U.G. 21 - 1913, 5.

(i) dat de Raad zich niet zal inlaten met enige zaken betrekking hebbende op het werk, dat gedaan wordt als deel van het leerplan van enige lagere of middelbare school, als onderscheiden van speciale inrichtingen voor de biezondere takken van onderwijs boven vermeld;

(ii) dat de functies van de Raad uitsluitend van advieserende aard zullen zijn."

Ooreenkomstig bepalinge in September 1912 het die Minister die Nasionale Raad van Advies vir Tegniese Onderwys soos volg saamgestel:

Die Ondersekretaris van Onderwys (voorsitter);

Die vier Direkteurs van Onderwys van die Provinsies;

A.B. Reid, verteenwoordiger van S.A. Fabrikante;

E.J. Cattell, Geassosieerde Kamers van Koophandel;

D.A. Hendrie, S.A. Spoorweë;

D.J. Pienaar, Industriële skole en belange van armblankes.[1)]

(d) Die Raad aan die Werk

(i) Ondersoek

Op die eerste vergadering van die Raad in Pretoria op 14 November 1912 is besluit om drie kommissies te benoem wat inligting sal inwin oor sekere aspekte van tegniese en beroepsonderwys en aanbeveling by die Raad sal doen. Uit die navrae van die kommissies het dit geblyk dat daar 'n besondere oplewing in tegniese en beroepsonderwys in Suid-Afrika gekom het en dat daar 'n behoefte bestaan om meer inrigtings oor die land verspreid tot stand te bring

> "met het oog op de belangen van het opkomende geslacht en de industriële, landboukundige, en kommersiële vooruitgang van het land in het algemeen."[2)]

In 'n oorsig van bestaande industriële skole het die kommissie in opdrag van die Raad gevind dat hulle uitstekende werk gelewer het nie net alleen in die skoolprestasies nie, maar ook in die karaktervorming van die armblankekind.

> "Er zijn ongelukkig zeer vele ouders, die de plaatsgrijpende veranderingen niet beseffen en die, eigenlik wegens gebrek aan kennis, aan hun kinderen het beste vooruitzicht in het leven onthouden."[3)]

---

1. U.G. 21 - 1913, 6

2. Ibid.

3. Ibid.

Na sy tweede vergadering beveel die Nasionale Raad van Advies vir Tegniese Onderwys aan dat die bestaande industriële skole uitgebrei en selfs vermeerder word; dat die sienswyse van die Unieregering ondersteun word en landbouvakskole in die lewe geroep word vir seuns om opgelei te word

> "voor het beroep van boereknecht of met het doel om als nederzetters hun eigen grond te verbouwen,"

dat die antwoorde van die nywerhede op die omskrywe van die Raad aandui dat daar groot belangstelling vir die opleiding van werklui bestaan en dat ŉ organiseerder vir die Raad so gou doenlik aangestel moet word.[1)]

(ii) Beleidsverklaring t.o.v. tegniese en vakopleiding

Ten einde die omvang van die vakopleiding beter te verstaan, is daar ŉ onderskeid gemaak tussen ambagskole en industriële skole soos dit in die land bestaan. Eersgenoemde skole lei veral die leerlinge op die een of ander beroep met sowel die tegniese as die praktiese kennis wat vir die beroep nodig is. Sulke leerlinge moet in die gewone skool ŉ vasgestelde onderwyspeil bereik het voordat hulle toegelaat kan word en hulle moet veral in die skool die teoretiese kennis van die vak geleer word. Baie deeglike opleiding in die praktyk is nie so nodig nie omdat die seun dit wel in die fabriekswinkel sal leer. Gewoonlik sal die opleiding uit ŉ groep vakke vir elke kursus bestaan en daarin moet die seun ten minste die grondbeginsels ken en kan toepas.[2)]

Die industriële skool moet gebruik word om die leerlinge deur die doenaspek te leer en die kursus moet net tot een of twee vakke beperk wees. Eventueel kan industriële skole met ambagskole vervang word maar so lank as wat die laer onderwys onvoldoende vir die soort leerling is en die opheffing van die armblanke op die spel is, moet die verskil bly voortbestaan. Algemene opleiding moet hand aan hand met vakopleiding in die skole gaan. In industriële skole behoort sowel

---

1. U.G. 21 - 1913, 7.
2. Besluite van Nasionale Raad vir Tegniese Opleiding op 21 Febr. 1913 te Kaapstad.

kinders tussen 13 en 16 jaar toegelaat te word waarvan die ouers die gelde self betaal as arm kinders wat niks kan bydra nie. Voor toelating moet die ouers 'n kontrak vir hoogstens vyf jaar aangaan dat die kinders die kursusse sal deurloop en dat hulle deur 'n dokter bekwaam gesertifiseer is om die handwerkopleiding te doen.[1)]

Waar uit die navrae geblyk het dat daar wel groot behoeftes bestaan vir opgeleide vakmanne, daar is dit die taak van die ambagskool om breedvoerige kursusse aan te bied aan jong werkers. Die opleiding behoort te bestaan uit 'n leertyd op 'n werkwinkel met die nodige tegniese opleiding in aand- of voortsettingsklasse, of 'n opleiding aan 'n ambagskool, gevolg deur praktiese werk in 'n werkwinkel, of as alternatief 'n dienstyd in 'n fabriekswerkwinkel met verpligte bywoning van dagklasse op een of meer dae in die tegniese afdeling van die beroep. Ambagskoolleerlinge behoort minstens st. 5 geslaag te hê en moet nie jonger as dertien jaar wees nie sodat die opleiding nie langer as sy 21ste jaar hoef te duur nie - dit is saam met sy vakleerlingskap. Vakleerlinge wat met aandklasse hul kwalifikasies wil verbeter, moet minstens in st. 6 geslaag het.[2)]

Onderwysers moet opgelei word vir die beroepsvakke in die gewone laer- en middelbare skole en die opleiding oor die vier provinsies moet uniformig wees. Verder moet leerkragte aan die ambagskole opgeleide onderwysers wees in die natuurwetenskaplike rigting met direkte ervaring in die ambagswerk wat gedoseer word. Vir industriële skole moet handwerkkennis gerade wees, maar persone met 'n deeglike karakter en opleiding moet as hoofde aangestel word.[3)]

Ten einde eenvormige standaarde van opleiding te kry, moet die Raad leerplanne voorskryf en moet die eksaminerende liggaam vir al vier die provinsies word, sodat die uiteenlopende sertifisering in die land tot niet kan gaan. Die Departement van Onderwys het derhalwe 'n orga-

---

1. U.G. 21 - 1913, 15.
2. T.O.D.: Tweede Rapport van die Raad van Onderwys, 8 (Eng. teks).
3. U.G. 21 - 1913, 9.

nisoorder aangestel in die persoon van P. Coleman van die Politegniese Instituut, London, wat op 1 Mei 1914 sy dienste aanvaar het om 'n deeglike ondersoek in te stel en dan aanbevelings te doen vir doeltreffender beheer en optrede tot 'n sterker poging.[1]

## 2. BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN KAAPLAND VAN 1910 TOT 1916

### Inleiding

Met 'n baie lang ontwikkelingsgeskiedenis het die onderwys in Kaapland 'n spoorslag geword vir die ander provinsies en tog kon hulle op die swak punte in die onderwysbeheer verbeter en daarom moet die instelling van sowel die sentrale beheer as die plaaslike beheer van die onderwys geskets word. Ter wille van die beroepsvakke wat in die gewone leerplan van die skool bestaan, moet die beheer oor die gewone skole ook kortliks weergegee word. Die tegniese en beroepsonderwys het veral bestaan in die industriële skole, dikwels verkeerdelik benoem met die woord ambagskole, en die voortsettings- of soos dit meer genoem word aandklasse. Die beheer van die inrigtings sal dus nagegaan moet word.

### (a) Sentrale beheer van die gewone onderwys

In 1839 is die pos van Superintendent-generaal van Onderwys in Kaapland geskep met die doel om skole te inspekteer, die leergange op te stel, die Departement van Onderwys te verteenwoordig en as registrateur van die professie op te tree.[2] Daardie een pos het vandag in Suid-Afrika tot 'n omvangryke onderwysstelsel met verskeie onderwysmanne aan die hoof ontwikkel. Die Superintendent-generaal van Onderwys, die Superintendent, soos die amp in Natal genoem word, en ook die Direkteurs van Onderwys in Transvaal en O.V.S., beheer in 1910 alle onderwys in die land uitgesonder die universiteite. Die S.G.O. het aanvanklik onder die Goewerneur en later onder die Koloniale Sekretaris en nog later onder die Administrateur van die Kaapkolonie gestaan en

---

1. U.O.D.: Jaarverslag van Sekretaris van Onderwys 1914.
2. Malherbe: Education in South Africa.

moes verantwoording doen aan die Kaapse Parlement of later aan die Provinsiale Raad. In 1865 is die eerste omvangryke Onderwyswet in die lewe geroep waarkragtens inspekteurs van onderwys aangestel is om die S.G.O. by te staan.[1)]

Muir het sy departement met die oog op doeltreffender beheer en administrasie gereorganiseer deur eerstens die administrasie in drie afdelings te verdeel. So is die statistiese afdeling met 'n eie hoof om toesig te hou geskei van die korrespondensie-afdeling en die professionele afdeling waarin die inspekteurs die begeertes van die Superintendent-generaal na buite uitgedra en in volvoering gebring het. Vir die tegniese en beroepsvakke wat "spesiale vakke" genoem word, is instrukteurs aangestel wat die inspeksiewerk gedoen het sowel as die organisasie van die vakke in die buitedistrikte waar dit nog in werking gestel moet word. Waar daar toelaes vir die soort onderwys betaal is om die vakke wat onderrig word, te bevorder, moes inspekteurs die doeltreffendheid van die onderrig en die uitvoering van die regulasies in daardie verband bepaal en daarom het gewone inspekteurs ook in hul rapporte melding gemaak van handwerkvakke in die skole wat hulle besoek het. In kort kan gesê word dat Muir wat in 1915 afgetree het, die onderwys in Kaapland baie goed georganiseer het. By sy uittrede was daar in Kaapland 'n deeglike stelsel vir hoërskole, opleidingskolleges en laerskole sowel as twaalf industriële skole en 'n tegniese instituut in Kaapstad wat onder die beheer van die Kaapse skoolraad gestaan het, met 'n wakker adviesliggaam en 'n personeel wat ook aan die Suid-Afrikaanse Kollege verbonde was. Nie minder nie as 38 inspekteurs en spesiale instrukteurs het in die uitvoering van die onderwysadministrasie en beheer gehelp, teenoor die agt wat in 1892 hom tersy gestaan het.[2)]

(b) Lokale beheer

In 1893 is die onderwysregulasies van 1865 so gewysig en aangevul

---

1. Mc Kerron: A History of Education, 28.

2. Coetzoe: Onderwys in Suid-Afrika, 7.

dat handwerkvakke in die gewone skole ingestel en verpligtend gemaak is sodat in elke skool van 1 Julie, 1894 af elke dogter in alle staatsondersteunde skole naaldwerk moes neem en die bestuurders van die skole wat direk onder die Superintendent-generaal van Onderwys gestaan het, moes toesien dat die leerkragte die bevoegdhede besit om die vak te onderrig.[1]

'n Verdere aanvulling van die Regulasies van seksie 1 van wet nr. 13 van 1865[2] bepaal dat alle gelde, toegestaan aan die onderwys, deur die Goewerneur d.m.v. die S.G.O. aangewend en beheer word. Omdat albei huise van die parlement die nuwe wysigings en aanvullings goedgekeur het en dit in die Staatskoerant van 29 September 1893 geproklameer is, kan meer aandag aan die aanvullings gegee word waarop die aandklasse en die industriële skole in aansyn geroep is.

(i) <u>Skoolkomitees</u>

Die beginsel van staatsondersteunde skole het in die Kaapse onderwys met die Calvinistiese lewensbeskouing van die Afrikaners saamgeval en kan dus nie as 'n oorgeplante Britse stelsel beskou word nie. Vir elke skool is daar waarborge van ouers verkry. Die ouers van die kinders van die skool het 'n "Bestuurskomitee" deur verkiesing saamgestel en die het direk onder die S.G.O. gestaan. So 'n skoolkomitee het die onderwysers van die skool uitgesoek en vir aanstelling aan die S.G.O. aanbeveel. Ontslag van die skool se leerkragte is ook deur die skoolkomitee gedoen, maar die S.G.O. moes sy goedkeuring daaraan heg. Hierdie soort skoolkomitees kon egter nie as geïnkorporeerde liggame geregistreer word nie en het dus nie 'n permanente bestaan gehad nie.[3] Hulle is ook nie beskerm ten opsigte van enige optrede nie omdat hulle 'n vrywillige Raad verteenwoordigers van die waarborge is. In 1879 het die "Onderwyskommissie" op die swakhede van die "local committees of management" gewys en aanbeveel dat hulle vervang

---

1. Goew. Kennisgewing nr. 931 van 1893.

2. Proklamasie nr. 388 van 1893.

3. Mc Kerron: A History of Education, 31.

moet word deur skoolrade met die reg om belastings vir onderwys te hef. "Gepaard met die skoolraadsidee het ook gegaan die idee van verpligte onderwys."[1]

(ii) Skoolrade

Na herhaalde pogings is eers in 1905 die Skoolraadswet vir Kaapland op die wetboek geplaas. Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die stigting van skoolraadsdistrikte wat deur die Goewerneur in magistraatsdistrikte of fiskale afdelings in die lewe geroep kon word "no ward shall be sub-divided".[2] Ook kon munisipale gebiede aparte skoolraadsdistrikte vorm, mits die lede van die bestaande

> "School Committees in such areas within nine months of the date of the passing of this Act,"

op 'n spesiale vergadering vir die doel dit nie met meerderheidstem afkeur nie. Die Minister moet egter toesien dat die hele Kaapland binne twaalf maande in skoolraadsdistrikte opgedeel is.

Twee derdes van die tussen ses en agtien skoolradslede word deur die belastingbetalers van die distrik gekies en die ander derde word benoem deur die Goewerneur. Elke skoolraad as geïnkorporeerde liggaam kan dagvaar en gedagvaar word in sy hoedanigheid. Oor alle skole in die distrik het die skoolraad volle seggenskap om selfs die salarisse van die aangestelde leerkragte te betaal, maar hulle het geen reg gehad om aanstellings te maak of om te weier nie en wanneer 'n aanstelling gemaak is, is hulle verplig om die vasgestelde salaris te betaal.[3]

Artikel 46 is van groot belang vir die onderwysers en daarom word dit weergegee:

> "When a teacher is to be appointed the School Committee shall submit to the school Board their selection for transmission to the Department for approval on the prescribed form, together with a statement as to qualifications of the various applicants and any other revelant information and the Board shall trans-

---

1. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 73.
2. Wet nr. 35 van 1905, art. 4, 5, 6.
3. Vergelyk die Hankey-hofsaak waardeur die Raad verplig was om die weerhoude salaris van die hoof van Hankey se skool te betaal.

> mit the selection of the Committee and in case the Department shall not approve of such selection and notwithstanding such disapproval, such teacher shall be appointed the Department may withhold the Government grant..."[1]

Artikels 60 tot 69 het die skoolrade die reg verleen om stappe te doen teen ouers wat hul kinders nalatiglik uit die skool hou en hulle kon skoolplig in hul eie distrikte toepas sodra die fasiliteite beskikbaar gestel is. Oortreders van die Wet kan met hoogstens R4.00 beboet word en die boete sal in die skoolraad se fondse gestort word. Alle skole het onder die skoolraad geressorteer behalwe die wat in artikel 33 uitgehou is nl. opleidingskole, industriële skole, distrikskosskole of die skool vir liggaamsgebreklikes soos opgerig onder wet nr. 24 van 1874.[2]

Bostaande beheerstelsel is behandel vanweë die feit dat gedeeltelike beroepsonderwys in die gewone skole beoefen is. Die volle tegniese en beroepskole het egter nie binne die perke van hierdie liggaam geval nie, maar is kragtens Proklamasie 388 van 1893 in die lewe geroep en beheer op die wyse soos toe bepaal.[3]

(c) <u>Beheer van industriële skole</u>

Hierdie skole is gestig veral met die doel om die armblankevraagstuk te help oplos. In die skole is toegelaat arm en verwaarloosde kinders wie se ouers nie die nodige middele gehad het om hulle as nuttige burgers op te voed nie. Albei huise van die parlement het die nuwe regulasies in ooreenstemming met Seksie 1 van Wet nr. 13 van 1865 goedgekeur en kragtens die regulasies is industriële skole gestig en beheer.[4]

In artikel 6 van die regulasies is R24.00 per jaar aan die kosskool betaal vir elke leerling wat verder as drie myl van die naaste bestaande skool gewoon het en ook is gelde beskikbaar gestel in die

---

1. Skoolraadwet van 1905, art. 46.
2. Sien Afdeling VI van die Skoolraadwet van 1905.
3. Die Regulasies Prokl. 388 van 1893 art. 12 het bepaal dat die skole onder dieselfde voorwaardes kon gestig word as wat industriële skole vir Naturelle gestig kan word. Onderwyswet van 1865.
4. Prokl. nr. 388 van 1893 art. 12.

vorm van lenings vir die oprigting van skoolgeboue waarvan die regering die helfte van die rente van 7% betaal.[1)]

Die industriële skole[2)] kon in die lewe geroep word op dieselfde voorwaardes as die industriële skole vir naturelle.[3)] Die toelaes betaalbaar aan hoofde van skole sowel as aan assistente is vasgestel en van alle uitgawes moet jaarliks aan die S.G.O. verslag gedoen word.

Die bestuur van die skool sal uit sewe lede bestaan wat die helfte van die salaris van die hoofde en onderwysers waarborg en hulle sorteer direk onder die S.G.O. Hulle word deur 'n spesiale inspekteur wat ook 'n organiseerder vir handwerkvakke is, gereeld tweekeer per jaar ondersoek, ten einde die nodige toelaes te ontvang. Twee skole het kragtens hierdie Proklamasie ontstaan: die een te Uitenhage, opgerig deur die N.G. Kerk, en die ander te Kaapstad. In Kaapstad het die skool saans die leerlinge in sowel gewone as elementêre wetenskaplike werk onderrig terwyl die leerlinge bedags in die stad in die fabrieke en werkwinkels hul ambag geleer het. Maar in Uitenhage het die seuns in werkwinkels van die skool onderrig ontvang en is al die onderwysers vir hulle werk vergoed. Dit was dus heelwat duurder om die skool te Uitenhage te finansier, maar dit het later die beste praktyk geblyk en daarom is Potchefstroom in Transvaal op dieselfde wyse bestuur en gereël.[4)]

(d) Beheer van voortsettingsklasse

Aandskole is gestig deur onderwysers, skoolrade en skoolkomitees ooreenkomstig Proklamasie nr. 388 van 1893, artikel 11 en moes aan die volgende voorwaardes voldoen:

(i) Leerlinge moet ouer as veertien jaar wees;
(ii) Hulle moet minstens ses uur per week onderrig ontvang in goedgekeurde vakke vir minstens ses maande;
(iii) Toelaes van die regering sal een derde wees van wat aan volle dagskole betaal word.[5)]

---

1. Prokl. nr. 388 van 1893, art. 6 en 7.
2. In die genoemde regulasies is dit beskryf as "Trade schools," maar hulle het geblyk industriële skole te wees.
3. Proklamasie nr. 388 van 1893, art. 12.
4. Jaarrapport van S.G.O. vir 1895, 9.
5. Proklamasie nr. 388 van 1893, art. 11.

Aan die gewone skool is jaarliks R100.00 betaal om die uitgawes vir handwerkvakke te bestry, mits daar 20 leerlinge en meer op die register is. As die gewone onderwyser die handwerkvak kan gee en sy salaris is op die pond-vir-pond stelsel gewaarborg, dan betaal die regering R2.00 per jaar vir elke gemiddelde bywoning vir die aangegane uitgawes. Al die inkomstes van die skole moet ten volle aan die S.G.O. verantwoord word. Ook is daar vir elke kind wat behoorlik opleiding ontvang het gedurende die jaar in Sang, Naaldwerk, Tekene en Liggaamsoefeninge R0.20 as toelae betaal.[1] Hieronder het die tegniese aandklasse van Uitenhage, Oos-Londen, Soutrivier, Kaapstad en die te Kimberley geval.

(e) <u>Beheer van nywerheidskole</u>

In 1913 het die Provinsiale Raad aan die Administrateur die reg gegee om uit die fondse ter beskikking van die onderwys nywerheidskole te stig en in stand te hou in omgewings wat hy goed dunk. Die skole kan die Administrateur dan aan die skoolraad van die omgewing oordra om dit te beheer asof dit een van die gewone skole onder sy jurisdiksie is. Sulke nywerheidskole se leerlinge kan alleen met goedkeuring van die Superintendent-generaal van Onderwys toegelaat word en van hulle is geen skoolgelde te verhaal nie.[2]

Volgens artikel 12 van die ordonnansie sal die beheer van die skool wat so gestig is, aan 'n kommissie van ses lede oorgedra word waarvan drie deur die Administrateur benoem word en die ander drie uit die skoolraad gekies is. Die kommissie bly in funksie so lank as wat die skoolraad bestaan en vakatures wat mag ontstaan, word aangevul deur die liggaam wie se lid uitgetree het. Hierdie kommissie tree op ooreenkomstig artikels 45, 46 en 47 van die Wet op Skoolrade van 1905. Die skoolraad mag slegs skoolraadslede op die kommissie aanstel.[3]

---

1. Proklamasie nr. 388 van 1883, art. 16 en 17.
2. Onderwys Gazette XIII, nr. 6 van 28 Aug. 1913, art. X en XI.
3. Ordonnansie nr. 16 van 1913, art. XII.

Leerlinge wat vir toelating tot die nywerheidskole genomineer kan word, moes verder as drie myl van die naaste skool woon en moes reeds tussen dertien en sestien jaar oud wees as ook st. 4 geslaag het. Hierdie leerlinge word by die hoof van die skool vir minstens drie jaar of tot die agtiende jaar ingeskryf. Voorskrifte en reëls vir die doeglike funksionering van die nywerheidskole kan deur die Departement opgestel word.[1)]

Boufondse kan uit die gelde van die skoolrade vir nywerheidskole gebruik word of dit kan deur lenings van skoolrade verkry word vir die doel om geboue en lokale op te rig om aan die behoeftes van die skool te voorsien.[2)] Waar daar reeds sulke skole bestaan of waar liggame of persone van plan is om sulke skole op te rig, daar kan die Administrateur hulptoelae op die volgende wyse toeken:[3)]

(i) "Ten opsigte van interest en huurgelden, uitrusting en salarissen voor elke twee pond bestoed een som van hoogstens een pond."

(ii) t.o.v. ander uitgawes, toelaes gelyk aan die wat aan tweede-klas skole betaal word.

Die skole moet dan ook beheer word op dieselfde wyse as die skoolrade dit sal beheer anders verval die toelaes.

(f) Stigting van beroepskole

Ooreenkomstig artikel XVIII van die bestaande Ordonnansie kan ook ambagskole, skole vir "beelde-kuns" en toonkuns asook skole vir gebreklikes gestig word. Die beheer van die skole slaan ooreen met die van die nywerheidskole, met die uitsondering dat dit leerlinge van 'n ander kaliber sal wees. Al drie die soorte bedrywe kan in een en dieselfde skool beoefen word. Leerlinge wat nie meer skoolpligtig is nie, kan in die soort skool opgeneem word. Indien die skool aan 'n skoolraad oorgedra word of onder 'n skoolraad ressorteer, moet dit soos enige ander skool binne sy jurisdiksie beheer word.[4)]

---

1. Ordonnansie nr. 16 van 1913, art. XII.
2. Ibid., 16.
3. Ordonnansie nr. 16 van 1913, art. XVII.
4. Ibid., Afdeling III Art. XVIII tot XXIV.

Boulenings kan op dieselfde wyse hiervoor beskryf, verkry word en die skoolraad kan selfs beurse vir die belowende leerlinge vir hoër opleidingskursusse beskikbaar stel.[1]

Privaat persone of leerlinge kan ook ambagskole in die lewe roep en boufondse sal beskikbaar gestel word uit spesiale lenings vir die doel deur die Provinsiale Raad aangegaan. Die Administrateur behou die reg om van tyd tot tyd regulasies vir die goeie dissipline en onderrig in die skole voor te skryf.[2]

(g) Samevatting

Gedurende die onderwysverloop van Kaapland het daar 'n onderwysdepartement ontstaan met 'n superintendent-generaal aan die hoof. In die Departement het daar administratiewe amptenare bestaan wat die klerklike werk verrig het sowel as Inspekteurs van Onderwys wat die professionele beplanning help doen en uitgevoer het sowel as Organiseerders of Opsieners wat die tegniese en beroepsonderwys bepaan en bepaal het. Hierdie laasgenoemde groep amptenare was professionele tegnici, maar het 'n laer status gehad as die gewone Inspekteurs van Onderwys.

Die industriële skole is deur plaaslike komitees beheer of deur stigterslede wat self 'n komitee van beheer saamgestel het en direk onder die Superintendent-generaal van Onderwys gestaan het. Ook het die nywerheidskole beheerkomitees gehad wat direk onder die S.G.O. gestaan het. Hierdie komitees het baie goeie werk gedoen, maar moes in sommige gevalle onder die skoolrade sorteer omdat die skoolrade die verpligtinge teenoor die personeel moes nakom.

Na verskeie pogings is die Skoolraadswet in 1905 goedgekeur veral met die doel om die groot aantal leerlinge wat nog nie die skole bywoon nie, na die skole te dwing. Geleidelik het die skoolrade dan ook daarin geslaag om verpligte onderwys deur te voer en vir elke omgewing tot in die verafgeleë plase is fasiliteite voorsien, wat geleidelik die kinders van die gebied van absolute onkunde gered het. Die armblankevraagstuk het egter 'n belangrike rol in die skoolstelsels van die Kaapkolonie gespeel.

---

1. Ordonnansie nr. 16 van 1913, art. XXV en XXVI.
2. Ordonnansie nr. 16 van 1913, art. XXVIII en XXIX.

## 3. BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN TRANSVAAL VAN 1910 TOT 1916.

### Inleiding

Die Smuts-onderwyswet het die fondamentstene vir die onderwys in Transvaal gelê en selfs na 1910, (behalwe dat daar klein veranderinkies aangebring is om sake van 'n Kroonkolonie by 'n Provinsie van die Unie van Suid-Afrika te laat aanpas) is skering en inslag van die wet onveranderd op die volle beheer van die onderwys van toepassing. In artikel 85 van die Zuid-Afrika-wet word Provinsiale Rade in die lewe geroep met 'n uitvoerende amptenaar, die Administrateur, soos aangestel deur die Goewerneur-generaal-in-Rade, as hoof van die Provinsie en 'n Uitvoerende Komitee van vier lede, wat deur die Provinsiale Raad op 'n pro rata-basis gekies word om namens hulle die gebiedshuishouding te beheer. Provinsiale Rade het die mag om met goedkeuring van die Goewerneur-generaal-in-Rade ordonnansies te maak om alle sake wat deur die Grondwet aan hulle toegeken is, te reël. So ook is aan hulle die reëling van onderwys toevertrou, uitgesonder hoër onderwys.[1] Ooreenkomstig art. 118 van die Grondwet kon die Provinsiale owerhede jaarliks uit die gekonsolideerde inkomstefonds 'n bedrag ten behoewe van onderwys trek gelyk aan die begroting van die jaar 1908 - 1909 soos vasgestel was deur die Koloniale Wetgewende Mag, totdat die finansies gereël kon word.

### (a) Sentrale beheer

Die Smutswet het die onderwys van die Provinsie, Transvaal, gereël en bepaal, sodat die beheer wat daarin voorgeskryf is ook hier van toepassing is op tegniese en beroepsonderwys en ook vir die gewone onderwys sover dit die beroepsvakke betref wat daarby ingesluit is. Hoofstuk I van die Smutswet bepaal die masjinerie van die Onderwysdepartement met 'n Direkteur van Onderwys as hoof, maar onderhorig aan die Minister van Onderwys wat na 1910 deur die Administrateur vervang is. Ten einde die Minister van Onderwys te adviseer en uitspraak te doen wanneer plaaslike Rade van die Direkteur verskil,[2] is 'n Onderwysraad

1. Die Zuid-Afrika-wet art. 85.
2. T.O.D.: Jaarrapport 1912, 22.

aangestel met die Direkteur of die Sekretaris van Onderwys as voorsitter.[1] Die Raad van Onderwys moes ook begrotings maak; regulasies opstel; ontslag en aanstellings van onderwysers reël en subsidies as ook skoolgelde bepaal. In 1912 het die Raad van Onderwys van gedaante verander deurdat Ordonnansie nr. 7 die ou Raad geamendeer het vanweë die feit dat die Uitvoerende Komitee die Raad van Onderwys se funksie vul.[2] Die nuwe Raad van Onderwys wat kragtens Ordonnansie 7 van 1912 aangestel is, het as opdrag gehad

> "to consider and make recommendations to the Administrator upon any matter connected with the educational needs of this Province, special regard being given to suitability of the curricula to the agricultural, commercial, and industrial conditions of the Province."[3]

Die Raad kon dus ondersoek na genoemde onderwyssake beplan waar die ou Raad net sake wat aan hom opgedra is, kon behandel en advies gee. In sy samestelling het hierdie Raad[4] ook daarin verskil dat die Departementele amptenare nie meer sitting op die Raad van Onderwys gehad het nie behalwe natuurlik die Direkteur van Onderwys. Hierdie Raad, wat veral tegniese en beroepsonderwys in oënskou moes neem, was seker veronderstel om die aanbevelings van die Konferensie van 1911 vir die daarstelling van 'n Nasionale Raad van Advies vir Tegniese Onderwys, voor te wees.[5]

Vir die deurvoering van die aanbevelings soos deur die Direkteur goedgekeur, is ook aan die Sentrale Beheer die twee Organiseerders[6] van industriële, tegniese en beroepsonderwys (een vir die seuns en die

---

1. Die Onderwyswet nr. 25 van 1907.
2. Die Ou Onderwysraad moes die Minister adviseer en nou staan saam met die Administrateur die Uitvoerende Komitee aan bewind.
3. T.O.D.: Jaarrapport 1912, 24.
4. Behalwe die Direk. as voorsitter het dr. F.V. Engelenburg, T. Reunert, H.L. Malherbe en W. Cullen gedien.
5. Sien Konferensiebesluite U.G. 2 - 1912.
6. W.J.E. Horn en mej. A.M.H. du Boulay.

ander vir dogters) aangestel in gelyke hoedanigheid met die Inspekteurs van Onderwys. Hierdeur het die onderwys in die laer- en middelbare skole twee groepe inspekteurs en organiseerders gehad in soverre die handwerkvakke professionele toesig en kontrole gehad het. Alle sake rakende die organisasie en uitbreiding van die handwerkvakke in die gewone skole is via die Organiseerders van tegniese en beroepsonderwys deur die lokale owerheid aan die Direkteur van Onderwys oorgedra.[1] In ander woorde, hulle moes alle sake i.v.m. die spesiale vakke nagaan en aanbevelings by die Direkteur doen, behalwe dat hulle jaarliks inspeksie in die vakke moes onderneem.

(b) Plaaslik beheer van skole

In Hoofstuk IX van die Onderwyswet van Smuts is ses en twintig skoolraadsdistrikte in Transvaal geskep met plaaslike owerhede (die skoolrade) wat bestaan het uit ses, nege of twaalf lede soos die Goewerneur (later Administrateur) mag bepaal, waarvan die Administrateur dan ook een derde aanstel terwyl twee derdes deur die geregistreerde kiesers vir die parlement gekies word. Die magte en pligte van die skoolrade is in artikels 57 - 63 omskryf. "Die skoolrade is in beheer geplaas van alle openbare laerskole, asook die met middelbare afdelings, en die hoërskole in die distrik met die uitsondering van die skole in skedule III van die Onderwyswet genoem."[2] Hulle het dus ook beheer gehad oor alles i.v.m. die tegniese en beroepsvakke wat in die gewone skole gegee is en as "spesiale vakke" bekend gestaan het.

Kragtens artikels 67 - 72 is skoolkommissies vir elke laerskool en selfs laerskool met middelbare afdeling deur die ouers van skoolgaande kinders gekies. Hulle het alleenlik in 'n adviserende hoedanigheid opgetree beide wat die instandhouding van die skoolgeboue, terreine en uitrusting asook wat die personeel betref.[3]

In 'n heel ander hoedanigheid het die beherende liggame van Skedule III skole opgetree. Hierdie liggame het direk onder die Direkteur ge-

---

1. W.J. Horne en A.M.H. du Boulay.
2. Snyman: Smuts-onderwyswet 1907, 230.
3. Wet nr. 25 van 1907 artikels 67 - 72.

staan en is hul magte en pligte van tyd tot tyd deur die Administrateur ooreenkomstig art. 73 van die Onderwyswet vasgestel. In min of meer gelyke regte het die pligte en regte van die beheerrade van die ambagskole gestaan wat in 1912 aan die ambagskole in Pretoria en Johannesburg gewettig is en hier heelwat breedvoeriger behandel word omdat dit direk met die tegniese en beroepsopleiding in die provinsie te doen het, waar die gewone skole slegs ter wille van die handwerkvakke genoem is.

(c) <u>Beheer van ambagskole</u>

Binne die perke van seksie 24 van die Onderwyswet van 1907 het die Koloniale Sekretaris van Transvaal die volgende regulasies vir die beheer van ambagskole geproklameer[1)] en verklaar dat dit skole omsluit wat opleiding in vakke gee vir:

(i) Industriële (insluitende landbou) ambagte en beroepe.

(ii) Kommersiële beroepe.

(iii) Huishoudkundige beroepe.

(iv) Sulke afdelings van tegniese onderrig as wat die Direkteur vir seuns en dogter sal bepaal.

> "The schools herein referred to shall be under the direct control of the Department."[2)]

In artikels 2 en 3 word bepaal dat ŉ organiseerder vir tegniese onderwys aangestel word en dat hy die posisie van ŉ inspekteur sal beklee met die pligte om skole van hierdie soort te organiseer en te inspekteer

> "and to do whatever may be required of him to promote their efficiency."[3)]

Die skole sal te alle tye oop en gereed wees vir inspeksie deur amptenare deur die Direkteur benoem.

Die leergang is in artikels 4 - 6 beskryf en sluit in die terminologie van die ambagte in beide tale asook opleiding in die ambagte, algemeen of spesiaal, in ŉ voorbereidende mate soos die Direkteur mag be-

---

1. Goew. Kennisgewing nr. 452 van 1909.

2. Ibid., art. 1.

3. Ibid., art. 2.

paal in oorleg met die nywerhede waar die leerlinge hul beroepe sal opvolg. Elke skool moet egter voorsien vir Geskiedenis, Aardrykskunde en Burgerpligte en sulke vakke as wat die Direkteur in aanvulling tot die tegniese onderrig mag bepaal.

Die Direkteur het die aanstellings- en ontslagreg en aan elke skool sal 'n hoof en assistente, soos nodig blyk, aangestel word en almal sal direk onder die Direkteur staan.[1]

Leerlinge wat in hierdie skole toegelaat kan word moet ouer as dertien jaar wees en minstens st. 4 in die gewone skool geslaag het en moet 'n klasgeld van R8.00 per jaar betaal met die voorbehoud dat die Minister (later die Administrateur) die gelde kan verminder en opskort. Leerlinge wie se gedrag tot nadeel van die inrigting is, mag deur die hoof tydelik geskors word, maar die Inspekteur kan tydelik of permanent uitsit.[2]

Artikels 11 tot 15 reël die aand- en dagklasse sodat eersgenoemde klasse in ooreenstemming sal wees met die regulasies wat voortsettingsklasse beheer.[3] Indien leerlinge nie die volle kursus soos vir dagskoliere voorgeskryf kan deurloop nie, het die Direkteur die reg om die kursus in te kort soos dit vakleerling sal pas. Na voltooiing van die voorgeskrewe kursusse sal die Direkteur 'n eksamen reël en die nodige sertifikate in die verband aan die suksesvolle kandidate toeken.[4]

(d) <u>Beheerrade van tegniese en ambagskole</u>

Onder seksie negentien (1)(m) van die Onderwyswet van 1909 het die Koloniale Sekretaris die Beheerraad van die ambagskool en politegniese instituut in die lewe geroep en hulle prosedure van vergadering in tien artikels vasgelê. Hulle sal na drie jaar uittree maar kan weer deur die Minister vir die volgende termyn aangestel word. Die Beheerraad sal self konstitueer en mag aan sy sekretaris 'n salaris be-

---

1. Goew. Kennisgewing nr. 452 van 1909, art. 7 en 8.
2. Ibid., art. 10.
3. Administrateurskennisgewing nr. 23 van 1910 vervang die ou regulasies.
4. Goew. Kennisgewing nr. 452 van 1909 art. 11 - 15.

taal soos deur die Direkteur goedgekeur. Vakante plekke op die raad sal deur die Minister aangevul word. Die notule van vergaderings sal toeganklik wees vir die Direkteur en enige amptenaar deur hom benoem.[1)]

Die funksies van die Beheerkomitee sal wees:[2)]

(i) "to direct and supervise any arrangements intended to promote the physical, moral and general welfare of pupils, provided that these arrangements interfere in no way with the work of the classes or with the officers engaged carrying on such work;

(ii) to administer grants for furtherance of thw work of the managing committee as outlined in subsection (a) hereof;

(c) to make recommendations to the Director with regard to the remission of fees in the case of deserving pupils, and to award bursaries out of any funds which may be at the disposal of the committee to pupils who show merit;

(d) to supervise the boarding arrangements for bursars, and as far as possible, to supervise these pupils when they are not in attendance at school."

Jaarliks moet die Beheerkomitee state van uitgawes en inkomstes aan die Direkteur voorlê asook ŉ verslag oor gedane werk. Alle uitgawes moet eers deur die komitee op ŉ wettige vergadering gemagtig word.[3)]

Die volgende lede is aangestel om diens op 1 Januarie 1910 te aanvaar: regter Briston, ds. Bosman, eerw. G.W. Cross, eerw. James Philips, mnre. E. Chappell, G.G. Elliott, J. Reid en A.C. Romyn.[4)]

(i) Die nuwe beheerregulasies vir ambagskole van 1912

In 1912 is bestaande regulasies gekanselleer en is die nuwe regulasies[5)] van toepassing gemaak op alle ambagskole in Transvaal en waaronder die Johannesburgse ambagskool en die van Oosrand op Benoni later geressorteer het.

Die lede van so ŉ Beherende Liggaam sal aangestel word deur die Administrateur om die nywerhede in die omgewing van die skool sowel as

---

1. Goew. Kennisgewing 261 van 1910 art. 1 - 10.
2. Ibid., art. 11.
3. Ibid., art. 12 en 13.
4. Goew. Kennisgewing nr. 262 van 1910.
5. Administrateurskennisgewing nr. 91 van 1912.

die Skoolraad en Munisipale Raad te verteenwoordig. Elke jaar sal drie lede in rotasie aftree maar sal herbenoembaar wees. Die ander voorwaardes i.v.m. die vergaderinge en samestelling van die liggaam bly onveranderd met die uitsondering dat die Beherende Liggaam enige personeellid se teenwoordigheid kan opeis op 'n vergadering en dat die Hoof vergaderings nou kan bywoon en insae in die notule kan kry. Die ledetal sal tussen ses en twaalf wees.[1)]

Veel omvangryker en ingrypender magte en regte is egter deur die Administrateur aan die Beherende Liggaam opgedra, want hulle kan nou hoofde en vise-hoofde van die skole onder hul beheer aanbeveel vir aanstelling en mag 'n onderwyser ontslaan na deeglike verhoor. Die leerplanvakke kan op aanbeveling van die Beherende Liggaam verander word om te pas by die omstandighede van die studente en die skoolgebou kan afgestaan of geweier word vir doeleindes selfs buite die onderwys om.[2)]

Op die gebied van die finansies het die Beherende Liggaam dieselfde verpligtinge gehad as die skoolrade en moes hulle alle fondse wat aan hulle deur die Administrateur en Uitvoerende Komitee toegeken is vryelik gebruik i.v.m. die organisasie van die skool en verslag doen aan die einde van elke finansiële jaar. Hulle kon aanbevelings doen oor die geboue, uitrusting en uitbreiding van fasiliteite en moet oor al die inkomstes en uitgawes jaarliks aan die Direkteur van Onderwys verslag doen. Verder kon die Beherende Liggaam aanbevelings doen oor die kwytskelding van klasgelde en onderworpe aan die regulasies beurse toeken volgens hul diskresie. Alle geskenke van korporasies en besighede in harde munt of gereedskap of roerende of onroerende eiendom so verkry, kon vryelik beheer word mits aan die einde van elke jaar aan die Direkteur verslag gedoen word.[3)]

Spesiale subkomitees kan benoem word om die Beherende Liggaam se

---

1. Administrateurskennisgewing nr. 91 van 1912.
2. Ibid., art. 13(a), (b) en (c).
3. Adm. kennisgewing nr. 91 van 1912, art. 13(d), (e), (f), (g), (h), (i) en (j).

pligte beter uit te voer en reëls kan vir die subkomitees opgestel word so lank die werk nie die inwendige skoolwerk in die klaslokale versteur nie. So is die Liggaam verantwoordelik gemaak vir die koshuise en toesig buite skoolure. Hierdie vyftien nuwe reëls oor die pligte en magte van die Beherende Liggaam het dus heelwat meer van hulle geverg as die ou regulasies.[1]

Die volgende persone is deur die Administrateur benoem om op die Beherende Liggaam van die ambagskool te Pretoria en Johannesburg van 19 April 1912 af te dien.

(i) Johannesburgse Beherende Liggaam van die ambagskool: Drr. W.A. Caldecott, M. Nathan, prof. G.R. Thompson en mnre. D. Dingwall, J.J. Harold, R. Raine, C.F. Stallard L.P.R., G.B. Steer en J.J. Ware, L.P.R.[2]

(ii) Beherende Liggaam van Pretoria se ambagskool: Regter Bristow, eerw. L. Phillips, mnre. E. Chappell, C.F. Delfos, W.R. Dey, E.E. Elliott, J.J. Leggett, J. Munro, E.D. Richardson, A.C. Romyn en W.H. Sharpe.[3]

(e) Beheer van die Potchefstroomse Industriële Skool

Ooreenkomstig Goewermentskennisgewing nr. 997 van 1905 is vir die beheer en bestiering van die Industriële skool en koshuise te Potchefstroom 'n raad aangestel wat by die Registrateur van Maatskappye moes registreer. Die Raad sal al die geboue van die ou N.G. weeshuis sowel as die geboue opgerig deur die staat tot sy beskikking hê met al die meublement en uitrusting. Hoewel die regering die geboue in stand sal hou, sal die Raad die reg hê om alles oor te neem as omstandighede dit moontlik maak teen betaling van die originele koste.[4]

Die agt en vyftigtal regulasies bepaal dan verder die samestelling van die Raad en sy soort werk, sy pligte en magte, sy rekenings, sy

---

1. Adm. kennisgewing nr. 91 van 1912, art. 13 (k) tot (m).
2. Adm. kennisgewing nr. 93 van 1912.
3. Ibid., nr. 92 van 1912.
4. Goew. Kennisgewing nr. 997 van 1905, art. 5.

voorrade, sy toelating van leerlinge, reëls vir die beheer van skool en koshuise, sy toelaes en die funksionering van die inrigtings.[1)]

In artikels 6 - 10 word die samestelling van 'n Uitvoerende Komitee behandel wat verantwoordelik sal wees vir die bestuur van die hele besigheid en wat uit tien lede insluitende die plaaslike magistraat sal bestaan. Hierdie Komitee sal jaarliks aftree en is herkiesbaar, maar moet deur die Luitenant-goewerneur goedgekeur word. Indien 'n lid egter in die loop van die jaar om die een of ander rede uittree, vul die Komitee sy eie geledere aan. Die funksionering van die vergaderings en die prosedure is verder in artikels 11 tot 14 omskryf en is dit belangrik dat enige besluit van nul en gener waarde sal wees as dit nie deur minstens vyf lede onderskryf word nie.

(1) Magte en Pligte

Die magte en pligte van die Komitee kan kortliks as volg saamgevat word:

(i) Die Komitee is verantwoordelik vir die ontvangs en besteding van alle fondse wat aan die Industriële Skool en koshuis toegestaan word.

(ii) Die Komitee is verantwoordelik vir die beheer van die Industriële Skool en die koshuis.

(iii) Onderwysers en alle persone wat in diens geneem word in die Industriële Skool en koshuis word deur die Komitee geëmplojeer met goedkeuring van die Direkteur van Onderwys.

(iv) Personeellede wat ooreenkomstig die vorige artikel in diens geneem word, sal op kontrak geplaas word en sal alleen met toestemming van die Direkteur ontslaan kan word. In dringende gevalle kan personeellede ontslaan word hangende die goedkeuring van die Direkteur.[2)]

Alle fondse sal deur die Komitee in die betrokke rekening van die Industriële Skool of van die koshuis gestort word en slegs vir daardie

---

1. Goew. Kennisgewing nr. 997 van 1905 art. 5.

2. Sien notule van Statutekomitee van die Industriële Skool van Potchefstroom vir 1905.

doel aangewend word. G.edere vervaardig in die Industriële Skool sal ten bate van die skool se fondse verkoop kan word. Ongespesifiseerde fondse sal deur die Komitee met goedkeuring van die Direkteur van Onderwys tussen die twee rekenings verdeel kan word.[1)]

Artikels 23 tot 27 bepaal die boekhouding en kontrole van voorrade van die skool en koshuis, en die verslae en statistieke wat jaarliks aan die Direkteur van Onderwys voorgelê word.

(ii) Toelating van leerlinge

ŉ Subkomitee sal jaarliks gekies word om leerlinge se toelating te behandel en die plaaslike magistraat sal een van die drie lede wees. Alle toelatings is desnieteenstaande onderhewig aan die goedkeuring van die Direkteur van Onderwys en voorkeur sal gegee word aan leerlinge wat ŉ kursus van die Industriële Skool wil bywoon en nie oor die nodige middele beskik nie en tweedens aan wese van wie beide ouers oorlede is. Leerlinge vir die Industriële Skool moet egter ouer as veertien jaar of dertien jaar wees en st. 3 geslaag het. As ŉ doktersertifikaat vir liggaamsgeskiktheid verkry is, sal die leerling ŉ kontrak moet onderteken om minstens drie en hoogsten vyf jaar ŉ ingeskrewe vakleerling van die Superintendent van die skool te wees. Gelde sal met toestemming van die Direkteur van Onderwys van leerlinge gevorder kan word.[2)]

(iii) Kursusse

Ooreenkomstig fabrieksregulasies sal al die werkwinkelspraktyke onder instruksies van die Komitee aan die seuns gegee word en daarbenewens sal minstens twee uur per dag aan die leerling gewone skoolvakke aangebied word tot genoegdoening van die Inspekteur wat aan die Direkteur sal rapporteer. Tuinwerk moet aan elke seun prakties geleer word en altesaam mag die onderrigure nie langer as sewe per dag wees nie uitgeslote openbare vakansiedae en twee weke verlof per jaar. Saterdag geld as ŉ half dag.[3)]

---

1. Goew. Kennisgewing nr. 997 van 1905, art. 19 - 22.
2. Ibid., art. 28 - 33.
3. Ibid., art. 34 - 39.

Die Komitee sal hul oes doen om elke seun wat sy kursus deurloop het in werk te plaas en onderneem om geen artikel wat in die skool vervaardig is aan ŉ kleinhandelaar teen ŉ laer prys te verkoop as wat gewoonlik as ŉ billike markwaarde beskou is nie. Die Komitee se beslissing is onderhewig aan die goedkeuring van die Direkteur van Onderwys. Groothandelsbestellings kan uitgevoer word mits die goedere nie teen nie-mededingende pryse verkoop word nie.[1]

(iv) <u>Finansiële beheer</u>

Die toekenning van staatstoelaes aan die Industriële Skool word deur artikels 42 en 43 gereël en sal vir die eerste jaar twee derdes van die uitgawes van die skoolrekening wees en daarna die helfte. Die Komitee moet egter jaarliks ŉ staat van uitgawes indien en ŉ voorlopige begroting van uitgawes saamstuur. Paaiemente kan maandelikse op die toelae oorgedra word op ŉ wyse wat deur die Direkteur in oorleg met die Komitee bepaal sal word.[2]

Aan die koshuis wat aan die skool verbonde is, is kindertjies toegelaat wat heeltemal wees is of wie se ouers niks vir hulle kan betaal nie en vir elke kosganger sal die staat aan die koshuisrekening R3.00 per maand betaal vir die eerste jaar en daarna ŉ geringer bedrag, mits die toelae meer as twee derdes van die totale uitgawes van die koshuis bedra.[3]

Alle toelaes is onderhewig aan die rapport van die Inspekteur t.o.v. behoorlike en deeglike dissipline, voedsel en kleding, netheid, gesondheid en morele opbou van die leerlinge. Origens moet die omgewing, geboue en meublement in gooie toestand gehou word en die vereiste verslae moet uittreksels wees van die juiste state wat gehou word.[4]

Wanneer daar gebreke voorkom, sal die Direkteur die aandag van die Komitee daarop vestig en indien versuim word om die sake in die reine te bring, sal die toelaes met tiendes verminder of geheel en al weerhou

---

1. Goew. Kennisgewing nr. 997 van 1905, art. 40 - 41.
2. Ibid., art. 42 en 43.
3. Ibid., art. 44 - 53.
4. Ibid., art. 54.

word en kan selfs permanent gestaak word wanneer die Komitee nie sy verpligtinge kan nakom nie. Die Regulasies het op 1 Oktober 1905 in werking getree wat die koshuis betref en op die datum waarop die skool geopen is, wat die Industriële Skool betref.[1)]

In artikels 1 - 12, Administrateurskennisgewing nr. 20 van 25 Januarie 1912 het die Raad van Onderwys aanbeveel dat die regulasies verander moes word wat die samestelling van die Uitvoerende Komitee betref en is geëis dat ꞌn lys van bydraes van R2.10 per jaar 21 dae voor die stemdag opgestel moet word en dat elke 25 donateurs een komiteelid kan kies.[2)] Jaarliks na 31 Maart moet onder voorsitterskap van die plaaslike magistraat so ꞌn verkiesing plaasvind. Daar moet dus minstens 25 donateurs wees om ꞌn lid van die Uitvoerende Komitee te kies en dan het die Administrateur saam met die magistraat vier persone aangestel op die Komitee om die getal van twaalf vol te maak. Indien die Uitvoerende Komitee nie behoorlik saamgestel kan word nie, het die Administrateur die reg om selfs al twaalf die Komiteelede aan te stel.[3)]

(f) Beheer van voortsettingsklasse

Voortsettingsklasse in tegniese en handelsvakke kan deur skoolrade, beherende liggame van hoërskole, onderwysers of enige liggaam of persoon gereël word onder sekere voorwaardes wat deeglik omskryf is in die Provinsiale Koerant van 8 Julie 1910. Ooreenkomstig hierdie voorwaardes moet ꞌn leerplan van die kursus vir een jaar aan die Departement

---

1. Goew. Kennisgewing nr. 997 van 1905 art. 57 en 58.

2. Adm. kennisgewing nr. 20 van 1912, art. 1 vervang die ou artikel met die woorde: "Het bestuur van de inrichting zal berusten bij een Komitee, bestaande uit twaalf leden, volwassen Europeanen van wie een zal worden verkozen door elke 25 personen die gedurende de tijd van een jaar voor de datum van de samestelling van de lijst in art. 4 hiervan ten minste een guinje zullen hebben bijgedragen, mits het aantal so verkozen leden niet meer zal zijn dan acht."

3. Ibid., art. 1.

van Onderwys vir goedkeuring voorgelê word. Die klasse kan enige tyd van die dag plaasvind maar moet ooreenslaan met die vier kwartale van die departementele skole. Vir handels- en tegniese onderrig moet daar minstens vyf leerlinge gemiddeld vir die eerste kwartaal en nege vir die res van die jaar in ŉ klas wees. Die Direkteur van Onderwys kan enige klas kanselleer as dit nie in ooreenstemming met die regulasies is nie.[1]

(i) Klasgelde

Klasgelde vir die tegniese en beroepsvakke is bepaal in artikels elf tot sewentien en kan kortliks as volg weergegee word: Vir 1 vak R1.00 per kwartaal; Vir twee vakke R1.50 per kwartaal; Vir drie vakke R2.00 per kwartaal.[2]

Al die gelde moet in die skatkis gestort word en die leerkragte sal die volgende vergoeding vir hul klasse van die Departement ontvang:

Vir meer as nege leerlinge per klas R0.75.

Vir minder as nege leerlinge per klas R0.60 met die verstandhouding dat die Direkteur ŉ hoër tarief kan sanksioneer, maar nooit meer as R1.25 per uur nie en mits die onderwyser baie goeie kwalifikasies in die betrokke vak besit.[3]

As sulke klasse uit meer as een leerkrag bestaan, dan kan een as prinsipaal aangestel word en sy pligte sal wees om die register te hou, leerplanne op te stel, elke maand ŉ betaalstaat op te stuur, kwartaalverslae aan die Direkteur te stuur en die nodige reëlings vir klasse te tref. Sy toelae sal dan vir die eerste twee assistente met R3.00 vermeerder word, vir die eerste vyf leerkragte met R4.00 en so tot meer as nege assistente wanneer die ekstra toelae op R12.00 per maand vasgestel is. Elke jaar sal daar ŉ eksamen in die vakke gereël en aan kandidate wat geslaag het sertifikate uitgereik word.[4]

---

1. Adm. kennisgewing nr. 23 van 1910, art. 1 - 4.
2. Ibid., art. 11.
3. Ibid., art. 14.
4. Ibid., art. 16 en 17.

(ii) Kursusse

Die volgende vakke behalwe die gewone skoolvakke wat volgens die Departementele kode gegee moet word, is in die kursus ingesluit:

(b) Onderwerpe in verband met die handelskursus:

(i) Handelsrekene;

(ii) Boekhou;

(iii) Snelskrif;

(iv) Handelskorrespondensie in Engels en Hollands.

(d) Tegniese vakke i.v.m. die afdelings van die nywerheid:

(i) Toegepaste Wiskunde;

(ii) Werktuigkundige Teken;

(iii) Masjienbou;

(iv) Boukonstruksie;

(v) Ingenieurswerk;

(vi) Timmerwerk;

(vii) Toegepaste elektrisiteit;

(viii) Loodgieterswerk.[1)]

(g) Samevatting

Die Smutswet het voorsiening gemaak vir die tegniese en beroepsonderwys in soverre dit die handwerkvakke betref. Kragtens die wet is die beheerstelsel dieselfde as vir die gewone skole maar deskundiges is aangestel as inspekteurs of organiseerders van tegniese en beroepsonderwys. In 1910 is egter d.m.v. 'n administrateurskennisgewing aparte regulasies vir die ambagskole ingestel en in 1912 het die Beheerrade omvangryker magte verkry. Die Beheerrade het bestaan uit verteenwoordigers van die verskillende nywerhede en opvoedkundige liggame van elke stad waar die skole geleë was.

Die Industriële Skool te Potchefstroom het nog steeds 'n Beheerkomitee gehad wat as geregistreerde Maatskappy by die Registrateur van Maatskappye ingeskryf is. In 1912 het daar ook wysigings in die regu-

---

1. Adm. kennisgewing nr. 23 van 1910 art. 5. Die regte nommers in die proklamasie is behou vir referensiedoeleindes.

lasies gekom wat met goedkeuring van die Administrateur opgestel is. Van nou af was die magistraat van die dorp ipso facto voorsitter van die Beheerkomitee en moes subkomitees aangestel word om die funksionering van die skool se sake beter te laat vlot.

Die regulasies vir voortsettingsonderwys was so vaag dat die beheer van skole wat in die toekoms ontstaan het nouliks aan die vereistes van die regulasies kon voldoen. Die klasgelde wat gehef kon word, was ewe-eens so uiteenlopend dat verwarring geskep is.

In die geheel geneem het die beheer van die onderwys van 1910 af geensins die indruk gelaat dat die owerhede daarin geslaag het om 'n eenheidstelsel en-beleid met visie te bewerkstellig nie. Die beheer van die Industriële Skool op Potchefstroom het verskil van die ambagskole sowel as van die voortsettingskole wat begin opskiet het en so het die gewone laer- en middelbare skole verskil van die hoër en huishoudskole. Radikaal het die beheer van tegniese en beroepsonderwys tussen Kaapland en Transvaal reeds verskil en geen ooreenkoms kon gevind word nie. Tog is die uiteenlopendheid van die reëls en regulasies in Transvaal nog nie so groot as in die O.V.S. nie waar elke beroepskool feitlik sy eie regulasies opgestel en na goedkeuring die skool beheer het deur 'n eie beheerkomitee.

## 4. BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN DIE O.V.S. VAN 1910 TOT 1916

### Inleiding

Tegniese en beroepsonderwys het in die O.V.S. net soos in die ander provinsies onder druk van die Unie-onderwysdepartement in sekere rigtings ontwikkel. In die gewone skole het die leerlinge handvaardigheid deur hande-arbeid ontwikkel en dan is skole in die lewe geroep om die aspirant-werker vir sy lewensberoep te bekwaam. Al die tegniese en beroepskole het eers met hul opleiding begin nadat die leerlinge st. 4 en later st. 6 in die gewone skoolvakke geslaag het.

Die gewone skole het dan die handewerk voorsien in opdrag van die Departement en is die uitvoering van die opdrag in die hande van die plaaslike beheerkomitees sowel as in die hande van die gewone skoolinspekteurs gelaat, waar die ander provinsies spesiale opgeleide persone vir die toesig oor die opleiding van die spesiale vakke aangestel het. Die beheer is dan in die hande van die sentrale, sowel as die lokale owerhede gelaat, waar die lokale beheer uit spesiale kuratoria en skoolrade en skoolkommissies bestaan het.

#### (a) Sentrale beheer

Ooreenkomstig Wet nr. 117 van 1908 het doe Onderwysdepartement van die O.V.S. tot stand gekom met ʼn Direkteur van Onderwys aan die hoof en amptenare om hom in die uitvoering van sy administratiewe pligte behulpsaam te wees. Die direkteur word deur die goewerneur[1] benoem sowel as die inspekteurs wat hom in die beheer van die Onderwysdepartement bystaan kragtens bevoegdhede in die Wet of bywyse van regulasies. Al hierdie amptenare moet Engels en Hollands magtig wees behalwe wanneer die pligte van ʼn amptenaar van so ʼn aard is dat slegs een van die tale benodig word.

Artikel 5 van die Wet bepaal die algemene bevoegdhede van die Minister van Onderwys wat skole, wonings, koshuise, beurse en toelaes vir leerlinge beskikbaar kan stel. Artikel 5 (2) bepaal

1. Na 1910 het die Administrateur die Goewerneur se plek gevul.

> "De Minister kan van tijd tot tijd doen oprichten of toelagen verlenen aan die navolgende inrichtinge voor so ver zij op een door de Minister goedgekeurde wjze ingericht en beheerd zijn:
>
> (a) inrichtingen die voorsiening maken voor opleiding van vakkundige, wetenschaplike of gevorderd letterkundige aard."

Kragtens hierdie artikel is die tegniese en beroepskole in die lewe geroep, behalwe natuurlik die Industriële Skool te Bloemfontein wat reeds bestaan het.

Verpligte skoolbesoek is kragtens artikels 7, 8, 9 en 10 van toepassing op elke blanke kind en die bestuursliggaam van elke skooldistrik waarvan daar 49 is, oefen volle beheer oor die toepassing van die Wet uit. Elke leerling is skoolpligtig tussen die ouderdomme 7 en 16 jaar en die Goewerneur (Administrateur) kan van tyd tot tyd regulasies proklameer wat die standerd tussen vier en ses verpligtend maak.

Die inspekteurs moet jaarliks die skole besoek, die leerlinge se werk nagaan en verslag doen. Ook moet die oorplasings gereeld gedoen word deur klas- of individuele inspeksie. Die taalmedium in die skool sal wees die taal van die grootste groep in die klas en dit moet deur die skoolkommissie en bestuurskomitee in parallelleklasse bepaal word.[1]

Om voorsiening in voorgeskrewe vakke te maak, kan laerskole in die lewe geroep word, mits daar gedurende die jaar nooit minder as 15 kinders op die register is nie.[2] Wanneer 'n skool die werk doen wat op die laerskool volg, kan die Minister sulke skole of voorbereidende departemente oprig en onderhou, maar die skole moet minstens 50 leerlinge op die middelbare register hê.[3] Ook is voorsiening gemaak vir die ambag- en nywerheidsvakke waaronder begrepe is Landboukunde.[4] Vir voortsettingsonderwys is in artikel 22(a) en 22(b) voorsiening gemaak. Eerstens moes die voortsettingsonderwys in aanvulling tot die gewone skoolvakke wees en tweedens in vakke wat deur die Direkteur van Onderwys van tyd tot tyd mag goedkeur.

---

1. Art. 78 subseksie (a) van Wet nr. 35 van 1908.
2. Art. 19(a).
3. Art. 20(a).
4. Art. 21.

(b) Plaaslike beheer van gewone skole

(a) Skoolrade

Die O.V.S. is in skooldistrikte verdeel met ŉ bestuursliggaam wat beheer oor die skole in die distrik uitoefen. Die pligte en magte van die bestuursliggaam wat bekend staan as skoolrade is omskryf en gewettig in hoofstuk IV (B) van die Onderwyswet van 1908. Die samestelling van ŉ skoolraad het grondig verskil van die skoolrade wat in Kaapland en Transvaal bestaan het, aangesien die prosedure soos omskryf in art. 59 (1) die skoolkommissies magtig om die 5 raadslede uit die 9 te kies wat nie deur die Minister van Onderwys aangestel word nie. Die prosedure van verkiesing kom min of meer ooreen met die prosedure van verkiesing soos van kommissieledo soos bepaal in art. 34 tot 56. Die name van die verkose lede sal dadelik aan die Direkteur bekend gemaak word en hy sal dit in die Staatskoerant openbaar maak, sowel as die datum van die eerste vergadering van die verkose Raad.[1]

(i) Magte en pligte van rade

Behalwe dat die Administrateur gemagtig is om skole onder die beheer van Skoolrade te onttrek[2], is Skoolrade belas met die kontrole oor al die skole in sy distrik kragtens bepalings van die Onderwyswet asook regulasies wat van tyd tot tyd gemaak kan word. Die Raad adviseer die Departement insake die aanwending van finansiële uitgawes en inkomstes, die verandering van skoolgeboue, die oprigting van nuwe geboue en die status van skole in sy gebied. Artikel 73 magtig ŉ skoolraad om staatsgelde wat kragtens besluite aan die Raad toegeken is, aan te wend vir doeleindes soos deur die Raad goedgekeur. Die Raad koop dus ameublement vir skole aan, gee beurse uit en moet selfs geregskostes dra omdat dit ŉ geïnkorporeerde liggaam is.[3]

1. Art. 59 (3): De verkiezing van een Raadslid zal zo na mogelik op de wyze bepaald voor de verkiezing van Schoolkommissies plaats hebben, behoudens dat de kiezers hun eigen Voorsitter en Sekretaris in zodanige vergadering mog zullen kiezen.
2. Art. 68 van Wet nr. 35 van 1908.
3. Art. 73 (1), (2), (3) en (4).

Sake wat deur die Skoolkommissies aan die hoër instansies voorgelê word, moet eers deur die Raad oorweeg en dan aan die Departement of Minister voorgelê word met die nodige aanbevelings ter oorweging van die instansie. Skorsing en aanstelling van die leerkragte moet langs hierdie weg geskied.[1]

## (II) Skoolkommissies

Volgens art. 32 (2) van die Onderwyswet kan die Administrateur by proklamasie in die Staatskoerant skooldistrikte saamgroepeer of onderling verdeel en van name voorsien om dan as skooldistrikte te bestaan. In elke distrik sal die ouers wat daarin sorteer die reg hê om 'n skoolkommissie vir die skool van sy kinders te kies. Skoolkommissies moet minstens uit vyf en hoogstens uit sewe lede bestaan en wanneer die Administrateur dit goedvind, kan een of meer skole se ouers saamgegroepeer word om een skoolkommissie vir die groep skole te kies, behalwe wanneer 'n skool meer as vyftig leerlinge op die register het. Ouers van skole is kiesgeregtigdes hoewel kommissielede nie noodwendig ouers hoef te wees nie.[2]

### (i) Pligte en magte van Kommissielede

Soos Skoolraadslede kan enige lid enige skoolgebou in die gebied binnestap en sake deurkyk, mits nie inbreuk gedoen word op die stigtelike voortgang van die skoolwerk nie. Skoolkommissies kan op eie houtjie of saamgegroepeer deur die Administrateur verteenwoordigers op die Skoolraad van die distrik kies. Die wyse van verkiesing word voorgeskryf sowel as die samestelling van Skoolkommissies wat vir drie jaar moet diens doen. Na 'n verkiesingsvergadering onder voorsitterskap van die Magistraat of wettig aangestelde Kiesbeampte wat in die Wysigingswet van 1910 [3] selfs die Skoolraadsekretaris kan wees moes 'n Voorsitter, Onder-voorsitter, en 'n Sekretaris gekies word, sodat behoorlik notule van vergaderings gehou en aan die Skoolraad gestuur kan word.

---

1. Art. 75.
2. Art. 35 (1) en (2) Kwalifikasies van lede.
3. Wet nr. 8 van 1910.

Die Skoolkommissies moes deur middel van die Skoolraad die Departement inlig omtrent die welsyn en deugdelikheid van die onderwys, die toestand van die perseel en skoolgebou en die aanstelling en skorsing van personeellede. Verder sal ꞌn Skoolkommissie die reg hê om klagtes asook aangeleenthede wat die welstand van die skool kan benadeel, te ondersoek. Die Skoolkommissie kon selfs die skoolure vir die skool vasstel mits dit nie inbreuk maak op die lengte van die skooldag soos deur die Wet bepaal nie en dit die goedkeuring van die Direkteur van Onderwys kan erlang. Waar ꞌn Hoof op eie gesag ꞌn kind uit die skool kan uitsluit as sy teenwoordigheid tot nadeel van die skool strek, moet die goedkeuring van die Skoolkommissie wat die reg daartoe het op die eersvolgende vergadering verkry word. Ouers kan wel in hoër beroep by die Departement gaan indien hulle die uitsluitingsbevel nie wil gehoorsaam nie. Kragtens artikel 58 moet alle mededelinge aan die Departement via die Skoolraad gaan behalwe waar andersluidende regulasies dit onnodig maak.[1)]

(c) Beheer van tegniese en beroepsvakke in gewone skole

Aangesien die gewone skole wat nie uitgesluit is in Skedule 3 van die Wet nie[2)] onder beheer van Skoolkommissie en Skoolraad en dus ook onder die Departement van Onderwys geplaas is, het hierdie liggame volle beheer oor daardie gedeelte van die beroepsopleiding gehad. Die aanbou van ekstra laboratoria vir houtwerkkamers en kookkunslokale sowel as die voorsiening van uitrusting in die afdelings is in die hande van die plaaslike liggame gelaat. Die Departement het wel bywyse van regulasie neergelê dat elke skool die handwerkvakke moet invoer, maar die funksionering van die handearbeidsvakke is in die hande van die Skoolkommissies en die Skoolrade gelaat.[3)]

Skoolgelde van leerlinge moes deur die Skoolraadsekretarisse ingesamel word, maar Skoolkommissies moes aanbeveel of vrystelling aan behoeftige leerlinge toegestaan kan word. Wanneer leerlinge meer waarde

---

1. Art. 57 (1) tot (6) van die Onderwyswet van 1908.

2. Wet nr. 8 van 1910.

3. Wet nr. 13 van 1910 art. 6(e)

uit spesiale beroepsonderwys sal put, kon die leerlinge met losiesbeurse na 'n skool oorgeplaas word wat in hul kraam sal pas. Daardie oorplasing kan deur Skoolkommissies by Skoolrade aanbeveel word.[1] Die Skoolkommissies en Skoolrade het beheer gehad van Kindertuin of Fröbelskole, laerskole, middelbare en opleidingskole, maar die industriële skole het egter direk onder die Departement geval met 'n plaaslike Kuratorium.[2]

Net soos artikel 6(e) van Wet nr. 13 van 1910 onderrig van handearbeid "'n noodzakelike bestanddeel van die Lagere Kursus van schoolonderwijs" maak, bepaal art. 7(d) van die Rangskikkingswet van 1913[3] dat praktiese vakke onontbeerlik is tot st. VII, en daarvandaan kan leerlinge na skole gaan wat in hul spesiale behoeftes voorsien, is dit ambag-, landbou-, handels- of akademiese rigtings, waarin sekere middelbare skole toegelaat is om te ontwikkel.[4]

Aangesien die stukrag vir handearbeidsvakke op die platteland in die hande van die Skoolkommissies en die Skoolrade is, is dit eienaardig dat Landboukunde feitlik geheel en al buite rekening in die skoolskemas gelaat is, nieteenstaande die druk van die Departement deur dié wetgewing en die begeerte van die Minister van Onderwys soos beklemtoon in die besluite van die Tegniese konferensie te Pretoria in 1911 en in Bloemfontein.[5]

(d) <u>Beheer oor voortsettingsonderwys</u>

Voortsettingsonderwys of selfs ook aandklasse soos dit genoem is, is kragtens art. 22 (a) en (b) van Wet nr. 117 van 1908 en by herhaling in Wet nr. 13 van 1910 art. 6 (s) gewettig. Die Minister (later die Administrateur) kon laat instel of onderhou of selfs toelaes verleen aan klasse wat onderwys verstrek ter aanvulling van die gewone onder-

---

1. Skoolwysigingswet nr. 8 van 1910.
2. Ord. nr. 9 van 1913 art. 4.
3. Ord. nr. 9 van 1913 art. 7 (d) en (e) (10) tot (15).
4. Ord. nr. 9 van 1913 art. 8 (c).
5. U.G. 9 - 1917, 2.

rig in skole asook van s' lke spesiale vakke as wat die Direkteur van Onderwys mag goedkeur en hierdeur is die aandklasse in die Brebnerskool gewettig. In 1910 verklaar artikel 6 (s)

> "Behoudens goedkeuring van de Schemas van werksaamhede van de roosters door't Departement, Zijn Schoolraden bevoegd Avondscholen in te stellen. De onderwijzers ontvangen daarvoor een nader door de Direkteur te bepalen vergoeding. De leervakken in Avondscholen onderwezen moeten van zo prakties mogelijke aard zijn."[1]

Kragtens afdeling C van Wet nr 35 van 1908 kon die Minister (later Administrateur) van tyd tot tyd voorsiening maak vir die instelling van 'n Bestuursliggaam van 'n openbare skool of 'n groep openbare skole of vir 'n openbare inrigting

> "die niet uit krachte van deze Wet aan het opzicht van een Raad onderworpen is."[2]

Die sodanig benoemde Bestuursliggaam sal omskrewe pligte en bevoegdhede besit wat deur regulasies vasgelê word. Die Brebnerskool se voortsettingsklasse is onder 'n spesiale komitee geplaas wat soos die Skoolraad volle beheer oor die aandklasse gehad het wat hulle vir handelsonderrig laat instel het.

(e) <u>Beheer oor Industriële skole</u>

Onder die Industriële skole het slegs die skool te Goedemoed, Ficksburg en Bloemfontein tot 1916 in die O.V.S. bestaan. In der waarheid het die Goedemoedskool wat vir die Arbeidskolonie van die Ned. Ger. Kerk gestig is, slegs enkele van sy groter skoolseuns oorgeplaas na die industriële afdeling van die skool wat vir die handearbeid in die lewe geroep is. Hierdie afdeling het dan ook onder die gewone Skoolkomitee sorteer en is via die gewone skoolstelsel beheer. Ficksburg het aanvanklik ook onder die gewone Hoof en Skoolkomitee bestaan maar het so ontwikkel dat dit later afgeskei het onder 'n aparte hoof vir die seunsafdeling. Die Beheerraad wat deur die Administrateur vir die skool aangestel is, het direk onder die Direkteur van Onderwys gestaan en het volle beheer en verantwoordelikheid oor skooluitgawes

---

1. Wet nr. 13 van 1910 art. 6 (s).
2. Art. 77 (a) van Wet nr. 35 van 1908.

gehad.[1] Die Komitee is deur die Departement op aanbeveling van die hoof aangestel.

Die vernaamste pligte van die Kuratorium was om in belang van die skool aanbevelings by die Departement te doen en die gelde wat beskikbaar gestel word, aan te wend in belang van beurse, uitrusting en materiaal. Die pligte en magte van so ŉ Kuratorium het baie ooreengekom met die van ŉ Distrikskoolraad.[2]

(1) Die Huishoudskool te Bethlehem

Hierdie skool het mev. Van Gent as hoof gehad wat Huishoudkunde aan middelbare skooldogters gegee het, in ooreenstemming met die sillabus van die Huisvrouesertifikaateksamen van die Nasionale Raad van Advies oor Tegniese Onderwys. Benewens die hoof en haar personeel het die skool ŉ selfstandige Beheerraad gehad wat deur die Administrateur benoem is en volgens regulasies[3] een maal per maand vergader het. Die Kuratorium het uit ŉ paar dames-en manslede bestaan waaronder twee dokters. Jaarliks is die "Kuratorium" deur die hoof bedank vir hul ywer en belangstelling in die skool se doen en late.[4]

(11) Beheer van Huisvlytraad

Die Spin- en Weefskole wat Emily Hobhouse gedurende die oorlogsjare begin het, het bly voortbestaan op aanbeveling van mej. Wilson, die Opsienster van die handwerksentra vir meisies in die O.R.K.. Trouens, die Departement van Onderwys het ŉ spesiale Raad in die lewe geroep en aan dié ŉ bedrag van R9,000.00 beskikbaar gestel wat hulle aan die soort van opleiding kon bestee.[5] Hierdie Raad het vir baie jare die Naaldwerkdepot saam met die Spin- en Weefskole beheer, waardeur die maak van klere aan jong meisies geleer is en wat van die Departement geruil is vir die Politegniese skool.[6]

---

1. Art. 96 (a) Wet nr. 35 van 1908.
2. Afdeling C van hoofstuk 5 van Wet nr. 35 van 1908.
3. Goew. Kennisgewing nr. 420 van 1910.
4. Jaarrapport van hoof van Huishoudskool te Bethlehem.
5. Goew. Kennisgewing nr. 360 van 1908, Regulaties voor Huisindustrieraad in O.R.K..
6. Jaarrapport van Huisnywerheidsraad van 1910 - 1915.

Benewens die aanwen ing van die kapitaal voor hande[1] het die Raad beheer gehad oor bogenoemde skole, die organiseerder[2] van die skole en selfs oor die opleiding van leerkragte vir die soort onderwys te Bloemfontein. Gelde[3] is as loon aan die verskillende werkers uitbetaal met die leuse: "verdien terwyl jy leer." In 1923 is aan die hand gedoen dat die jaarlikse bydrae van om en by R9,000.00 aan die Huisnywerheidsraad teruggetrek moet word.[4]

(f) Samevatting

Dit was die toestand in die O.V.S. wat tegniese en beroepsonderwys betref tot 1915 toe die vyf jaar verstreke was wat aan die Provinsies deur die Zuid-Afrika-wet toegestaan is om onderwys "uitgesonder hoër onderwys" te beheer.

Behalwe dat daar 'n paar skole soos die Bloemfonteinse, die Ficksburgse Industriële skool en die te Goedemoed bestaan het, het daar vir dogters op Bethlehem 'n Huishoudskool bestaan wat deur spesiale Kuratoriums beheer is ooreenkomstig regulasies wat die Administrateur van tyd tot tyd vir die skole kon voorskryf. Die handwerkvakke wat in die gewone skole voorsien is, het onder beheer van Skoolkommissies en Skoolrade gestaan. Voortsettingsonderwys en aandklasse het onder die beheer van die Skoolrade of van spesiale Beheerrade gestaan. In die O.V.S. is egter bloedweinig aan Landbou-onderrig gedoen nieteenstaande baie druk van die Unie-owerhede.

Oor die algemeen geneem, het die beheerstelsel van die tegniese en beroepsonderwys in die O.V.S. ooreengestem met die beheer in die Transvaal, behalwe dat die O.V.S. geen Organiseerders of Opsieners vir die handwerkvakke kon bekostig nie en elke skool vir tegniese en beroepsonderwys sy eie regulasies help opstel het.

---

1. Art. 11 van Regulasies G.K. nr. 360 van 1908.
2. Art. 17 van Regulasies.
3. Art. 16 van Regulasies.
4. U.G. 19 - 23, 30.

## 5. BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN NATAL VAN 1910 TOT 1916

### Inleiding

Ter wille van die handwerkvakke met die doel om die leerlinge beroepbewus te maak, word die beheer van die gewone skole ook behandel.

Die Onderwyswet van 1877[1] het voorsiening gemaak vir die instelling van n Sentrale Onderwysraad van tien lede, waarvan die Superintendent die hoofuitvoerende beampte was. Hierdie Raad moes die seggenskap van die gemeenskap in die onderwys bevredig, want openbare persone, sos in getal, het die Regeringsamptenare bygestaan in die uitvoering en beheer van onderwysaangeleenthede t.w. die Koloniale Sekretaris, die Prokureur-generaal, die Koloniale ingenieur en die Landmeter-generaal.

Nadat Natal in 1893 verantwoordelike regering gekry het, en die Onderwyswet nr. 5 van 1894 die bogenoemde Raad uitgeskakel het ten behoewe van n Onderwysdepartement met die Superintendent as die hoof van die departement, is die staatsondersteunde skoolstelsel sowel as die instelling van Russell "payment-by-results" onveranderd gelaat.[2] Die S.O. [3] was aan die Minister van Onderwys, wat ook Staatsekretaris was, verantwoordelik en het volle beheer oor die onderwys asook die finansies daarvan gehad. Inspekteurs het die Superintendent in sy taak om alle skole te inspekteer, bygestaan. Onderworpe aan die goedkeuring van die Minister moes die S.O. die onderwys organiseer, begrotings opstel, maandverslae voorlê, onderwysersaangeleenthede reël en kurrikula beplan.[4] Hierdie wet het die onderwys gereël sowel as die Wet van 1877 wat nie in 1894 herroep is nie vir sover dit die skoolstelsel van bydraes en die beheer van staatsondersteunde sowel as privaat skole betref.[5]

---

1. Wet nr. 15 van 1877.
2. Sien die "Interim Report" van die Kommissie van 1877 wat die opheffing van die stelsel aanbeveel het.
3. Afkorting van Superintendent van Onderwys in Natal.
4. Coetzee: Onderwys in S.A., 227.
5. Malherbe: Education in S.A., 209.

(a) Beheer van tegniese en beroepsonderwys in gewone skole

(I) Sentrale beheer

Kragtens die wet van 1894 het die S.O. volle beheer oor alle staatskole en staatsondersteunde skole gehad onderworpe aan die goedkeuring van die Minister van Onderwys.

Vir die behoorlike kontrole oor die onderwys sowel as oor die uitbetaling van staatstoelae het die S.O. die hulp van sy inspekteurs nodig gehad, want hulle moes die leerlinge individueel toets in Rekene, Lese, Spreekoefeninge, Taalwerk en moes die skriftelike werk kontroleer voordat aanbeveel kon word wat die Superintendent aan die leerkragte moet uitbetaal. Hierdie stelsel het die meeste Afrikaansprekende ouers verplig om nie van die staatsondersteunde skoolstelsel gebruik te maak nie. Die taal wat getoets is, was natuurlik Engels. Vir elke leerling wat minstens 175 skooldae teenwoordig was, is 40 sente betaal en vir elke leerling wat in gemelde vakke geslaag het, ŉ verdere 50 sente. As die leerlinge ook onderrig is in handwerkvakke, dan is ŉ ekstra 15 sente aan die skool per leerling per dag betaal. Geleidelik het die eise verander en is die bydraes verhoog sodat die skool as "eenheid" later geklassifiseer is as "Excellent" "Baie goed" en die toelae van 100 sente tot 90 sente gewissel het.

> "This latter scale continued in force for many years in all the schools... Though abolished in the Government schools, it still exists in the Farm Schools."[1]

Die hoofde van die skole is aangestel ooreenkomstig wet nr. 16 van 1877 wat bepaal dat die hoofde behoorlik opgeleide leerkragte moet wees en dat geen hoof aangestel kan word in hoërskole sonder goedkeuring van die Onderwysraad en later die Superintendent van Onderwys nie.

> "It shall be lawful for the Lieutenant Governor to appoint a Head Master for each school and such number of assistant masters as shall be determined by the Council of Education; and the salary of each Head Master and assistent so appointed, shall consist of such sums as may be recommended for the purpose by the said Council, and sanctioned by the Legislature."[2]

---

1. Malherbe: Education in S.A., 191.

2. Artikel 8 van Wet nr. 16 van 1877.

Ooreenkomstig artikel 11 van Wet nr. 15 van 1877 moet elke hoof van primêre skole ook deur die inspekteur goedgekeur word voor en aleer enige staatstoelaes ontvang kan word. Die hoof het selfs 'n geheime rapport oor elke leerkrag aan die einde van die jaar geskryf wat sy bevordering of selfs betaling van salarisse kon beïnvloed. Die staatstoelaes is in ondersteunde skole aan die hoof uitbetaal om aan die assistente oor te betaal.[1]

(II) Plaaslike beheer

Tot in 1909 was daar in Natal geen behoorlike funksionerende beheerstelsel nie. Daar word wel deur die Onderwyskommissie van 1887 melding gemaak van die soort plaaslike komitees wat in Natal bestaan, maar van wie die owerheid min indien enige notisie geneem het.

> "Local Committees having charge of schools depend too much upon the Council of Education, and do not always manifest that interest in schools which their importance deserves."[2]

Hierdie komitees was gewoonlik die oprigters van privaat skole wat die skool in stand hou en bereid is om inspeksie toe te laat, die kurrikulum te volg en dan 'n staatsbydrae te ontvang, mits die hoof die inspekteur se goedkeuring kan wegdra.

Na die Driejarige Oorlog het die nuwe distrikte, Utrecht, Vryheid en Paulpietersburg, hul lot met Natal moes inwerp en deur die stigting van die C.N.O.-skole het dit duidelik geword dat die plaaslike skoolkomitees nie bereid was om hul beheer oor hul skole prys te gee nie. Utrecht het selfs voorwaardes vir oorname van die skool aan die S.O. gestel en het die skoolkomitee bly voortbestaan tot in 1940. Paulpietersburg is baie goed met staatshulp behandel sodat die koshuis in 'n florerende toestand daar uitgesien het. In 1906 verklaar Mudie dat die onderwysers ook voorkeur gee aan die sentrale beheerstelsel, maar dat hy tog voel dat 'n sekere mate van beheer die nodige belangstelling by die ouer sal wek om hul samewerking te verkry.[3]

---

1. Malherbe: Education in South Africa, 190.
2. Commission of Education 1887, Interim Report.
3. S.O.: Jaarrapport 1906.

(i) Advies-skoolkomitees

In 1909 beveel die Onderwyskommissie aan dat Adviserende Skoolkomitees in die lewe geroep moet word vir alle stadsrade en munisipaliteite

> "who will, it is hoped, act with the Department in everything that makes for the welfare of the children and their training as good citizens."[1]

Hierdie aanbeveling is beliggaam in Wet nr. 5 van 1910 "for the establishment of Advisory School Committees."

In artikel 1 word die instelling van Adviserende Komitees vir stadsrade en dorpsrade of vir alle staatsondersteunde skole buite genoemde rade gemagtig. Artikel 2 bepaal die enkele funksie van die sodanige komitees naamlik

> "to offer advice to the Department of Education upon any matters relating to education!"

Die volgende artikel bepaal dat die ledetal sal bestaan uit sewe, vyf of drie vir stadsrade, dorpsrade en staatsondersteunde skole onderskeidelik. Behalwe dat die burgemeester ampshalwe voorsitter van die Adviserende Skoolkomitees in stede of dorpe is, kan komitees hulle eie voorsitters kies. In artikel 5 word die wyse van die verkiesing van Adviserende Komitees beskryf en verplig dit die burgemeester of magistraat in die buitedistrikte om verkiesings te hou op skriftelike versoek van twaalf of tien kiesers vir dorpe of buitegebiede onderskeidelik. Die verkiesings moet in elke geval voor 31 Maart 1910 plaasvind en daarna elke jaar voor die einde Januarie. Die kiesers moet ouers of voogde van die kinders in die betrokke skool wees en sodra 'n verkiesing plaasgevind het, moet die S.O. daarvan in kennis gestel word. Vakante setels kan deur die dorpsraad of die magistraat aangevul word. In artikel 8 van die Wet word die Adviserende Komitees gemagtig om hul eie reëls neer te lê vir die kworum, prosedure en ander toevallige aangeleenthede. Die enigste artikel wat wel van praktiese waarde vir die ouerlike beheer geldig is, is artikel 10 wat lui:[2]

---

1. Education Commission 1909.
2. Malherbe kritiseer hierdie artikel en beweer dat inspeksie slegs deur hoogstaande en tegniese kennis verrig kan word en sê: "A more unsatisfactory piece of education legislation than the above would be difficult to find." pag. 204.

"A Committee shall be entitled to visit and inspect any Government or aided school within the borough or Township or the division for which it has been elected, at such time or times as the Committee may see fit after due notification to the head teacher."

Hierin lê daar vir die ouer 'n geringe mate van versekering dat die onderwys aan hul kinders nie net in vreemde hande geleë is nie.

(ii) <u>Verpligte skoolbesoek</u>

'n Tweede belangrike wet in die twintigste eeu vir Natal is die wet op verpligte skoolbesoek. Wet nr. 6 van 1910 het R30,000.00 beskikbaar gestel vir die instelling van die masjinerie om nalatige skoolbesoek uit te skakel. Leerlinge, in watter skool ook al, is verplig om die skool gereeld te besoek tussen die ouderdomme van 7 en 14 jaar binne die driemylgrens. Later was st. 6 of 15 jaar die vereiste vir skoolverlating en tog moes in die armer dele van Natal koshuise met toelaes in die lewe geroep word ten einde die behoeftige leerlinge buite die driemylgrens op skool te kry. In 1916 is die Koshuiskomitee van 1907 vervang en het die staat self die kontrole deur middel van die hoof van die skool oorgeneem.[1]

Hierdie beheerstelsel van die gewone skole is behandel slegs omdat die handwerkvakke in die skole daarop gemik was om die leerlinge op die gebied van sowel handelsonderrig as handwerkkundige onderrig vir die een of ander beroep voor te berei, afgesien van die algemeen vormende waarde van vakke soos Houtwerk, Kartonwerk, Tekene, Kookkuns, Huishoudkunde, Naaldwerk en Liggaamsoefeninge.

(b) <u>Plaaslike beheer van suiwer tegniese en beroepsonderwys</u>

Teen die einde van 1904 het die Natalse owerheid 'n kommissie aangestel om tegniese en beroepsonderwys te ondersoek en aanbevelings te doen.[2] Hierdie kommissie is beslis so gekies dat die behoeftes van die gebied behoorlik aandag kon geniet. Hunter, die voorsitter was bestuurder van die Natalse spoorweë, Sim was die hoofbosbewaarder,

---

1. S.O.: Jaarrapport 1916.

2. Die aanbevelings is in Mei, 1905 vrygestel en het twaalf punte behels terwyl Mudie 'n minderheidsrapport uitgebring het.

Mudie S.O. in Natal, Brown was burgemeester van Durban en O'Brein van Pietermaritzburg, Fletcher was stadsingenieur en het die tegnologiese dienste van die stede verteenwoordig, terwyl die geleerde professies ook verteenwoordiging gehad het. Gedurende die ondersoek het die Tussenkoloniale Tegniese Konferensie in Johannesburg plaasgevind waarop besluit is dat die vier Koloniale gebiede t.o.v. die eksamens, diplomering en selfs kursusse moet saamwerk om groter uniformiteit in die soort van onderrig te kry. Die komitee het egter gevind dat daar ŉ dringende behoefte bestaan en dat dadelik oorgegaan moet word om fasiliteite vir hoër wetenskaplike onderwys in die lewe te roep en tweedens tegniese onderwys vir persone wat meganiese wetenskappe tot beroep wil kies.[1)]

Ook is aanbeveel dat ŉ raad dadelik aangestel moet word om tegniese onderwys te organiseer en te beheer en dat die liggaam onafhanklik van die Onderwysdepartement moet staan, maar dat die Departement op die raad verteenwoordig moet wees. Deeltydse lektore moet in Durban sowel as in Pietermaritzburg die vaste personeel behulpsaam wees in die voorsiening van die onderrig in al die vakke waarvoor daar aanvraag is. Die Administrasie moet waargeneem word deur ŉ sekretaris van die Raad, ŉ Klerk in Pietermaritzburg en ŉ registrateur of assistent-sekretaris in Durban, terwyl in die kleiner dorpe die plaaslike deeltydse lektore die klerklike werk kan waarneem totdat ŉ sekretaris geregverdig word. Punt 8 van die aanbevelings wil in oorlegpleging met die ander Koloniale gebiede ŉ skool vir korrespondensie skep om die hele land te bedien, ten einde die oorsese korrespondensieklasse te vervang. Verder is versoek dat die owerheid daartoe moet oorgaan om die nodige laboratoria en werklokale beskikbaar te stel sowel as die klaslokale en apparaat. Punt 12 lui dat sowel die administrasie van die departementele kunsskole in Durban en Pietermaritzburg as die tegniese toelaes (behalwe die gedeelte van die begroting vir laerskool onderrig in die tegniese rigting) aan die voorgestelde Raad oorgedra

---

1. Aanbeveling van "Technical Education Commission" Mei, 1905.

moet word instede van aan die Departement.[1]

Mudie het egter ŉ minderheidsrapport uitgebring waarin hy o.a. in par. 18 en 23 verklaar:

> "I should strongly advocate the creation of local education committees of three or five members to consolidate, direct and control the heterogeneous and extraneous work done by local technical and continuation classes."

Die toelaes wat deur die owerheid aan die klasse se organiseerders betaal word, kan dan aan die plaaslike komitees betaal word. Verder beveel Mudie aan dat die twee kunsskole onder die beheer van die Onderwysdepartement moet bly, aangesien hulle nuwe gewysigde vorms gekry het en moontlik nuwe lewe sal kry.

> "As the Art Schools are Government and day institutions, they might remain, for time being, at any rate, under the immediate control of the Education Department."[2]

(I) Durbanse Tegniese Instituut

Die plaaslike komitees soos Mudie dit voorgestel het, het heel in die smaak geval van manne soos S.G. Campbell, ŉ mediese praktisyn in Durban wat ŉ uitnodiging gerig het aan die burgemeester van Durban, gedateer 22 Maart 1907 waarin hy die stadsvaders vra om hom by te staan in die stigting van hoër onderwysfasiliteite, aangesien die Parlement vuriglik teen hoër onderwys te velde trek en die S.O. met sy lokale beheerliggame vir elke stad of dorp vir die oprigting van beroepskole volhou. Op 4 April is in die huis van dr. Campbell ŉ vergadering gehou van vooraanstaande inwoners van die stad onder voorsitterskap van Sir Benjamin Greenacre.[3] Nadat verskeie standpunte gestel is, het W. Dryden Cunningham, ŉ persoon wat self aandklasse in die stad reël, beweer dat die "one man's shows" niks tot stand bring nie en ook die Departement kritiseer oor die aandskool in Russellstraat wat ook ŉ sukkelbestaan sal hê. Uiteindelik het dr. Campbell voorgestel:

---

1. Aanbevelings van "Technical Education Commission" Mei, 1905.van 1 - 12.
2. Minderheidsrapport van Mudie in 1905.
3. Hy was ŉ vooraanstaande en suksesvolle besigheidsman in Durban.

> "that this meeting is of opinion that a technical Institute should be founded in Durban, to be financed by the Corporation and Government and managed by a local Committee, with representatives from the Government, the Town Council and from Townsmen."1)

Nadat Mudie weer eens privaat aan dr. Campbell sy standpunt in sy minderheidverslag gestand gedoen het, is hy uitgenooi om die nuwe Raad van 15 lede in Durban te ontmoet en daar het hy bekend gestel dat hy aan die Raad al die deeltydse klasse wat deur die Departement onderneem is, sal oordra plus die R3,000.00 wat jaarliks aan die soort onderrig in Durban bestee is. Daarvoor het Mudie egter die reg geëis om personeel aan te stel en kursusse voor te skryf. Dit is van die hand gewys en ʼn kompromis het die saak opgelos toe die Departement in stede van 2 soveel as 5 verteenwoordigers op die Raad gekry het, asook die reg om die inrigting te inspekteer - ʼn reg wat die Raad beskou het as van min waarde in die beheer van die inrigting. Die komitee wat voortaan bekend sal staan as die Raad van die Tegniese Instituut, is saamgestel toe al die betrokke partye t.w. die oorspronklike Komitee, die Onderwysdepartement, die stadsraad van Durban en die Natalse spoorweë hul verteenwoordigers aangewys het. Die Raad is op 8 Augustus 1907 gekonstitueer met dr. Campbell as voorsitter en sy sekretaresse en tesouriere. Die instituut het begin funksioneer en die haas waarmee dit geskied het, was verantwoordelik dat die inrigting nie gewettig is nie.

> "Although the desirability of promoting a private Bill in the Legislature, with a view to securing legal incorporation, was recognised and discussed, to avoid delay the alternative procedure was followed and the Council merely consituted itself."

Die Raad het homself gekonstitueer en reëls en regulasies neergelê in die nuwe konstitusie wat ingestel is,

> "and no attempt was made to incorporate the Institute until the passing of the Higher Education Act in 1923."2)

---

1. Notule van Stigtersvergadering: Campbelldokumente 4 April 1907.
2. Rees: The Natal Technical College 1907 - 1957, 25. N.B. Die Natal Technical College is in 1923 as ʼn "verklaarde" inrigting vir Hoër onderwys oorgeneem. Sien Finansiële Verhoudingswet (nr. 5 van 1922, seksie II).

Die Raad het drie subkomitees aangestel en lewendig is oor die belange van die inrigting gewaak deur die Studiokomitee, die Klasbesoekkomitee en die Finansiële Komitee. Die nuwe hoof, Narbeth, is uit Engeland ontbied om die inrigting tot groot hoogtes te lei.

(II) Pietermaritzburgse Tegniese Instituut

Die Pietermaritzburgse Tegniese Instituut het ontstaan uit 'n geregistreerde maatskappy wat handelsonderwys in Pietermaritzburg aan voornemende klerke voorsien het.[1] Toe die maatskappy in 1909 by die Onderwysdepartement om 'n hoër toelae gevra het, het die Departement onmiddellik 'n kommissie[2] benoem om die voorsiening van tegniese en handelsonderwys in Natal te ondersoek en op 5 November 1909 het die Sekretaris van Onderwys aan die betrokke lede, 15 in getal, geskryf om te verneem of hulle bereid sal wees om te dien op 'n Raad vir 'n Tegniese Instituut wat die Departement van voornemens is om te stig.

> "The Government will be prepared to assist the Institute in every way by making money grants commensurate with the requirements and the work done."[3]

Die eerste vergadering van die Raad is op 30 November 1909 in die kantoor van die Onderwysdepartement gehou en is adv. Tatham as voorsitter, S.J. Mason as tesourier en R.A. Gowthorpe as sekretaris gekies.[4] Die S.O. het hulle daar meegedeel dat die "Maritzburg Business College" oorgeneem kan word en dat dit reeds 94 leerlinge in handelskursusse ingeskryf het. Die aanbod van R800.00 vir meubels en apparaat is aanvaar en is die eerste klasse vir tegniese werk in die stadsaal in Pietermaritzburg begin, terwyl die lokale in die Y.M.C.A.-saal behou is vir die handelsrigting. Geleidelik het die Raad die werk uitgebrei deur die verskillende vertakkinge van aandklasse in die stad oor te neem.[5]

---

1. Die Maritzburg Business College Ltd. het R2.00 aandele uitgegee in 1905.
2. Die kommissie het bestaan uit verteenwoordigers van die Stadsraad, die Regering, die Spoorweë, die Poswese en die Maritzburg Business College.
3. Aangehaal uit brief van Sekretaris van Onderwys op 5 November 1909.
4. McClelland, Axelson en Esterhuizen: The Pietermaritzburg Technical College 1910 - 1960, 13.
5. Ibid., 13.

Die Raad het op sy eerste vergadering ŉ konstitusie opgestel en ook huishoudelik reëls waarvolgens vergaderings gehou sal word.[1] By die oordraging van die eerste toelaes het die Raad gevra dat die owerheid dit direk aan die Raad beskikbaar stel en nie aan die Onderwysdepartement nie

> "as this may lead to difficulties particularly when the seat of government moved from Pietermaritzburg to Pretoria."[2]

Die eerste bedrag is dan ook vir ŉ gedeelte van die jaar (1 Februarie - 30 Junie 1910) direk aan die Raad oorgedra

> "before any major change in the administration of government was brought about."[3]

Uit die notule van die tiende vergadering word gemeld dat die Raad geweier het om betaalstate van gelde wat ontvang is aan die Onderwysdepartement voor te lê

> "as the Council does not recognise the authority of the Department in any matters connected with the Institute."[4]

Deur beïnvloeding van Narbeth van die Natal Technical College, Durban, is op 22 Augustus 1910 aan die Administrateur gevra om ŉ verteenwoordiger van die Onderwysdepartement op die Raad te benoem en is besluit om kwartaalliks state in te lewer oor die inskrywing aan die kollege, asook om inspeksie deur die Departement toe te laat.

> "The Technical Council was obviously jealous of its autonomy and had no intention of allowing any of its powers to be curbed. It considered itself responsible directly and only, to the Government."[5]

Seymour Hosley, die hoof van die "Maritzburg Business College" is as hoof van die Tegniese Instituut aangestel en in November 1910 rig hy ŉ skrywe aan die Raad sowel as aan die "The Natal Witness", wat vir

---

1. McClelland, Axelson en Esterhuizen: The Pietermaritzburg Technical College 1910 - 1960, Bylae B.
2. Notule van Raadsvergadering 22 Maart, 1910.
3. Ibid., 5 April, 1910.
4. Ibid., 8 Julie, 1910
5. Ibid., 22 Augustus, 1910.

die Minister van Onderwys bedoel is, waarin hy die nasionalisering van tegniese onderwys bepleit omdat die uiteenlopendheid van die werk in die land tot nadeel van die volk strek. Kort daarna het gnl. Smuts dit bewerk dat R40,000.00 aan die Raad geskenk word vir die oprigting van geboue instede van die klerefabriek wat in 1909 vir Pietermaritzburg beplan was.[1] In 1915 het Tatham oorsee gegaan en is dr. Russell Strapp as voorsitter van die Raad gekies. Dit was die gebruik dat wanneer 'n lid van die Raad uittree deur bedanking, die Raad self 'n plaasvervanger aanbeveel om deur die Regering aangestel te word.[2] Hierdie Raad was nooit 'n geïnkorporeerde liggaam nie en eers nadat dit vervang is deur die nuwe Raad wat kragtens Wet nr. 30 van 1923 op 12 Augustus 1926 in die lewe geroep is, is aangekondig dat die Raad voortaan 'n "Corporate Body in which all rights and powers of the government of the College were vested" is.

(c) Samevatting

Natal het ook in die gewone skole die handwerkvakke ingevoer ter wille van moontlike toekomstige beroepe. Waar beroepsonderrig besonder lank agterweë gebly het, dien daarop gelet te word dat die tegniese onderrig dadelik op die regte wyse aangepak is. Die tegniese en beroepsonderrig is deur plaaslike komitees beheer waarvan die S.O. die minderheid benoem om sekere belange beslis verteenwoordiging te gee. Hierdie liggaam het die belange van die jong beroepslui op die hart gedra en op direkte en selfs indirekte wyse by die beroepsopleiding persoonlik belang gehad.

Slegs drie inrigtings het teen 1915 tegniese en beroepsonderwys aan toekomstige beroepslui voorsien. Die twee tegniese institute is deur rade beheer wat sonder enige wetgewing gekonstitueer is, terwyl die Westonse Landbouvakskool soos al die ander skole direk onder die S.O. se direkte toesig gestaan het. Albei eersgenoemde inrigtings

---

1. Pietermaritzburg Corporation Year Book 1910 - 1911, 30.
2. Art. 6 van die konstitusie bepaal die prosedure en die Raad het dit self opgestel sonder dat dit ooit gewettig is.

het slegs die S.O. toegelaat om ŉ minderheid van die lede op die rade te benoem en inspeksie van gedane werk te doen. Die Beheerrade was bang om seggenskap aan die Onderwysdepartement toe te staan omdat dit nie onder die Unieregering wou sorteer as die onderwys oorgeneem word nie. Nouliks het hulle kon dink dat hulle deur omstandighede waaroor hulle geen beheer gehad het nie, direk begeer het om binne onafsienbare tyd onder die Unieregering te sorteer.

## 6. 'N KRITIESE BESKOUING

By wyse van ŉ vergelyking van die beheerstelsels in swang in die vier unifiërende gebiede kan op die verskilpunte, die punte van ooreenkoms en die tekortkoming in die stelsels gelet word. Daar dien op gewys te word dat al vier die aparte state geleidelik ŉ aparte onderwysdepartement met ŉ eie hoof gekry het terwyl daar verskeie ander vorms van beheer voor 1910 bestaan het. Die stelsel is dus ŉ geleidelike voortvloeisel uit die ontwikkelingsgeskiedenis van die aparte gebiede en dus kenmerkend van die karaktereienskappe van die nasies en die owerhede wat in die vorige tyd regeer het.

Aan die hoof van die Departement van Onderwys was die Superintendent-generaal in Kaapland, die Superintendent in Natal, die Direkteure van Onderwys in Transvaal en die O.V.S.. Hierdie Departementshoofde het direk onder die Administrateurs en Uitvoerende Komitees van die Provinsies gestaan. Elke Onderwysdepartement beskik oor ŉ administratiewe personeel vir die klerklike werk, ŉ professionele personeel wat inspeksie by skole doen en die departementele belange tot die verste hoeke van die gebiede uitdra. Die inspekterende personeel t.o.v. die tegniese en beroepsonderwys het egter in funksie en wese in elk van die gebiede verskil, aangesien die instrukteurs in Kaapland nie net streke geïnspekteer het nie, maar selfs net sekere soorte beroepskole in daardie streke, terwyl Natal net vir dogters en vir seuns elk ŉ instrukteur vir inspeksie gehad het. Daarenteen het die O.V.S. se gewone skoolinspekteurs ook die tegniese en beroepskole vir inspeksie besoek en in Transvaal het een organiserende instrukteur al die seunswerk geïnspekteer en so ook is die dogters se werk deur een huishoudkundige inspek-

trise ondersoek. Die instrukteurs in Kaapland het ŉ laer status as die gewone skoolinspekteurs gehad, terwyl dit ŉ gelyke status in Transvaal was en in Natal het die indruk bestaan dat die status selfs in sekere opsigte hoër was.

Dit dan wat die sentrale beheer betref. Ten opsigte van die plaaslike beheer was die verskille diepliggender en omvangryker. In Natal het die plaaslike Rade uit die stigters van die skole bestaan en uit lede wat by die soort skole direkte belang het. Vir ŉ sekere donasie van die Onderwysdepartement is die S.O. toegelaat om vyf lede op die Raad te benoem en dit dan verder ongehinderd te laat voortgaan. Die beheerregulasies is nooit by wyse van wet vasgelê nie en is deur die Raad self georden en gewysig om by omstandighede aan te pas. Vandaar dat Rees in sy boek verklaar: "vocational education (in Natal) on the other hand, was a more haphazard affair."[1)]

Soos in Natal het die tegniese en beroepskole in Kaapland ook deur belanghebbende openbare persone ontstaan, maar die beheer was in die hande van Komitees wie se magte en regte deur die wet bepaal en gewysig is. Daar was wel ŉ groot verskeidenheid soorte skole waarvoor daar reëls en regulasies bestaan het, maar die departement het steeds ŉ houvas op die soort skole gehad. In die O.V.S. het die skoolkomitees deur die skoolrade aanbevelings vir die oprigting en instandhouding van industriële skole gemaak, maar sodra die skool tot stand gekom het, het ŉ spesiale komitee die hele funksionering waargeneem. Hierdie komitee se regulasies is deur die Departement van Onderwys geproklameer en in die Provinsiale Koerant gepubliseer. Die lede van die komitee is deur die Direkteur op aanbeveling van die skoolhoof aangestel.

Transvaal het sy handwerkvakke by sy gewone skoolstelsel gevoeg en is die beheer ook deur skoolkommissies waargeneem behalwe in die geval van die ambagskole en die industriële skole waar spesiale rade saamgestel is uit stigterslede en verteenwoordigers van verskeie openbare liggame. Wanneer ŉ vakature op die Beheerrade voorkom, is dit deur

---

1. Rees: The Natal Technical College 1907 - 1957, 3.

aanbeveling van die rade weer deur die Direkteur aangevul.

Elke tegniese en beroepskool behoort 'n beheerkomitee te hê wat die belange van die omgewing ken, ten einde die regte personeel vir aanstelling uit te soek. Ook behoort elke Raad die reg te hê om vakkouses vir die betrokke skool aan te dui, maar slegs in aanvulling tot 'n grondliggende studie wat deur die Departement beplan en neergelê is. Die eksamen behoort egter Uniaal te wees om uniform te wees.